

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0198463



11100352530122000019

DIE IMPLEMENTERING VAN ENKELE DIDAKTIESE
BEGINSELS BY DIE ONDERRIG VAN REKENING-
KUNDE IN DIE JUNIOR SEKONDÊRE SKOOLFASE

deur

TOBIAS HENDRIK DE WAAL

B.Com., B.Ed.

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike
vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die Departement Algemene Didaktiek van
die Fakulteit van Opvoedkunde aan die
Universiteit van die Oranje-Vrystaat,
Bloemfontein.

Studieleier: Prof. Dr. N.T. van Loggerenberg

Januarie 1977.

DANKBETUIGING

My dank en waardering aan:

Prof. N.T. van Loggerenberg, my studie-leier, vir sy vriendelikheid, opbouende kritiek en waardevolle wenke. Dit word baie hoog waardeer.

OVS Onderwysdepartement, vir ses maande studieverlof aan my toegestaan.

Mev. J.E. Myburgh vir die taalkundige versorging van hierdie verhandeling.

Mev. A. Victor vir die deeglike wyse waarop sy die tikwerk behartig het.

My eggenote, vir bemoediging, inspirasie, belangstelling en opofferings. In diepe erkentlikheid word hierdie werk aan haar opgedra.

My nederige dank aan my Skepper vir insig en geleentheid my gegun om hierdie werk te kon voltooi. Aan Hom al die eer.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK I

PROBLEEMSTELLING EN PROGRAMAANKONDIGING

1. Inleiding	1
2. Die doel van die ondersoek	3

HOOFSTUK II

REKENINGKUNDE AS SKOOLVAK

1. Die onderskeid tussen rekeningkunde en boekhou	5
2. Die funksies van rekeningkunde	7
3. Die belangrikheid van rekeningkunde as skoolvak	8
4. Die korrelasie van rekeningkunde met ander handelsvakke	9
5. Die eise wat sakemanne aan rekeningkunde-onderrig stel	12
6. Die leemtes van rekeningkunde-onderrig	14
7. Die doelstellings van rekeningkunde-onderrig .	17
7.1 Inleiding	17
7.2 Algemene doelstellings	18
7.3 Besondere doelstellings	21
8. Die opvoedkundige en praktiese waarde van rekeningkunde vir die leerling	22
9. Die besondere didaktiese struktuur van rekeningkunde-onderrig	24
9.1 Die rekeningkunde-leerstof	25
9.2 Die rekeningkunde-leerling	26
9.3 Die rekeningkunde-onderwyser	28
9.3.1 Inleiding	28
9.3.2 Die uitdaging van rekeningkunde-onderrig aan die onderwyser	30
9.3.3 Beroepservaring	32
9.3.4 Die rekeningkunde-onderwyser en sy professie	34

9.3:5	Die eienskappe van n goeie rekeningkude-onderwyser	36
10.	Handskrif en netheid in rekeningkunde-onderrig	39
11.	Die plek van rekene in rekeningkunde-onderrig	42
12.	Die plek van taal in rekeningkunde-onderrig	44
13.	Samevatting	47

HOOFSTUK III

PSIGOLOGIES-DIDAKTIESE BEGINSELS BY DIE ONDERRIG VAN REKENINGKUNDE

1.	Inleiding	49
2.	Die beginsel van doelgerigtheid	49
3.	Die beginsel van beplanning	52
4.	Die beginsel van individualisering	52
5.	Die beginsel van geheelsiening (totaliteitsbeginsel)	55
6.	Die beginsel van motivering	58
7.	Die beginsel van aanskouing (belewing)	62
8.	Die beginsel van leerlingsselfaktiwiteit of selfwerkzaamheid	62
9.	Die beginsel van sosialisering	63
10.	Die beginsel van bemeestering	66
11.	Die beginsel van evaluering	69
12.	Samevatting	71

HOOFSTUK IV

DIE BEGINSEL VAN BEPLANNING BY REKENINGKUNDE-ONDERRIG

1.	Inleiding	73
2.	Voordele van beplanning	74
3.	Die vereistes vir goeie beplanning	74
4.	Werkskema	76

5.	Die lesplan as onderrigtegniek in rekeningkunde	84
5.1	Omskrywing	84
5.2	Die waarde van 'n goeie lesplan	85
5.3	Vereistes vir die opstel van 'n behoorlike lesplan	85
5.4	Die vorm van die lesplan	87
6.	Is skriftelike lesbeplanning in rekeningkunde noodsaaklik?	95
7.	Beplanning van huiswerkopdragte	97
8.	Beplanning van aanvangsonderrig in rekeningkunde	103
9.	Onderwyser-leerlingbeplanning	112
10.	Samevatting	116

HOOFSTUK V

DIE BEGINSEL VAN AANSKOUING BY REKENINGKUNDE-ONDERRIG

1.	Wat is aanskouing?	118
1.1	Aanskouing as waarneming van die uiterlike wêreld	118
1.2	Aanskouing as beleving van die innerlike wêreld	119
1.3	Aanskouing is ook die uitbouing van die voorstellings-wêreld	119
2.	Die bewussynslae	120
3.	Die gebruik van aanskouingsmateriaal	122
4.	Onderrighulpmiddele in rekeningkunde-onderrig	125
4.1	Inleiding	125
4.2	Die rekeningkunde-vakklaskamer	125
4.3	Die skryfbord en kolomopskrifkartonstroke ..	127
4.4	Die aanspeldbord	130
4.5	Handelsdokumente	131
4.6	Masjiene as hulpmiddel	134

4.7	Stel(le) boekhouboeke	136
4.8	Flitskaarte	137
4.9	Die opvoedkundige film	139
4.10	Truprojektor en transparante	141
4.11	Die bandopnemer	143
4.12	Die gemeenskap as hulpmiddel	144
4.12.1	Bedryfsbesoeke	145
4.12.2	Gassprekers	147
5.	Samevatting	148

HOOFSTUK VI

DIE BEGINSEL VAN LEERLINGSELFAKTIWITEIT OF SELFWERK- SAAMHEID BY REKENINGKUNDE-ONDERRIG

1.	Inleiding	150
2.	Selfwerkzaamheid is onontbeerlik in rekeningkunde-onderrig	150
3.	Die rol van die rekeningkunde-onderwyser in die toepassing van die beginsel van leerlingselfwerkzaamheid	152
4.	Metodes en tegnieke om selfwerkzaamheid te bevorder	154
4.1	Probleemoplossende leeraktiwiteite	155
4.2	Die leergesprek	158
4.2.1	Begripsbepaling	158
4.2.2	Die waarde van die leergesprek	159
4.2.3	Implementeringsmoontlikhede van die leergesprek	160
4.3	Die klasgesprek	162
4.3.1	Begripsbepaling	162
4.3.2	Die waarde van die klasgesprek	162
4.3.3	Die rol van die onderwyser in die klasgesprek	163
4.4	Die projekmetode	164

4.4.1	Begripsbepaling	164
4.4.2	Toepassing van die projekmetode	165
4.4.3	Projekte vir st. 7	165
	(a) n Studie van bepaalde aspekte van die rekeningkundige stelsel van n sakeonderneming	166
	(b) Inskakeling van leerlinge by rekeningkundige werksaamhede van die skool	169
4.4.4	Voordele van die projekmetode	169
4.5	Die rekeningkunde-laboratorium	170
4.6	Die gebruik van die handboek	173
4.7	Oefenstelle	175
4.7.1	Inleiding	175
4.7.2	Voordele van n oefenstel	177
4.7.3	Prosedure in verband met die gebruik van oefenstelle	177
4.8	Die begripsboek (plakboek)	182
5.	Samevatting	183
6.	Toekomspektief	184
7.	Slotsom	185
	BIBLIOGRAFIE	186
	BYLAE	199

HOOFSTUK I

PROBLEEMSTELLING EN PROGRAMAANKONDIGING

1. Inleiding

Die skool is n eiesoortige, Godgewilde samelewingsverband. Vanweë sy unieke eie aard het die skool n eie taak en terrein. In primêre onderwys gaan dit meer om algemene onderwys, maar sekondêre onderwys is reeds aanvanklik spesifiek en beroepskundig; dit moet die leerling voorlig waar sy plek in die samelewing sal en kan wees en hom reeds begin voorberei vir die bekleding later van die regte plek (Coetzee, 1947, pp.12-13).

In hierdie verhandeling word aandag gegee aan een bepaalde vertakking van sekondêre onderwys, naamlik rekeningkunde-onderrig. Dit impliseer dat dit hier gaan om die bybring van bepaalde vakkennis, kundighede en vaardighede en dat die aandag meer in besonder op die ontwikkeling van n bepaalde sy van die mens gerig word, naamlik die intellektuele of verstandelike sy. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie, dat enige onderwysituasie in werklikheid ook n opvoedingsituasie is - in wese steungewing deur n volwassene aan n onvolwassene, met die bedoeling om die onvolwassene (of kind) te help om mondig te word, dit wil sê, hom te help om selfstandig sy lewenstaak te volbring (Van Loggerenberg, 1966, pp.27-28).

Geen vakonderwys op sekondêre vlak kan met sukses bekroon word, as die onderwyser nie goed onderleg is in die pedagogiek nie. Trouens die bybring van vakkennis, die aankweek van wetenskaplike insig en die assimileer van wetenskaplike werkmetodes rus op n grondige kennis van die fisiologiese, psigiese en religieuse ontwikkeling van die leerling (Luwel, 1968, p.11). Sonder deeglike kennis van die kind in sy totaliteit sal die lewering aan die samelewing van n gebalanseerde eindproduk, wat die hoogste koördinasie tussen vakvaardigheid en integriteit besit, nie moontlik wees nie (Van Wyk, 1972, p.5).

Kennis van

Kennis van die grondslae van die pedagogiek is noodsaaklik maar nie voldoende om op n geordende, wetenskaplike en doeltreffende wyse kennis en die bybring van n gepaste wetenskaplike werkmethode te verseker nie. Die hoofsaak van die onderwyser is tog immers om die leerstof van sy vak na die kind toe te bring en wel op n vir hom verstaanbare wyse. Om dit doeltreffend te kan doen, vereis ook kennis van die algemene didaktiek en veral kennis van die besondere vakdidaktiek.

Wet nr. 41 van 1967 het n einde gemaak aan verdeelde onderwysbeheer in SA en volgens genoemde wet, is die verskillende provinsies voortaan verantwoordelik vir alle voltydse skoolopleiding tot en met die standerd 10-vlak. Hierdie nuwe onderwysbedeling asook die feit dat leerlinge met handelsvakke, onder sekere voorwaardes, ook n vrystellingsertifikaat kan verwerf behoort, volgens Malherbe (1973, p.2), n bloei-tydperk vir handelsonderwys in te lei. Dieselfde skrywer voorspel dat een gevolg van die gedifferensieerde onderwyspatroon van die huidige dekade is, dat daar n steeds groter toename in die aantal leerlinge, wat byvoorbeeld rekeningkunde as vak in sts. 6 en 7 gaan neem, verwag kan word (Malherbe, 1973, p.150). Dit alleen regverdig dat daar andermaal deeglik besin sal word oor die besondere didaktiek van hierdie vak, veral in die aanvangsjare.

Die stelling word gemaak dat die grootste druiipersentasie van studente op universiteit in die B.Com.-rigting is. Van alle studente wat vir die graad B.Com. inskryf, behaal 56,1 % nooit dié graad nie, terwyl die aantal eerstejaar studente wat hul eerste jaar aan universiteit in die B.Com.-rigting drui, wissel van 11,9 % tot 53,0 % aan die verskillende universiteite van Suid-Afrika (Malherbe, 1973, p.131). Alhoewel die skool nie alleen geblameer kan word vir hierdie toedrag van sake nie, spreek hierdie hoë druiersyfer elke handelsonderwyser, wat dit erns maak met die aanbieding van sy vak op skool, persoonlik aan.

Uit voor-.....

Uit voorgaande is dit duidelik dat handelonderwys in SA, en hier rekeningkunde-onderrig in besonder, eis dat didaktiese introspeksie voortdurend sal plaasvind. Die rekeningkunde-didaktikus moet die rekeningkunde-wetenskap in sy evolusie deurdink en nagaan of die ontwikkeling van die leerstof op die toegepaste didaktiese werkmetode in die klaskamer invloed uitoefen. Op die vlak van die praktiese onderwys sal hy talle vrae aan homself moet vra, byvoorbeeld: Sluit die huidige didaktiese benadering aan by die veranderde leerstof? Word die "klimaat" waarin rekeningkunde evolueer, in die klas ingebring? Geskied kennisoordrag in die lig van ekonomiese en maatskaplike werklikheid, of moet die nodige aanpassings gemaak word?, ens. (Luwell, 1968, p.25).

2. Die doel van die ondersoek

Die hoofdoel met hierdie ondersoek kom neer op die soek na psigologies-verantwoordbare metodes om rekeningkunde-leerstof op so n wyse aan te bied, dat die leerhandeling vir die leerling werklik n belewenis word. Eerstens sal nagegaan word wat die aard en wese van rekeningkunde as skoolvak eintlik behels en aan watter vereistes n goeie rekeningkunde-onderwyser behoort te voldoen.

Doeltreffende rekeningkunde-onderrig aan die junior sekondêre leerlinge, asook aan die meer senior leerlinge, sal alleen moontlik wees indien noulettend rekening gehou word met n aantal omvattende psigologies-didaktiese beginsels of kernprosedures. In hoofstuk III word tien didaktiese beginsels geformuleer, wat noodsaaklik is vir die toepassing van goeie onderrigmetodes in rekeningkunde.

Die implementering van hierdie tien beginsels in die klaskamer, dek weens die belangrikheid en omvang van elke beginsel, n wye studieterrein. Derhalwe word in hierdie verhandeling slegs aandag gegee aan drie beginsels, soos van toepassing in die Junior Sekondêre Skoolfase.

In hoofstuk

In hoofstuk IV word die beginsel van beplanning bespreek en word verwys na die waarde van deeglike beplanning van die leersituasie, sodat die leerling doelgerig ingeburger kan word in die planmatigheid, orde, sisteem en eie denkmetodes van rekeningkunde.

n Uiters belangrike aspek by die onderrig aan junior sekondêre leerlinge, is die gebruik van hulpmiddels. Hoërskoolleerlinge wil graag meedoen, ervaar en belewe. Hiertoe bied rekeningkunde pragtige geleenthede, indien die onderwyser daarin kan slaag om die teoretiese en die praktiese aspekte van die vak soveel moontlik te integreer en te korreleer. Vervolgens word dan in hoofstuk V stilgestaan by die beginsel van aanskouing en word verskillende hulpmiddels bespreek wat by rekeningkunde-onderrig nuttig gebruik kan word.

In hoofstuk VI word van die standpunt uitgegaan dat by enige leersituasie, wat resultate van n blywende aard voortbring, kinderaksies veronderstel word. Rekeningkunde is n "doenvak" of beoefeningsvak en daarom is die beginsel van leerling-selfkaktiwiteit of selfwerkzaamheid onontbeerlik vir effektiewe rekeningkunde-onderrig. Gevolglik word verskillende metodes en tegnieke om selfwerkzaamheid te bevorder, van nader bekyk.

HOOFSTUK II

REKENINGKUNDE AS SKOOLVAK

1. Die onderskeid tussen rekeningkunde en boekhou
Die begrippe rekeningkunde en boekhou is al dikwels in handboeke, sillabusse en die algemene spreektaal in dieselfde sin en as sinoniem gebruik, maar in werklikheid is dit twee afsonderlike begrippe; daarom moet die onderskeid duidelik aangetoon word.

Boekhou kan omskryf word as die tegniek om n persoon of onderneming se geldelike transaksies so op te teken vanaf brondokumente, dat hy presies kan vasstel wat sy geldelike omstandighede is (Robbertse, 1971 p.19) Luwell (1968, p.73) sien dit as "een verdraagde ekonomiese film" van wat presies binne in die onderneming afspeel. Rekeningkunde weer kan omskrywe word as die wetenskaplike ontleding en vertolking van daardie geldelike transaksies ten einde besigheidsbeleid en -prosedure te bepaal (Jooste, 1968, p.35).

Bogenoemde onderskeiding word duideliker as die pligte van n boekhouer en rekenmeester nagegaan word. Die boekhouer sorteer die handelsdokumente, teken die transaksies aan en sluit die rekeninge af aan die einde van die bedryfsperiode. Hy is verantwoordelik vir die rekenkundige en boekhoukundige korrektheid van alle resultate wat bereik is. Van hom word verwag dat hy sistematies moet wees in sy werk; sy werk stiptelik en akkuraat afhandel; besondere netheid in sy werk aan die dag lê; betroubaar is en sy werk met groot verantwoordelikheid doen, want die sukses van die onderneming hang in n groot mate af van sy optrede (Robbertse, 1974 a, pp.14-15). Die rekenmeester besin oor die stelsel van boekhouding, ontwerp die nodige vorms, boeke en voorskrifte van die prosedures, oefen behoorlike kontrole oor die boekhouding van alle geldelike transaksies uit, oefen deeglike begrotingskontrole uit nadat die geldtransaksies geboekstaaf is, beslis watter....

beslis watter vorm die finansiële state sal aanneem, sorg vir die afhandeling en die vertolking daarvan en adviseer die topbestuur van die onderneming (Eksteen, 1970, p.15)

Rekeningkunde begin dus in n sekere sin waar boekhou eindig, alhoewel geen waterdigte onderskeiding gemaak kan word nie. Volgens Eksteen (1970) is boekhou die meer meganiese wat op roetine berus, terwyl rekeningkunde n instrument is in die hande van die bestuur van die onderneming wat o.a. aangewend word vir historiese finansiële vergelykings, vasstelling van neigings, begrotings en vooruitskattings (p.15).

Rekeningkunde vind sy beslag in handel want uit handelsbedrywigheide ontstaan finansiële transaksies en gerieflik ontwerpte rekeningboeke. Die boekhoustelsel wat in die praktyk gevolg word, moet gevolglik aangepas word by die soort handelonderneming omrede verskillende soorte ondernemings verskillende eise stel aan hulle boekhoustelsel; verouderde en uitgediende praktyke plek moet maak vir nuwe praktyke en prosedures; daar in die moderne sakelewe n toenemende neiging is tot verkorte metodes en vereenvoudiging, terwyl masjiene al hoemeer indiens geneem word. Wat belangrik is vir die onderwyser en leerling op skool, is dat die grondbeginsels van rekeningkunde, soos dit oorspronklik aangeleer is, altyd dieselfde bly, maar in die praktyk word dit op baie maniere toegepas (Robbertse, 1971, p.19).

n Vergelyking van die inhoud van die sillabus vir rekeningkunde, en hier meer spesifiek die sillabus van die Junior Sekondêre Skoolfase, met die pligte van die boekhouer en rekenmeester respektiewelik bring aan die lig dat onderrig op skool n meer boekhoukundige karakter het (Vgl. Rekeningkunde-kernsillabus, 1972, pp.3-18). Die vraag kan hier gestel word of die huidige benaming "Rekeningkunde" korrek is en of die benaming "Boekhou" nie meer van pas sou gewees het in die junior klasse nie? Vir Hartman (1972) lê die kern van die

van die saak opgesluit in die benadering tot die vak (p.31). Word te veel klem gelê op die boekstawings- en verslagdoeningsfunksies word die indruk geskep dat dit n leer-deur-doen-vak is, en is die benaming "Boekhou" geregverdig. Val die klem op die oordrag van rekeningkundige begrippe en beginsels en die daaruitvoortspruitende rekenkundige logika is die huidige omskrywing "Rekeningkunde" n presiese aanduiding van die benadering wat gevolg moet word. So n benadering moet noodwendig lei tot n verskuiwing van n leer-deur-doen-vak tot n begripvak wat die leerlinge se analitiese vermoë en insig in moderne rekeningkundige wetenskapsbeoefening ontwikkel.

2. Die funksies van rekeningkunde

Vir die rekeningkunde-onderwyser is dit van belang om n duidelike beeld te hê van die belangrike funksies wat rekeningkunde as wetenskap vervul in die sakewêreld, want dit gee rigting aan die metodiek wat hy in die klaskamer gaan volg.

i) Die funksie van boekstawing of rekordhouding, alhoewel meer van n roetine aard, kan as die primêre funksie van rekeningkunde beskou word. Die geldelike transaksies van die firma word aangeteken in finansiële- of rekeningboeke (hulpboeke en die grootboek) en statistiese of memorandumboeke (byvoorbeeld: voorraad- en koste-boeke van n fabriserende firma of die polisregisters van n versekeringsmaatskappy (Wulfsohn, 1950, p.5).

ii) Die verslagdoeningsfunksie bestaan uit die opstel van finansiële-state (finale-rekeninge en-balansstaat), verslae en finansiële ontledings vir die bestuur van die onderneming (Andruss, 1943, p.11).

iii) Rekeningkunde vervul die belangrike funksie van vertolking, d.w.s. die gebruik van tendense en verhoudings om die finansiële posisie en beleid van die sake-onderneming te beoordeel (Eksteen, 1970, p.15).

iv) Die prospektiewe funksie van rekeningkunde dien as hulpmiddel vir die bestuur in vooruitskattings en begrotings.

v)

v) Rekeningkunde vervul n kontrolefunksie want rekeningkundige inligting toon aan wanneer nie aan die verwagtings van die bestuur voldoen word nie en korrektiewe maatreëls gevolglik getref moet word (Eksteen, 1970, p.15).

3. Die belangrikheid van rekeningkunde as skoolvak

Alle fasette van onderwys, byvoorbeeld kleuter- en laerskoolonderwys, akademiese- en beroepsonderwys is onderdele van een groot geheel en, aangesien die verskillende tipes van onderwys vir leerlinge na gelang van hul bepaalde behoeftes voorsiening maak, is dit ewe belangrik en mag die een nie minderwaardig geag, of ondergeskik aan n ander beskou word nie. Rekeningkunde verdien n regmatige plek op die skoolrooster en het n besondere bydrae te maak in die opvoeding van die hele kind. Andruss (1943) noem dat dit beweer word dat rekeningkunde vanaf die oprigting van die eerste handelskool in die VSA tot die huidige beskou word "as the backbone of commercial education" (p.58). Ook wat Suid-Afrika betref is rekeningkunde nie n blote brood-en-botter-vak, soos al beweer is nie, maar n vak met kultuurwaarde deurdadit ontplooiing van intelligensie, verruiming van blik en verhoogde belangstelling in menslike verhoudings bevorder (Du Toit, 1963, p.14).

Die funksie wat rekeningkunde in die praktyk vervul, het ingrypend verander in die afgelope paar dekades. Ongeveer n eeu gelede het die boekhouer die hele proses van rekordhouding alleen behartig. Vandag in die gespesialiseerde sakewêreld is hy slegs verantwoordelik vir n bepaalde onderafdeling van die rekeningkundige siklus en word die roetinewerk van rekordhouding by hom oorgeneem deur die elektroniese masjien. Die masjien skakel egter nie kennis van rekeningkunde uit nie, want die taak van die boekhouer of rekenmeester is om te besluit hoe die masjien ten beste aangewend kan word om die behoeftes van die betrokke onderneming te bevredig. Om dit te kan doen word grondige kennis van rekeningkundige beginsels vereis (Boynton, 1970, pp.4-6).

In die

In die vorige eeu en die eerste paar dekades van hierdie eeu is boekhouding hoofsaaklik gedoen met die oog op rekordhouding, maar vandag is sakemanne meer bestuursbewus en moet rekeningkunde in hierdie behoefte voorsien. Voeg daarby dat regerings doeltreffende boekhoustelsels vereis vir doeleindes soos die berekening van koopbelasting, inkomste-belasting en die nakoming van wetlike vereistes en formaliteite, en weens internasionale afhanklikheid van nasies rekeningkunde 'n internasionale probleem geword het, is dit duidelik dat rekeningkunde 'n unieke rol vervul in die ekonomiese lewe.

Alhoewel baie van bogenoemde fasette van rekeningkunde buite die studieveld val van die hoërskoolleerling, verbreed kennis daarvan die visie van die rekeningkunde-onderwyser en het dit waarde vir die rekeningkundige didaktiek. Boynton (1970) verklaar: "It should also indicate that bookkeeping-accounting cannot be taught in a vacuum, that it must continually be related to the daily activities of people, business, and government" (p.12).

Skrywer is van mening dat ouers vandag in toenemende mate besef dat rekeningkunde groot beroeps- en gebruikswaarde het en dat kennis van dié vak onskatbare waarde het vir die kind, of hy 'n rekeningkundige beroepsrigting gaan volg al dan nie. In dié verband beweer Andruss (1943) dan ook dat, in die voorbereiding van die adolessent om sy plek in te neem in die komplekse ekonomiese gemeenskap, dit noodsaaklik is dat elke hoërskoolleerling kennis sal opdoen van rekeningkunde sodat hy as toekomstige verbruiker van goedere en dienste die besigheidslewe sal verstaan (p.105). Rekeningkunde neem al meer en meer toe in gewildheid as skoolvak. In die Oranje-Vrystaat het daar in die afgelope aantal jare 'n sterk styging plaasgevind in die aantal leerlinge wat rekeningkunde neem en kan daar dus 'n steeds groter toename in die aantal leerlinge wat hierdie vak neem, in die toekoms verwag word (Malherbe, 1973, pp.150-152).

4. Die korrelasie van rekeningkunde met ander handelsvakke
Met die begrip "korrelasie van rekeningkunde met
ander

ander handelsvakke" word hier bedoel dat die onderrig-proses so gerasionaliseer word dat die werk verrig in een handelsvak ook n bydrae kan maak om die leerstof in n ander handelsvak te bemeester (Gartside, 1970, p.37). Handelsvakke soos rekeningkunde, bedryfsekonomie, ekonomie, handelsreg, handelswiskunde, snelskrif en tik, en andere, vorm n eenheid. Dit vul mekaar aan en alhoewel die verskillende vakke elk n afsonderlike studieterrein van die sake- en beroepslewe behartig kan dit nie in waterdigte kompartemente ingedeel word nie. Dit mag dus nie in isolasie onderrig word nie. Geen vak kan n bydrae maak tot die eenheidskarakter van handelsvakke as dit nie die bydrae van die ander handelsvakke ook in ag neem nie. Sonder korrelasie is duplikasie, gebrek aan ewewig en onvoldoende dekking van die studieveld van handelsvakke moontlik. Trouens, leerlinge verkry slegs n beeld van bepaalde aspekte van die handelslewe sonder om insig te verkry in die geheel (Gartside, 1970, p.37; Vgl. Malherbe, 1973, p.217).

Die leerling moet vanaf sy eerste kennismaking met handelsvakke ondervind dat handelsonderwys, alhoewel bestaande uit verskillende vakke, n eenheid vorm en as sodanig in die beroepslewe toegepas word. So byvoorbeeld maak die ekonomie n teoretiese studie van menslike behoeftes en hoe die behoeftes met die beperkte bronne beskikbaar bevredig word; die bedryfsekonomie gee aandag aan die praktiese in behoeftebevrediging; handelsreg dek die wetlike aspekte van kontrakte ten opsigte van handelstransaksies wat met die oog op behoeftebevrediging aangegaan word, terwyl rekeningkunde die rekeningkundige beginsels neerlê waarvolgens van al hierdie handelstransaksies noukeurig boekgehou word (Eksteen, s.j. p.103).

Die rekeningkunde-onderwyser moet, waar hy nie self die ander handelsvakke behartig nie, oorleg pleeg met sy kollegas sodat rekeningkundige leerstof gesinchroniseer kan word met verwante leerstof, met ander woorde, waar moontlik moet dit op dieselfde tydstip in die verskeie handelsvakke

handelsvakke gedoseer word. Op dié wyse word die leerling voorsien van n geheelbeeld van die ekonomiese lewe en kan beter verbandlegging plaasvind.

Rekeningkunde-onderrig sonder noue aansluiting by die bedryfsekonomiese aspekte van die handelspraktyk, moet noodwendig lei tot vorming van leerlinge wat wel die roetinewerk van rekeningkunde bemeester het maar wat weinig insig besit in die ware beginsels van rekeningkunde omdat hulle oor geen agtergrondkennis waarteen die transaksie plaasvind, beskik nie. Le Roux (1950) stel dit só: "Om boek te hou, beteken om die alledaagse transaksies en sakegebeure in die handel so aan te teken dat n rekord of geskiedenis van die handelsgebeure op so n wyse opgestel word, dat daaruit afgelei kan word hoe die onderneming vorder, waar dit swak is en in hoe verre die besondere onderneming geregverdig is. Om hierdie transaksies behoorlik te kan aantekene, is dit nodig dat die leerlinge nie alleen sal weet hoe dit gedoen word nie, maar hy sal ook die agtergrond waarteen die transaksies afspeel moet ken. Hy sal gevolglik moet kennis dra van die algemene gebruike, reëls en metodes waarvan die handel gebruik maak. Hy sal moet weet wat plaasvind wanneer sake gedoen word, hoe dit plaasvind en waarom dit plaasvind. Die aantekening van n reeks transaksies sal dus deur n verklaring van die werklike besigheidsprosedure voorafgegaan moet word" (pp.29-30).

Volgens Luwell (1968) moet hierdie koördinasie van rekeningkunde met bedryfsekonomie, trouens met alle handelsvakke, praktiese implementering vind in veral werksopdragte. Gedané werk in bedryfsekonomie, byvoorbeeld handelsdokumente kan pragtig ingeskakel word by die uitwerk van oefeninge waar die leerlinge hierdie dokumente gebruik om die onderskeie hulpboeke op te skryf. Vir die leerling het dit die voordeel dat die gewenste bedryfsekonomiese grondslag van rekeningkunde-onderrig bygebring word en sy opleiding n meer konkrete inslag kry. Die leerling kan nou self insien dat die aanleer van bedryfsekonomiese begrippe nie sinloos is nie, maar

nie, maar groot voordele inhou in n meer praktiese vak soos rekeningkunde (p.74).

Hoe noodsaaklik kennis van verwante handelsvakke vir rekeningkunde-onderrig deur die sillabus-komitee geag word, blyk duidelik uit die samestelling van die st. 6 en 7-sillabus (Rekeningkunde-kernsillabus 1972). Die leerling moet gekonfronteer word met bedryfseksies leerstof, byvoorbeeld die handelaar (sy funksies en die dienste wat hy aan die verbruiker lewer), liassering, versekering (p.3; p.14); met regs-wetenskaplike leerstof, byvoorbeeld regsaspekte van die tjek (p.14); met rekenkundige leerstof, byvoorbeeld hoofbewerkings, persentasies, wins-, korting-, en renteberekenings (p.9; pp.17-18). Die sillabuskomitee skryf verder voor dat hierdie korrelasie tussen rekeningkunde en verwante vakke moet, waar van toepassing, voortdurend plaasvind, met ander woorde, nie-rekeningkundige leerstof moet gereeld geïntegreer word by die rekeningkundige leerstof sodat die leerling n volledig beeld van die handelsgesbeure kan kry (p.2).

5. Die eise wat sakemanne aan rekeningkunde-onderrig stel

n Groot persentasie leerlinge wat in die rekeningkunde-klas aangetref word, sal later betrekings beklee in die beroepslewe wat in mindere of meerdere mate kennis van rekeningkundige beginsels vereis. Hoewel dit nie vir die skool moontlik is om dié soort praktiese opleiding te gee wat binne-in n kantoor moontlik is nie, omrede die omstandighede van n kantoor nie volmaak binne-in die klaskamer gedupliseer kan word nie, moet die rekeningkunde-onderwyser voortdurend rekening hou met die behoeftes van die praktyk. Hy moet homself afvra watter eienskappe en kwaliteite die sakewêreld as voorvereiste vir suksesvolle toetrede en volle ontplooiing van persoonlike vermoëns in die sakewêreld verlang (Du Toit, 1963, p.20).

In n studie wat in 1949 in die VSA gemaak is, is bevind dat n

dat n hoërskoolleerling en naskoolse student na voltooiing van sy opleiding oor die volgende moet beskik (American Accounting Association, 1953, p.66):

- i) kennis van basiese rekeningkundige beginsels;
- ii) voldoende taalkennis om homself eenvoudig, dog ondubbelsinnig uit te druk;
- iii) vermoë om met ander saam te werk;
- iv) netjiese, duidelik leesbare handskrif;
- v) kennis van, akkuraatheid en spoed in basiese rekenkunde; en
- vi) vermoë om onafhanklik, analities te dink en tot sinvolle gevolgtrekkings te raak.

Eksteen (1965), wat werkgewers se menings ingewin het oor skoolverlaters, meld dat hulle oor die algemeen as "redelik" evalueer kan word ten opsigte van: Ywer, oorspronklikheid, ondernemingsgees, behartiging van die firma se belange, trots in werk en afronding van taak, gebruik van gesonde verstand en uitvoering van taak, tydsbesteding en gewilligheid om ekstra takies te verrig (p.94). Werkgewers is egter van mening dat skole meer aandag kan gee aan die ontwikkeling van die volgende persoons- en karaktereienskappe: oorspronklikheid, die noukeurige volg van instruksies, ondernemingsgees en die gebruik van gesonde verstand in taakuitvoering (Eksteen, 1965, p.97). Volgens werkgewers behoort die volgende aspekte van rekeningkunde-onderrig spesiale aandag te geniet op skool (Eksteen, 1965, p.108): Opskryf van boeke van eerste inskrywing; oorboek na grootboek; optrek van proefbalans; joernaalinskrywings.

Werkgewers is ook van mening dat skoolverlaters besit n groot hoeveelheid teoretiese kennis maar bitter weinig oefening in die fundamentele rekeningkundige denkmetodes. "They seem to know what to do but not why" (American Accounting Association, 1953, p.67).

Dit blyk dus dat effektiewe rekeningkunde-onderrig alleen verskaf kan word, indien die onderwyser te alle tye die

tye die teoretiese en die praktiese korreleer en integreer want kennis van die een faset/komponent sonder die essensiële aanvulling, prikkeling, steun, verdieping en verryking van die ander moet noodwendig lei tot ondoeltreffende onderrig. Die goeie onderwyser sal dus gedurig brûe bou tussen die teorie en die praktyk. In hierdie "oorbrug-proses" moet sy onmiddellike daaglikse doelwit wees, die skepping van belangstelling by die leerling in beide teoretiese en praktiese rekeningkunde, die verkryging van leerlinge se samewerking om die doelstellings van rekeningkunde prakties te implementeer en die leerling op te voed tot 'n gelukkige, verantwoordelike wese want "as daar iets met die karakter verkeerd is, hoe hoog die intelligensie ookal is, is 'n sodanige persoon nooit 'n propositie nie, want die bestuurder moet vertrouwe hê in die woord, in die lojaliteit, in die eerlikheid en pligsgetrouheid van die amptenaar" (Eksteen, 1965, p.108). In die algemeen moet die onderwyser daarna streef om die skoolomstandighede 'n getroue weergawe van die werklike werksomstandighede te maak deur die leersituasies, metodes, prosedures en hulpmiddele, soos deur die skool aangebied, ooreen te laat stem met die werklike praktyk.

6. Die leentes van rekeningkunde-onderrig

Die aanklag teen rekeningkunde-onderrig op skool is al gemaak dat leerlinge 'n gebrek aan analitiese vermoë besit en nie oor die nodige hulpmiddels beskik, om die vertolking van rekeningkundige inligting met durf aan te pak nie (Joubert, 1973, p.17). Hierdie uitspraak dwing elkeen wat erns maak met die onderrig van rekeningkunde om kennis te neem van gesaghebbende sienings oor die doeltreffendheid, al dan nie, van rekeningkunde-onderrig.

Prof. Carr van die Loyola-universiteit, New Orleans, Illinois, VSA (aangehaal deur Coetzee, 1960, p.34) het in sy ondersoek na die doeltreffendheid van rekeningkunde-onderrig aan Amerikaanse hoërskole die volgende gebreke aan die lig gebring:

i) Gebrek

- i) Gebrek in basiese vaardighede. Leerlinge is nie in staat om duidelik te skryf en eenvoudige rekene te doen nie.
- ii) Taalgebreke. Taalgebruik en spelling laat veel te wense oor.
- iii) Verkeerde lewensfilosofie. Baie leerlinge het 'n verkeerde siening ten opsigte van lewensgesindhede en arbeid.
- iv) Gebrek in tegniese uitdrukkingsvermoë. Leerlinge druk tegniese uitdrukkings in non-tegniese terme uit.
- v) Gebrek in dataverwerking. Veral junior leerlinge is nie in staat om die essensiële van die nie-essensiële in data te onderskei nie - gevolglik kan hulle nie die korrekte afleidings en gevolgtrekkings maak nie.
- vi) Gebrekkige kennis. Baie leerlinge het nie voldoende kennis van, en insig in elementêre rekeningkundige beginsels nie.

In soortgelyke ondersoek in Suid-Afrika het Coetzee (1960) in hooftrekke dieselfde as Carr bevind. Die spelling, sinsbou en uitdrukkingsvermoë van leerlinge in beide amptelike tale is gebrekkig; hulle is onbekwaam om korrekte eenvoudige rekenkundige berekenings te maak; verantwoordelikebesef ontbreek en dit gaan meer oor die verwagting om 'n verdienste te bekom en te behou sonder die nodige teenprestasie; en laastens het leerlinge 'n gebrekkige kennis van die grondbeginsels van rekeningkunde en 'n wanbegrip van wat boekhouding in die praktyk behels (p.35).

Ook die Westinghouse Electric Corporation (American Accounting Association, 1953, p.66), wat die menings van 'n groot aantal werkgewers weergee, wys op die volgende gebreke:

- i) Gebrekkige kennis van rekeningkundige begrippe en onbekwaamheid in fundamentele rekeningkundige denke.

ii) Onleesbare

- ii) Onleesbare handskrif.
- iii) Onvermoë om taalkundig korrek uit te druk.

In aansluiting by bogenoemde kan ook op die volgende leemtes gewys word (Vgl. Eksteen, 1971, p.20):

- i) Sillabusse hou nie tred met die eise van die moderne wetenskapsbeoefening en die heersende praktyk nie en 'n groot persentasie vakinhoud is nie-relevant (Vgl. Joubert, 1973, p.18).
- ii) Die teorie en die praktyk staan ver van mekaar verwyderd, omrede die meeste onderwysers nie oor praktiese ervaring in sake-ondernemings beskik nie. Die waarde van bedryfsbesoeke word ook nie na waarde besef nie.
- iii) Weens onkunde oor praktiese rekeningkunde word die teorie ten koste van die praktiese oorbeklemtoon in die klaskamer.
- iv) Leerlinge ontvang te min (of dikwels geen) opleiding in die gebruik van kantoormasjiene en ontbeer sodoende 'n waardevolle didaktiese hulpmiddel, wat die praktyk binne-in die klaskamer kon bring.
- v) Daar is gebrekkige kontak tussen skole en die handel en nywerheid. Sakemanne doen ook nie genoeg moeite om op hoogte te kom met sillabusse nie en gevolglik gaan kosbare geleenthede tot vrugbare, opbouende gadagtewisseling, verryking en verdieping verlore.

Uit 'n metodologiese oogpunt is daar enkele leemtes wat ook hier vermelding behoort te verdien (Vgl. Cronje, 1958, pp.5-14). -- Elke rekeningkunde-onderwyser moet hom onderwerp aan selfondersoek en vasstel of hy in dié opsig nie skuldig is nie.

- i) Te veel drillmetodes in plaas van denkmetodes word in ons rekeningkunde-onderwys toegepas. Insig en vaardigheid word verdring deur die jaag na meganiese kennis. Douglas (1973) merk in dié verband op: "One of the greatest faults found in the teaching of bookkeeping lies in the emphasis placed by a teacher on the 'how' rather than the 'why'. Many teachers emphasize how bookkeeping records are kept rather than why certain transactions

sactions are recorded as they are. The teacher by emphasizing the how is in reality training a bookkeeper. It is doubtful that a bookkeeping course in high school can be justified by this emphasis alone" (p.355).

- ii) Nog 'n leemte wat genoem kan word, is die afskeping van die selfwerkzaamheidsbeginsel. Rekeningkunde (waarskynlik meer as in die meeste ander hoërskoolvakke) leen hom pragtig tot die toepassing van die selfwerkzaamheidsbeginsel.
- iii) Die vraag kan hier gestel word of jong onderwysers, uit vrees vir dissiplinêre probleme, aan hulle leerlinge genoegsame geleentheid bied om hulle werk- en leermetodes met mekaar te bespreek? Onderlinge- en groepbesprekings lei tot selfstandige, eie ontdekte metodes vir die leerling en stimuleer denkontwikkeling.
- iv) Al die navorsers hier aangehaal (Carr, Coetzee, Westinghouse Electric Corporation) het gewys op taalgebreke by die leerlinge. Onderwysers behoort meer noulettend aandag te gee aan taalgebruik in mondelinge werk en spelling in skriftelike werk. Swak prestasies in rekeningkunde is dikwels die gevolg van die gebrek aan taalbeheersing en taalinsig by ons leerlinge.

7. Die doelstellings van rekeningkunde-onderrig

7.1. Inleiding

Al die vakke op skool vorm 'n eenheid in dié sin dat dit heen lei na die verwesenliking van die uiteindelijke doel van onderwys, naamlik opvoeding tot volwassenheid sodat die skoolverlater sy plek in die samelewing kan inneem tot diens van God en sy medemens. Rekeningkunde-onderrig kan dus ook geen ander uiteindelijke doel hê as diensbaarheid aan Skepper en sy skepping en daarom moet die doelstellings wat nagestreef word beantwoord aan die eise van Gods Woord ten opsigte van waarheid, skoonheid en kennis (Coetzee, 1940, p.52; Vgl. Malherbe, 1973, p.200; Vgl. ook par. 7.2(i)). Die rekeningkunde-onderwyser is dus nie slegs onderwyser nie, maar ook opvoeder

opvoeder wat moet voldoen aan die hoë eise van opvoeding en onderwys. Hy moet gevolglik gedurig die verwesenliking van die hoofdoelstelling van alle onderwys nastrewe, naamlik, om die kind religieus-eties te help vorm, om die kind te leer dink en om die kind se kennis te vermeerder (Vgl. Eksteen, s.j. p.15).

In die nastrewing van die doelstellings van rekeningkunde-onderrig moet onthou word, dat geen kursus tegelyk ten volle voorbereiding kan verskaf vir: leerlinge wat opleiding verlang om later die verantwoordelikhede van 'n boekhouer te aanvaar; of leerlinge wat rekordhoudingspligte van klerke en verkoopsmanne beoog; of leerlinge wat die boekhoukundige opleiding verlang wat benodig word vir suksesvolle bekleding van poste soos bestuurders, winkel-eienaars, rekenmeesters, beleggers, ens. Inteendeel, alhoewel beroepsgerig, moet die doel van rekeningkunde op skool wees, die verskaffing van die nodige agtergrond-kennis van beginsels en prosedures waarop opleiding vir spesifieke beroepsrigtings gebaseer kan word (Vgl. par. 7.2(vi)). Slaag die onderwyser daarin om die belangstelling van al die leerlinge in die klas te wek sodat hulle dankbaar is en bevoorreg voel dat hulle hierdie vak volg, ongeag die beroepspesialisasie wat hulle in gedagte het, is die ware doel van rekeningkunde-onderrig verwesenlik (Musselman, 1960, p.9).

7.2 Algemene doelstellings

- i) Die nasionale onderwysbeleid soos bepaal en afgekondig in die Staatskoerant van 12 November 1971, maak voorsiening dat onderwys in SA 'n Christelike karakter moet hê wat gegrondves is op die Bybel en wat onder andere beslag moet kry "deur die gees waarin en die wyse waarop alle onderrig en opvoedingswerk behartig word" (Verslag van die Nasionale Onderwysraad, 1972, p.21). Hieruit is dit duidelik dat rekeningkunde-onderrig (soos trouens enige ander skoolvak) in SA die Christelike doelstelling behoort na te streef en bevorder, sodat die leerling as "mens van God volkome

volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim. 3:17). Dit impliseer dat doelgerig gepoog sal word om die kind Christelik te laat dink en Christelik te laat optree. Die hele gees van die onderrig in die klaskamer moet van Christelike aard wees sodat die onderwyser die kind vir Christus sal indoktrineer (Van Loggerenberg, 1972, pp. 43-44). In 'n Christelike rekeningkunde-klaskameratmosfeer is daar geen plek vir neutrale onderwys waar feite as neutrale gegewens geken moet word, en geen doel bo die feitlike erken word nie (Van Wyk, s.j. pp.17-18).

- ii) Die nasionale onderwysbeleid maak ook voorsiening dat onderwys in SA 'n breë nasionale karakter moet hê wat beslag moet kry deur die doelbewuste uitbouing van elke leerling se kennis van die vaderland, taal en kultuurerfenis, geskiedenis en tradisies, maatskaplike en ekonomiese omstandighede. Deur middel van sinvolle aanbieding in toepaslike fasette van die onderrigproses, moet hierdie kennis by die leerlinge groei tot begrip vir die volkseie (Verslag van die Nasionale Onderwysraad, 1972, p.21). Ook hieruit is dit duidelik dat rekeningkunde-onderrig nie net 'n Christelike doelstelling moet hê nie, maar ook 'n nasionale doelstelling behoort na te streef (Vgl. Smit, 1972, p.179).

Kortliks impliseer dit dat deur die onderrig van rekeningkunde 'n liefde en belangstelling vir dit wat eie is aan die RSA en sy mense by die leerling gekweek en uitgebou moet word (Eksteen, s.j. p.7). Rekeningkunde-onderrig, indien positief benader, kan dus by die leerling lei tot 'n gesindheid van patriotisme wat gefundeer is op lojaliteit en verantwoordelikheid teenoor sy vaderland, Suid-Afrika (Malherbe, 1973, p.177).

- iii) Deur rekeningkunde-onderrig moet die leerling opgevoed word tot waardering vir 'n ekonomiese stelsel in 'n land waar vrye ondernemingsgees en demokrasie

demokrasie heers, in teenstelling met sosialistiese staatsbeheerde ekonomiese stelsels. Die leerling moet waardering hê vir die oorsprong, karakter en doel van eerlike, billike wins, nie net as 'n metode om 'n lewe te maak nie, maar ook as 'n bydraende faktor tot die behoud en bevordering van die gemeenskapslewe (Kitson, 1929, p.49; Vgl. Eksteen, 1971, p.22).

- iv) Dit moet bydra tot die vormende opvoeding van leerlinge deur die kenmerkende rekeningkundige karaktereienskappe, soos planmatigheid, netheid, ordelikheid, deeglikheid, noukeurigheid, gesonde oordeel, ens. te ontwikkel (Rekeningkunde-kern-syllabus, 1972, p.1).
- v) Een van die belangrikste opvoedkundige doelstellings van hierdie vak is die sosiale vorming van die leerling. Die inhoud van die vak leen tot die ontwikkeling van 'n gees van samewerking, veral wanneer die leerling beseft dat die verskillende rekeningkundige take in die kringloop van handelsbedrywighede nie almal deur een persoon verrig kan word nie (Smit, 1972, p.190).
- vi) Rekeningkunde-onderrig moet beroepsgerig wees, alhoewel dit nie spesifiek vir 'n bepaalde beroepsrigting voorsiening kan maak nie, want daar moet onthou word dat "geen skool of inrigting of universiteit 'n persoon volledig as mens kan opvoed of vir 'n beroep kan voorberei nie. 'n Groot deel van die mens se opvoeding vind buite die formele onderwys plaas en 'n groot deel van sy beroepsopleiding vind eers in die beroep self plaas" (Pauw, 1972, p.9; Vgl. Malherbe, 1973, p.162; Vgl. ook par. 7.1; 9.2).

Dit is duidelik dat die sillabus, onderrigmateriaal en -metodes gerig moet wees op die behoeftes van die praktyk, anders word die begeertes van leerlinge wat 'n grondige kennis van rekeningkunde verlang vir toetrede tot die sakewêreld gruwelik misken. In die verband wys Tonne (1961) daarop dat die behoeftes, toelatingsvereistes en beroeps-

en beroepsmoontlikhede van die praktyk nie toevallig aan die leerlinge bekendgestel moet word nie, maar dat dit noukeurig beplan en geïntegreer word by leerstof-aanbieding (p.12).

7.3 Besondere doelstellings

- i) Die leerling moet vertrouwd gemaak word met die aard en doel van rekeningkunde en die besondere doel wat dit in die sakelewe vervul (American Accounting Association, 1953, p.36).
- ii) Die leerling moet 'n begrip vorm van rekeningkundige metodes as 'n ordelike wyse om nuttige inligting uit 'n massa data te sif, klassifiseer en aan te bied (American Accounting Association, 1953, p.37).
- iii) Die leerling moet insig kry in rekeningkunde as die basiese taal van die sakelewe. Daar moet waardering wees vir die waarde en belangrikheid wat dit het vir die topbestuur in beleidsbepaling, vir die boekhouer in die vervulling van die boekstawingsfunksie, vir die politikus in die opstelling van begrotings en vertolking van algemene ekonomiese omstandighede en andere wat op een of ander wyse gekonfronteer word met rekeningkundige stelsels (Musselman, 1960, p.112).
- iv) Rekeningkundige onderrig moet lei tot die stimulering van selfstandige denke, wat impliseer:
 - a) Die leerling moet analities te werk kan gaan. Dit beteken dat hy selfstandig 'n rekening of staat kan ontleed en vertel wat sy bevindings is en ook toets of dit korrek is.
 - b) Die leerling se benadering tot rekeningkundige probleme behoort dié van logiese beredenering te wees en nie die toepassing van reëls nie.
 - c) Leerlinge moet objektief kan dink. Om dit te kan doen, moet hulle oor sodanige bedryfs-ekonomiese kennis beskik dat hulle in die oplossing van 'n probleem 'n idee kan vorm van die werklike gebeure in die praktyk en hulle insig het in die bestuursbeginsels wat toegepas word in die oplossing van die probleem. Dit vereis van die onderwyser dat hy vanaf die
aanvangstadium ...

aanvangstadium van onderrig sal aanbring op sistematiese oordeelkundige denkarbeid, gegrondves op begrip van die sakelewe, anders is rekeningkundige gefundeerde oplossings onmoontlik (Vgl. Rekeningkunde-kernsillabus, 1972, pp.1-2).

- v) n Groot persentasie leerlinge wat rekeningkunde op skool neem, sal waarskynlik nooit enige rekeningkundige werk verrig in die beroepslewe nie. Om hulle belangstelling te behou is dit noodsaaklik dat by hulle waardering gekweek sal word vir die waarde en belangrikheid van rekeningkunde vir persoonlike doeleindes. Enkele voorbeelde uit die st. 6-sillabus toon aan dat die mees elementêre rekeningkunde-kursus op skool alreeds legio geleenthede bied vir persoonlike gebruik.
- a) Elke persoon behoort rekord te hou van sy persoonlike inkomste en uitgawes, bv. n kontant-rekening of n vereenvoudigde kasboek (par. 2.1; 5.1).
 - b) Elke persoon behoort in sy hoedanigheid as verbruiker in staat te wees om handelsdokumente te ontleed en interpreteer (par. 2.3.21).
 - c) Die meeste mense besit n lopende bankrekening, deponer kontantontvangstes daarin en maak betalings deur middel van tjeks (par. 3.1.1).
 - d) Alle landsburgers, as besitters van n solvente boedel, maak kennis met rekeningkundige terminologie soos transaksie, rekening, debiet- en krediet-inskrywing, bates en laste, debiteure en krediteure, kapitaal, bedryfsinkomste- en uitgawes, winste en verliese (par. 2.3.1-2.3.17)

8. Die opvoedkundige en praktiese waarde van rekeningkunde vir die leerling

Ouers koester hoë verwagtings van hulle kinders. Baie ouers oorbeklemtoon miskien die prestasiefaktor, maar daar is tog ook baie ouers wat groter waarde heg aan die opvoedkundige en praktiese waarde van skoolopleiding. Hulle sal die onderwyser dan ook dikwels konfronteer met

vrae soos

vrae soos: "Waartoe behoort my kind in staat te wees na voltooiing van st. 7- (óf st. 8, óf st. 10) kursus? Wat het hy geleer wat vir hom van praktiese waarde kan wees? Is hy opvoedkundig beter toegeerus vir die lewe?" Die rekeningkunde-onderwyser wat nie die doelstellings van sy vak deeglik bepeins het nie; wat nie 'n deeglike studie van die inhoud van die sillabus gemaak het nie; wat nie redelike, uitvoerbare doelwitte in gedagte het nie, sal hierdie vrae nie bevredigend kan beantwoord nie.

Die skrywer is van mening dat 'n st. 7-leerling na voltooiing van die Junior Sekondêre Skoolfase die volgende opvoedkundige en praktiese voordele uit die rekeningkunde-kursus behoort te geput het:

- i) Hy kan brondokumente, byvoorbeeld inkoopfakture, verkoopfakture, kredietnotas, kwitansies, ens., identifiseer en hulle gebruik in die sakewêreld verduidelik.
- ii) Hy behoort beheer uit te oefen oor sy eie finansies omdat hy weet uitgawes moet binne perke van die inkomste bly as die kapitaal in stand gehou moet word. Rekeningkunde as vak stel hom in staat om sy eie sake op 'n metodiese manier aan te teken, om sy eie ontwerp vir sy boekhouding te bewerk, sodat hy behoorlik kontrole kan uitoefen oor sy eie finansies.
- iii) Hy kan logies dink, omdat hy oefening gekry het in beide deduktiewe en induktiewe denkmetodes.
- iv) Sy samevattingsvermoë is geoefen. Dink maar net aan 'n oefening om van 'n reeks saldo's en aangewese aansuiwerings die finale rekenings op te stel en 'n balansstaat wat klop. Wat moet nie alles in berekening kom of op dieselfde oomblik in gedagte gehou word nie?
- v) Hy het geleer om te konsentreer. Dink maar net aan hoeveel konsentrasie vereis word om hulpboeke op te skryf, oor te boek na die grootboek en 'n proefbalans op te stel. Een oomblik van nalatigheid kan hom baie punte kos.
- vi) Elke boekhou-oefening vereis stiptheid, deursettingsvermoë,

- vermoë, pligsgetrouheid, noukeurigheid. Die leerling leer om hierdie sedelike eienskappe te waardeer en persoonlike ideale te maak.
- vii) Rekeningkunde leer die leerling om juiste oplossingsmetodes te selekteer vir toepassing in die spesifieke transaksie waarmee hy besig is. Hy het dus geleer om selfstandig te dink en eie oplossings vir probleme te vind.
 - viii) Hy kan elementêre vertolking van transaksies in terme van hul effek op die besigheid, doen.
 - ix) Hy is in staat om korrekte inskrywings in verskillende hulpboeke vanaf brondokumente te doen.
 - x) Hy kan oorboeking vanaf die hulpboeke na die grootboek doen.
 - xi) Hy kan n proefbalans opstel en verklaar watter waarde dit vir die boekhouer het.
 - xii) Hy kan verskillende foute as gevolg van oorboeking deur middel van joernaalinskrywings regstel.
 - xiii) Hy kan elementêre aansuiwerings en sluitingsoordragte aan die einde van die handelsperiode joernaliseer.
 - xiv) Hy is in staat om rekenings te klassifiseer en na oorboeking te saldeer.
 - xv) Hy het geleer om duidelik en netjies te skryf, korrek te spel en elementêre terminologie reg te gebruik.
 - xvi) Hy het oefening ontvang om noukeurig en teen n redelike spoed te reken.
 - xvii) Hy het n oorsigtelike kennis van moderne boekhoumetodes en is bewus van die groot voordele wat outomatisasie vir die toekoms inhou.
 - xviii) Die leerling besef tot n mate wat is die waarde van samewerking en intellektuele eerlikheid in die sakewêreld.

9. Die besondere didaktiese struktuur van rekeningkunde- onderrig

In die didakties-pedagogiese skool- of leersituasie het ons te doen met: die leerstof aan die een kant en aan die anderkant met twee mense; die leerling en die onderwyser.

wyser. Aan elkeen hiervan word nou afsonderlik aandag gegee.

9.1 Die rekeningkunde-leerstof

Leerstof bevat die kultuursisteme van die volwassene se wêreld - sy kultuurbesit, naamlik taal, wetenskap, kuns, geskiedenis, ekonomie, ens., waarmee die volwassene die kind konfronteer en wat die kind moet verower. Die leerstof het dus 'n middele-karakter; dit is die middel waardeur die kind moet leer, waarmee hy die wêreld van die volwassene moet verower (Cilliers, 1966, p.23).

Met rekeningkunde-onderrig word beoog, die oordrag van leerstof aan die kind waarmee hy die ekonomiese wêreld van die volwassene moet bemeester. In hierdie oordrag-proses van leerstof is daar sprake van 'n vormingsproses waarin die denke, gemoedslewe en die wilslewe van die kind so gevorm word, dat die doelstellings wat rekeningkunde-onderrig beoog verwesenlik kan word. Met vorming word hier bedoel die verwerwing van daardie basiese fundamentele kennis, kundighede, insig en vaardighede wat die leerling in staat stel om 'n persoonlike selfstandige, kritiese oordeel uit te spreek (Malherbe, 1973, p.158). Vorming word deur velerlei geesteshouinge moontlik gemaak, byvoorbeeld die logiese orden van gedagtes; die vermoë om die essensiële van die bykomstige te onderskei; die eienskap om te kan sintetiseer en struktureer; 'n kritiese houding; 'n persoonlike objektiewe oordeel; ondernemingsgees; 'n ontwikkelde introspeksievermoë; logiese, sistematiese beredenering, en andere (Eksteen, 1970, p.15).

Uit voorgaande volg dit dat rekeningkunde-leerstof vormende waarde kan hê indien die onderwyser die leerstof vir sy leerlinge so ontsluit, oopstel en bevatlik maak, dat hulle 'n beter greep op die werklikheid kan kry (Van der Stoep, 1972, p.21). Vormende waarde hang dus nie van die leerstof as sodanig af nie, maar hang daarvan af of die onderwys van rekeningkunde die leerling tot

ling tot 'n steeds groeiende begrip en insig met betrekking tot hierdie betrokke kennisgebied voer en of die onderrig daarvan doelbewus en doeltreffend op oordraging na die ander vakgebiede en na die lewe oor die algemeen gerig is (Gunter, 1969, p.51). Anders gestel, rekeningkunde-onderrig sal vormende waarde hê vir die leerling indien die onderwyser hom voortdurend aanspoor tot noukeurige waarneming en logiese beredenering; aandring op selfstandige gevolgtrekkings en hom stimuleer om gereeld 'n waarde-oordeel uit te spreek (hoekom? waarom?).

Jooste (1968) is verder oortuig daarvan dat die oordrag van die vakdisiplines (bv. netheid, noukeurigheid, logiese en sistematiese denke en werkwyse, vermoë om beginsels te ontwikkel en toe te pas, ens.) deur die leerling op sy eie persoonlikheid grootliks bepaal word deur sy eie begrip van die praktiesheid van die leerstof. Verkeer die leerling onder die indruk dat rekeningkunde in teorie en praktyk verskillend is, sal hierdie oordrag belemmer word. Dit is daarom opvoedkundig van belang dat die leerling onder die besef gebring word dat op skool slegs die algemene beginsels en hulle toepassings geleer word, terwyl elke sake-onderneming in die praktyk daardie beginsels toepas volgens sy eie behoeftes en die aard van sy onderneming (pp.36-37).

9.2 Die rekeningkunde-leerling

Die leerling het 'n besondere plek in die didaktiese struktuur van rekeningkunde want dit is tog immers hy wat die leerstof moet ontmoet en bemeester. Hy is die middelpunt in die didaktiese situasie want die klas-organisasie, onderrigmetodes en -hulpmiddels hou rekening met sy besondere behoeftes, begeertes en toekomsverwagtinge. In hom setel die sukses of mislukking van al die pogings wat aangewend word om hom by te staan in die oorgangsjare tussen die egte, naïewe kinderlikheid by toetrede tot die hoërskool en die denkende jeug by skoolverlating.

Basiese kennis van die psigiese en intellektuele ontwikkeling van die leerling is noodsaaklik om hom in sy eie leefwêreld te kan ontmoet en in die onderrig-situasie aansluiting by sy lewenservaring te vind. Die hoërskoolleerling openbaar gewoonlik bepaalde eienskappe ten opsigte van sy intellektuele en psigiese lewe waarvan die rekeningkunde-onderwyser kennis moet neem (Coetzee, 1947, pp.13-16; Vgl. Van Loggerenberg, 1966, pp.162-163).

- i) Daar is 'n wegbreek van meganiese inprenting en algaande verbetering in logiese beredenering. Logiese begrippe word beter verstaan en verbind tot oordele, om daaruit weer geregverdigde gevolgtrekkings te maak.
- ii) Daar is 'n geleidelike wegbreek van die konkreet-tasbare na abstrakte denke. Hier is dit egter belangrik om rekening te hou met individuele verskille omdat alle kinders nie ewe vinnig ontwikkel nie. Minder intelligente kinders vind dit ook moeiliker om abstrak te dink en is meer aangewys op 'n konkrete en praktiese benadering. Wat verder hier van belang is, is die feit dat die kind in sy denkontwikkeling sterk beïnvloedbaar is deur sy ouers, onderwysers, maats en sosiale milieu.
- iii) In die hoërskooljare groei die drang na kennis, deur selfontdekking verwerf, steeds aan. Die kind wil gedurig vir 'n dieper wêreldbeskouing stof insamel. Die oorgang van die naïewe tot die deurdenking vind dan plaas. Hy oorweeg die verklarings wat aan hom gegee word op nugterder en meer wetenskaplike wyse en toets dit aan die ervarings wat hy opdoen.
- iv) Dikwels is daar 'n lewendige belangstelling in die vakwetenskappe, waarskynlik omdat daarin 'n eie toekomstige beroep gesien word.

Die implikasies vir die leer- en onderrig-situasie is duidelik - meganiese werk moet meer plek maak vir logiese benadering; meer geleentheid moet geskep word vir ondersoek, toets, bespreking en orden. Kortom, die self-werksaamheidsbeginsel..

werkzaamheidsbeginsel moet meer tot sy reg kom in die rekeningkundeklas.

Dit is vir die rekeningkunde-onderwyser van belang om kennis te dra van die redes waarom sy leerlinge rekeningkunde neem. Dit sal hom in staat stel om in die leerstof-aanbieding rekening te hou met die behoeftes van sy leerlinge. Verder ontwikkel dit in hom 'n professionele trots om te weet dat hy deur die vorming van sy leerlinge 'n bydrae mag maak tot die ekonomiese groeikoers van sy land. Die redes waarom leerlinge rekeningkunde as vak neem, is alreeds in die verbygaan terloops na verwys, maar volledigheidshalwe word die volgende kategorieë van leerlinge in die rekeningkundeklas onderskei (American Accounting Association, 1953, p.35; Vgl. ook par. 7.1):

- i) Dié leerlinge wat oor tegniese vakkennis van rekeningkunde moet beskik in sy latere beroepslewe, welke beroep hy ook al kies.
- ii) Dié leerlinge wat later 'n handelsberoep volg en rekeningkundige kennis benodig om suksesvol sy beroep te beklee, byvoorbeeld, klerklike personeel, verkoopslui, amptenare in beherende posisies, ens.
- iii) Dié leerlinge wat na skoolopleiding beplan om opgelei te word as boekhouers, rekenmeesters, ouditeure.
- iv) Dié leerlinge wat graag later 'n gevorderde studie wil maak van rekeningkunde aan 'n universiteit of kollege vir gevorderde tegniese onderwys.
- v) Dié leerlinge wat waarskynlik nooit rekeningkunde in 'n beroepsrigting sal nodig kry nie, maar wat dit neem weens die persoonlike waarde wat dit vir hulle mag hê as verbruikers van goedere en dienste of as lede van sosiale verenigings of klubs.

9.3 Die rekeningkunde-onderwyser

9.3.1 Inleiding

Die primêre taak van die onderwyser is om in die didakties-pedagogiese situasie die leerling te konfronteer met die besondere leerstof van die betrokke vak waarin hy 'n vakspecialis is. Vir die Christen-onderwyser kan dit

egter nie

egter nie sy enigste taak wees nie, want hy weet dat hy 'n skepsel van God is, geskape na sy beeld, en dat hy van God 'n taak, 'n opdrag ontvang het, wat hier op aarde verrig moet word. Hierdie Goddelike opdrag, of roeping, vereis dat hy God met sy hele hart, hele siel, hele verstand en alle krag dien (Deut. 6:5). Watter besondere vakopdrag hy ookal op skool beveel word om uit te voer, moet dit só nagekom word dat hy daarmee sy liefde vir God toon, Hom daarin dien, loof, eer en verheerlik (Van Wyk, 1973, pp.1-7). Om hierdie verheerlike roeping te vervul, ook in 'n vak soos rekeningkunde, vereis dat die onderwyser 'n volwasse man volgens Efésiërs 4:13 en 14 sal wees. Hy openbaar die "volle grootte van Christus" in sy lewe omdat hy in die klaskamer die identifikasiefiguur is. Hy is bewoë oor die kind voor hom, daarom bied hy nie siellose kennis aan nie, maar homself. Sy voorbeeld, in woord en lewenswandel, wek die begeerte tot navolging. Sy billikheid, eerlikheid, harde werk, simpatie en koersvastheid, inspireer tot toegewyde inspanning. Sy Christelike siening en hantering van gesag wek die vereiste eerbied daarvoor. Sy onwrikbare geloof wat sy woord en weg deurstraal, lei tot vrywillige onderworpenheid aan Christus. Die Christen-onderwyser sien die lig in die lig van God (Ps. 36:10). Die Woord van die Here is 'n lamp vir sy voet en 'n lig vir sy pad (Ps. 119:105) en vir hom is die vrees van die Here die beginsel van kennis (Spr. 1:7) (Van Wyk, s.j. pp.18-19).

'n Lewens- en wêreldbeskouing deurdrenk met die Waarheid, Skoonheid en Goedheid van die Woord van God, soos baie kortliks hier aangeraak, word hier aanvaar as die benaderingswyse, die begin en einde van rekeningkunde-onderrig. Enige onderwysmetode of hulpmiddel wat gekies sal word om die leerstof te bemeester, tughandhawing, menseverhoudinge of die oplossing van enige didakties-opvoedkundige vraagstuk in die rekeningkunde-klaskamer sal vanuit hierdie lewensbeskouing bepaal word.

9.3.2 Die

9.3.2 Die uitdaging van rekeningkunde-onderrig aan die onderwyser

Volgens Boynton (1970, p.3). is daar nie n meer opwindende en uitdagende tydperk in rekeningkunde-onderrig as juis die huidige bedeling nie. Die sakewêreld het n internasionale karakter verkry waarin masjiene n ongelooflike bydrae maak tot die ontsaglike hoeveelheid werk wat afgehandel moet word ten einde die toenemende behoeftes van verbruikers te bevredig. Die snelveranderde sakewêreld moes noodwendig ook rekeningkunde-onderrig beïnvloed. Nuwe metodes om leerlinge te onder- rig is ontdek, byvoorbeeld rekenaar-ondersteunde onder- rig, programmering, outomatisasie, televisie, oudio- visuele materiaal en -hulpmiddels, ens.

Hierdie tegnologiese vooruitgang bring die onderwyser voor besondere uitdagings. Groot eise word gestel aan rekordhouding. Leerlinge moet op skool alreeds beseef dat onfeilbare akkuraatheid, die vermoë om rekords met begrip, oordeelkundig te ontleed en tot sinvolle ge- volgtrekkings te kom n absolute vereiste is vir n suksesvolle loopbaan in n rekeningkundige loopbaan. Deeglike bemeestering van rekeningkundige beginsels en -prosedures moet gevolglik vanaf st. 6 en dwarsdeur die skoolloopbaan prioriteit geniet.

Risser (1969, pp.19-20) beklemtoon die belangrikheid van insig in rekeningkundige prosedures, asook die rede vir die toepassing van elke beginsel. Alhoewel die rekenaar n unieke rol vervul in die kantoorlewe, het dit nie klerikale werk vervang nie. Trouens, die basiese beginsels van rekeningkunde het dieselfde ge- bly. n Veranderde benadering tot rekeningkunde- onderrig word egter vereis, wat Risser as volg sien:

- i) Die ontwikkeling van insig in die dubbel- inskrywingstelsel, veral ten opsigte van die verband daarvan met klerikale aktiwiteite en elementêre besigheidsverslae.
- ii) Beklemtoring van analise van rekeningkundige transaksies en die interpretasie daarvan op

die

- die besigheidssituasie.
- iii) Beklemtoning van insig in rekeningkundige begrippe en besigheidsterminologie.
 - iv) Erkenning van relasies tussen rekeningkunde en moderne dataverwerkingsprosesse en -tegnieke.
 - v) Waardering vir outomatisasie in die ekonomiese lewe.
 - vi) Die verbandlegging van basiese rekeningkundige beginsels tot die verskillende bestuursfunksies.
 - vii) Aanmoediging van leerlinge om belang te stel in die vakgebied van rekeningkunde en dataverwerking.
 - viii) Inskerpings van karakter- en persoonlikheids-eienskappe soos eerlikheid, verantwoordelikheid en samewerking met mede-leerlinge as belangrike kenmerke van 'n goeie kantoorwerker.

Prof. Sorgdrager (1972, pp.27-30) wys daarop dat die berekenaarsrevolusie nog nie sy finale beslag gekry het nie, en dat arbeidstekort en die mens se onwilligheid om 'n redelike dag se arbeid te verrig, meganisasie en outomatisasie sneller laat toeneem. Dit moet noodwendig rekeningkunde-onderrig beïnvloed. Outomatisasie verlang 'n toenemende inspanning van die mens ten opsigte van sy verstandelike vermoëns, algemene bekwaamheid, ervaringsverwerking, verantwoordelikheid en aanpassing by nuwe funksies.

Waar ons vandag dus leef in 'n tyd van ontwaking, ontwikkeling en vernuwing op feitlik alle lewensterreine, hang dit grootliks van die onderwyser af of die volgende stelling van Risser (1969, p.21) aangaande rekeningkunde op skool waar is " it is a healthy, thriving, flexible discipline which is keeping abreast of, and is an integral part of, today's business world. The key word in bookkeeping instruction today is flexibility" Alleen die onderwyser wat akademies goed toegerus is, steeds 'n student bly en gewillig is om snel aan te pas by die steeds veranderde rekeningkundige praktyk sal in staat wees om dié vak meer stimulerend en prikkelend aan te bied

te bied. Sódanige onderrig voorsien nie net alleen die kind van basiese kennis van die sakewêreld nie, maar vorm die basis vir verdere suksesvolle naskoolse studie en indiensopleiding.

9.3.3 Beroepservaring

In die voorafgaande afdeling is daarop gewys dat die onderwyser rekening moet hou met die eise van die tegnologie indien hy suksesvol wil wees in sy taakvervulling. Dit is so dat baie leerlinge neem vandag rekeningkunde omdat hulle reeds op 'n beroep in die handelsberoepslewe besluit het en hierdie gereedheid en gretigheid om meer van 'n toekomstige beroep te leer, bied aan die onderwyser 'n gulde geleentheid om werklike opvoedings- en vormingswerk te doen. Dit is al voorheen duidelik gestel dat rekeningkunde-onderrig nie alleen op die behoeftes van die werkgewer gebaseer kan word nie, maar dit kan ook nie ontken word, dat indien die kloof tussen die teorie en praktyk nouer gemaak word, die standaard van rekeningkunde-onderrig beslis aansienlik verhoog sal word. Die onderwyser wat oor praktiese werkservaring beskik sal die teorie met die praktyk kan korreleer en die uitdagings van rekeningkunde-onderrig suksesvol trotseer.

In die VSA het die National Association for Business Teacher Education besluit dat elke handelsonderwyser beroepservaring in 'n goedgekeurde sakeonderneming moet opdoen, as deel van sy formele opleiding. Baie onderwysowerhede het dan ook een of ander vorm van werkservaring as vereiste gestel by die opleiding van handelsonderwysers (Douglas, 1973, p.10). In Suid-Afrika pleit Joubert (1947, p.362) dat rekeningkunde-onderrig ten minste een jaar handelservaring behoort op te doen voordat hulle as gekwalifiseerd erken word. Coetzee (1960) sluit aan by Joubert en versoek dat 'n skema ontwerp word waardeur rekrute tot die onderwys in rekeningkunde vir ten minste een jaar praktiese ervaring in die handelswêreld as boekhouers opdoen voor
die

die professionele opleiding in aanvang neem (p.260).

Skrywers (Vgl. Walters, 1950, pp.344-345; Vgl. ook Du Toit, 1963, pp.23-24) voer as redes aan waarom praktiese werkservaring so noodsaaklik vir onderwysers is:

- i) Die onderwyser kan deur praktiese beroepservaring 'n geheelbeeld kry van die interverhoudinge van beroepe in die sakewêreld, van besigheidsdepartemente en die organisasie en prosedures van veral groot handelsorganisasies. So verkry hy agtergrondkennis vir sy taak van beroepsvoorligting en -opleiding van sy leerlinge.
- ii) Vir die leerling wat begerig is om tot die handelswêreld toe te tree is dit noodsaaklik om te weet hoe sy vak (rekeningkunde) funksioneer in die handelskantoor. Vir hierdie noodsaaklike kennis moet hy hom grootliks verlaat op sy onderwyser se kennis en ervaring.
- iii) 'n Onderwyser wat praktiese beroepservaring opgedoen het, kan met outoriteit praat oor sy vakgebied, dwing agting af by sy leerlinge en die gemeenskap en skep 'n besigheidsatmosfeer in sy klaskamer.
- iv) Deur middel van beroepservaring bou die onderwyser belangrike kontakte met sakemanne op wat die volgende voordele inhou: hy kan na sakemanne gaan vir die nodige advies; hy kan inligting bekom oor besigheidspraktyke, -prosedures en -gebruike; hy kan handelsdokumente en finansiële state versamel en is verseker van gasprekers vir sy leerlinge; en soms sal dit vir hom moontlik wees om reëlings te tref vir die toelating van skoolverlaters tot beroepe in die sakewêreld.

Die onderwyser kan hierdie noodsaaklike beroepservaring opdoen deur deeltydse werk gedurende skoolvakansies te verrig of hy kan die boekhouding van kleiner firmas, met spesiale departementele goedkeuring, gedurende sy vrye tyd

vrye tyd doen. n Besondere metode wat in die VSA gevolg word verdien hier vermelding. Die Universiteit van Washington, in samewerking met n groep sakemanne, bied gedurende skoolvakansies kort kursusse vir onderwysers aan. Volgens n rotasieskema werk elke onderwyser, teen vergoeding, n week op n bepaalde werkopdrag voordat hy roteer na n volgende opdrag. Een keer per week word n seminar gereël sodat die dosent onder wie se toesig die skema resorteer, samesprekings kan voer met die betrokke onderwysers (Walters, 1950, pp.345-346).

Watter metode ookal aangewend word om praktiese ervaring op te doen moet die onderwyser elke geleentheid benut om doelbewus te soek na aanvullende materiaal om te integreer by sy leerstof-aanbieding in die klaskamer. Sodoende sal hy sy leerlinge in staat stel om n begrip te kry van dit wat algemeen as rekeningkunde in die praktyk, bekend staan.

9.3.4 Die rekeningkunde-onderwyser en sy professie

Die rekeningkunde-onderwyser is n professionele man, en daar rus op hom die verantwoordelikheid om toe te sien dat die status van sy professie altyd gehandhaaf sal word. Sy doel is hiermee nie sy eie eer nie, maar om die beste ondersteuning van die publiek vir sy werk te kry en om ook te verseker dat die beste jongmense na sy professie getrek sal word.

Hierby is veral die volgende van belang:

- i) Die onderwyser as geleerde persoon moet n grondige wetenskaplike kennis van die inhoud van sy vak besit. Dit verg van hom as diensdoende onderwyser om gereeld op hoogte te bly met die jongste ontwikkeling van die inhoud van sy vak (Flood, 1959, p.21).
- ii) Deur leeswerk en voortdurende akademiese en professionele studie moet hy homself beter bekwaam vir sy taak. Wat leeswerk betref moet hy nie net konsentreer op handels-opvoedkundige tydskrifte nie, maar moet ook aandag gee aan artikels wat handel oor algemeen

oor algemeen opvoedkundige vraagstukke, want kennis hiervan stel hom in staat om baie probleme van 'n rekeningkundige aard op te los (Walters, 1950, p.363). Nolan (1967, p.616) is van mening dat 'n onderwyser wat begerig is om intelligent te gesels oor sy vakgebied en wat deur sy kollegas as 'n outoriteit gerespekteer word, ten minste twee of drie professionele tydskrifte oor handels- onderwys gereeld moet lees. Die jongste boeke op die mark oor hierdie onderwerp moet ook gereeld geraadpleeg word.

- iii) Die rekeningkunde-onderwyser beskou sy taak as 'n lewensroeping en daarom verander hy nie ligtelik van beroep nie en is hy bereid om daarvoor offerings te maak (Kruger, 1968, p.34).
- iv) Die rekeningkunde-onderwyser behoort tot 'n edele beroep en daarom glo hy aan hoë etiese standaarde. Hy glo dat onderwys 'n publieke onderneming is en daarom stel hy homself diensbaar aan die gemeenskap. Hy neem deel aan gemeenskapsaktiwiteite maar die belange van sy leerlinge en sy skool word as sy primêre taak in die gemeenskap beskou en sy gemeenskaps-bedrywighede moet gevolglik 'n ondergeskikte plek inneem (Flood, 1959, p.24; Vgl. Taute, 1962, pp.25-26). Onderwys is verder vir hom 'n professionele onderneming en daarom bespreek hy nie vertroulike inligting oor sy leerlinge met buitestaanders nie en beskerm hy sy professie, sy skoolhoof en kollegas. Ook is hy trots daarop dat hy 'n onderwyser is en 'n positiewe bydrae mag maak tot die opleiding van die jeug as waardige burgers van sy land. Dienooreenkomstig beywer hy hom om by sy leerlinge waardering te kweek vir die adel van arbeid.

Die onderwyser besef dat voortdurende aanvulling van sy kennis van die jongste ontwikkeling op sy vakgebied nie voldoende is vir die ontwikkeling van 'n professionele "gees" nie. Gevolglik sluit hy aan by professionele organisasies waar

hy kan

hy kan kennis maak met mede-kollegas, deel in hul ervaring, saam met hulle kan eksperimenteer en samesprekings hou sodat die belange van onderwys, en in besonder rekeningkunde-onderwys, gedien kan word (Walters, 1950, p.367).

- v) n Ambisieuse onderwyser is nie net tevrede om leeswerk te onderneem of passief te sit en luister wat ander te sê het oor sy vakgebied nie. Hy bepeins self oor rekeningkundige probleme en wanneer die geleentheid daar is bied hy sy gevolgtrekkings skriftelik of mondelings aan. Dit vereis natuurlik dat sy siening oorspronklik is en praktiese waarde het vir die hoorder of leser (Nolan, 1967, pp.624-625).
- vi) Laastens moet daarop gelet word dat die rekeningkunde-onderwyser jongmense voorberei vir die sakewêreld wat sekere professionele kwaliteite vereis. Hy kan alleen hierdie eienskappe by sy leerlinge ontwikkel indien hy dit in homself ontwikkel het. Hierdie professionele hoedanighede behoort te wees: gesteldheid op voorkoms, positiewe houding en gesindhede, hoflikheid, samewerking, die handhaaf van goeie menslike verhoudinge, opregtheid, volwassenheid, planmatigheid, ens. (Flood, 1959, pp.22-24).

9.3.5 Die eienskappe van n goeie rekeningkunde-onderwyser

In die opvoedkundige literatuur is al baie geskryf oor die kenmerke van n goeie onderwyser. Ook skrywers in die besondere didaktiek van rekeningkunde het aan hierdie onderwerp deeglik aandag gegee.

In 1944 het Hamden L. Forkner n besondere bydrae oor die kenmerke van n suksesvolle rekeningkunde-onderwyser gelewer. In n artikel in die Amerikaanse tydskrif "The Balance Sheet" beskryf hy twee-en-twintig kenmerke van n goeie onderwyser wat hier weergegee word aangesien dit in hoofsaak n opsomming is van die siening van die meeste skrywers oor hierdie onderwerp (Vgl. Harms en Stehr, 1963,

1963, pp.374-377).

- i) Die suksesvolle onderwyser beskik oor sodanige kennis en insig in rekeningkunde dat hy in staat is om op 'n maklike en intelligente wyse met sy leerlinge te kommunikeer oor die werklike funksionering van rekeningkundige stelsels in gebruik by handelondernemings in sy onmiddellike omgewing.
- ii) 'n Goeie onderwyser kan individue en kleiner sakeondernemings adviseer in verband met eenvoudige rekeningkundige stelsels en die vertolking van finansiële state.
- iii) Die suksesvolle onderwyser is deeglik bewus van die besondere eise wat aan beginners in rekeningkundige beroepe gestel word.
- iv) Die goeie onderwyser sal deur werklike kantoorervaring, bedryfsbesoeke of kontak met die rekeningkundige beroepe op hoogte bly van sakeprosedures en rekeningkundige stelsels sodat hy in sy onderrig die teorie kan voed uit die praktyk.
- v) Die goeie onderwyser is 'n aktiewe lid van verenigings wat die bevordering van rekeningkunde ten doel het en hy maak gereeld 'n studie van hul tydskrifte in sy soeke na toepaslike leerstofmateriaal vir sy leerlinge.
- vi) Die klaskamer van die rekeningkunde-onderwyser sal die voorkoms en atmosfeer van 'n kantoor hê.
- vii) Die onderwyser-leerlinge-verhouding sal soortgelyk wees aan dié tussen die rekeningkundige klerke en die toesighoudende personeel in 'n goed georganiseerde kantoor.
- viii) Die onderwyser in 'n suksesvolle rekeningkundige klaskamersituasie is nie 'n onderwyser in die gewone sin nie, maar "a supervisor of a working situation".
- ix) In 'n rekeningkunde-klas word deeglik voorsiening gemaak vir individuele verskille en werk elke leerling teen sy optimale tempo.
- x) Besondere aandag word dwarsdeur die jaar gegee
aan

- x) aan rekenkundige berekeninge.
- xi) Handskrif geniet voortdurend aandag.
- xii) Die suksesvolle onderwyser gaan uit van die bekende na die onbekende deur by die ervaring en ontwikkelingspeil van die leerling aan te sluit.
- xiii) Die grootste moontlike verskeidenheid onder- rigsmiddele word met oorleg gebruik.
- xiv) Werklike rekeningkunde-leersituasies word in die klaskamer geskep om leerlinge werklikheids- ervaring van sodanige werksaamhede te gee.
- xv) Waar moontlik, help die goeie onderwyser sy leerlinge in die verkryging van vakansiewerk omdat hy weet dat toepaslike beroepservaring onskatbare waarde het vir die leerling.
- xvi) Die bekwame onderwyser beplan die klaskamer- organisasie so doeltreffend dat tyd op die mees ekonomiese wyse benut word.
- xvii) n Goeie onderwyser beplan, organiseer en lei sy leerlinge sodanig dat die werk onverpoosd voortgesit word, in weerwil daarvan dat hy tydelik nie in die klaskamer is nie.
- xviii) Die suksesvolle onderwyser maak nie staat op die antwoordsleutelboek om leerlinge se probleme op te los of hulle foute aan te wys nie.
- xix) Die suksesvolle onderwyser konfronteer sy leerlinge met n verskeidenheid probleem- situasies waarmee hy as verbruiker, werknemer, werkgewer en sakeman te doen sal kry.
- xx) Akkurate skryf- en syferwerk en oorboekings word gereeld beklemtoon.
- xxi) Die knap onderwyser weet dat die leerling die beste leer as hy doen, en hy weet hoe om die leerling te leer doen.
- xxii) Elke leerling is deeglik bewus van die redes waarom hy dié vak volg, asook die doelwitte daarvan, hetsy verskaffing van opleiding vir n beroep, persoonlike gebruik of n beter begrip van rekeningkundige stelsels, prosedures en konvensies.

10. Handskrif en netheid in rekeningkunde-onderrig

Dit is waar dat die masjien vandag die meeste skryfwerk in die kantoor verrig, maar dit is ook waar dat dit nie handskrif vervang het nie; baie papierwerk moet nog met die hand gedoen word. Handskrif-kwaliteit beïnvloed die werk in alle skoolvakke, maar in geen ander vak is netjiese en duidelike handskrif meer essensieel as in rekeningkunde nie (Gartside, 1970, p.54).

Ondersoek het in Amerika aan die lig gebring dat ongeveer die helfte van die leerlinge wat toegelaat word tot die junior hoërskool, het behoefte aan remediërende onderrig in handskrif (Kinzer, 1955, p.155). In die rekeningkundeklas word gewoonlik gevind dat selfs leerlinge wat duidelik skryf voldoen nie noodwendig aan die vereistes wat gestel word ten opsigte van eenvormigheid, grootte, helling en spasiëring in letters nie. Eksaminatore kla dikwels in hul verslae oor die netheid van leerlinge se werk terwyl werkgewers sê: "Leer hulle hoe om te skryf, veral syferwerk, sodat ons dit kan lees" (Harms, 1949, p.199).

Vervolgens word gelet op enkele redes waarom leerlinge nie voldoen aan aanvaarbare standaarde ten opsigte van duidelikheid en netheid in hul werk nie (Musselman, 1960, pp.38-39).

- i) Leerlinge word dikwels in die klaskamer onder soveel druk geplaas om vinnig aantekeninge af te neem, of oefeninge te doen dat hulle slordige handskrifgewoontes ontwikkel.
- ii) Leerlinge gebruik dikwels penne wat te dik skryf vir rekeningkundige doeleindes, hulle sit in n te gebukkende posisie, die skryftafel is te klein en hulle gebruik nie die liniaal korrek nie.
- iii) Ongewone skryfstyl en vorming van letters en syfers kom soms voor. Hulle hoofletters bevat allerhande krulletjies en hulle syferwerk neem spesiale vorme aan wat dit vir die leser moeilik maak om korrek te interpreteer.

iv) Baie

- iv) Baie leerlinge se handskrif is te groot vir die beperkte spasies wat rekeningkunde-skryfpapier tussen kolomme toelaat en gevolglik vertoon hulle werk baie onnet. Syfers wat in kolomme nie ondermekaar geplaas is nie, gee nie net alleen die indruk van sorgloosheid nie, maar dit word meesal verkeerd opgetel.

Die vraag kan nou gevra word: "Wat kan gedoen word om die netheid van rekeningkundige werk op skool te verbeter?" Dit is n moeilike taak, maar sekerlik nie n onmoontlike taak, as in ag geneem word dat n groot persentasie skryfwerk bestaan uit syferwerk tussen 0 tot 9. Die doel is egter nie om n pragtige skryfkuns of n eenvormige skryfstyl te ontwikkel nie. Die enigste standaard wat geld in die rekeningkunde-klas is duidelikheid en netjiese werk.

Enkele aanbevelings word nou gedoen om die vereiste standaard van netheid te bereik (Boynton, 1970, pp.312-315; Vgl. ook Musselman, 1960, pp.39-43).

- i) Gedurende die eerste paar weke van aanvangsonder- rig behoort die onderwyser die leerlinge te versoek om vanaf die skryfbord in hulle beste handskrif n stuk werk oor te skryf op joernaal- papier. Hy liasseer dit en wanneer n bepaalde leerling slordige werk inhandig, word hierdie netste werk uit die lêer onttrek en aan die leerling voorgehou as n mooi voorbeeld van waar- toe hy werklik in staat is.
- ii) Dit is ook n goeie metode om vroeg in die st. 6-jaar by n bevriende firma n netjiese stel boeke te leen en aan die leerlinge vertoon, as n vereiste gestel deur die praktyk.
- iii) Bedryfsbesoeke kan gereël word sodat leerlinge persoonlik kan ondervind hoe belangrik netheid is in die sakewêreld.
- iv) Remediërende klasse moet gereël word waar be- sondere aandag verleen word aan leerlinge met handskrifgebreke.

v) Netjiese

- v) Netjiese werk uit die klas kan gereeld aangebring word op die aanspeldbord as motivering vir die leerlinge.
- vi) Volgens Boynton kan baie mense vinniger drukskrif skryf as wat hulle lopende skrif kan doen. In die sakewêreld word baie vorms en dokumente ingevul waar drukskrif eintlik verkieslik is. Dit is dus geregverdig om leerlinge wat ernstige handskrifprobleme het aan te raai om drukskrif te skryf.
- vii) Onderwysers behoort nie alleen gereeld te wys op die belangrikheid van netjiese werk nie, maar moet aandring op die gebruik van doeltreffende penne en 'n liniaal en reël dat skryftafels met genoegsame ruimte (waar moontlik) voorsien word. Leerlinge moet ook gehelp word in die evaluering van hul handskrif ten opsigte van vorm, grootte, helling en spasiëring.
- viii) Indien die onderwyser 'n redelike standaard daar stel, sal hy vind dat sy leerlinge heelhartig saamwerk. Beloon die leerlinge wat netjiese werk lewer en die onderwyser sal verstom staan oor die positiewe resultate wat hy bereik ten opsigte van netheid en die gehalte van die werk. Dié wat egter nie wil saamwerk nie, moet weet dat hulle gepeenaliseer sal word, byvoorbeeld oordoen van huiswerk, punteverlies in toetse en eksamens, ens.
- ix) Dit is baie belangrik dat leerlinge vanaf st. 6 leer hoe om foute te herstel. Dit is nie onwettig in die praktyk om 'n uitveër te gebruik nie maar dit wek agterdog by die ouditeur of rekenmeester. 'n Netjiese deurhaal van die foutiewe syfer en die aanbring van die korrekte syfer in die boonste helfte van die reël moet streng deur die onderwyser gekontroleer word. Ander foute kan meesal met behulp van 'n joernaalinskrywing reggestel word.
- x) Die onderwyser moet steeds in gedagte hou dat die standaarde wat hy vir sy leerlinge daar stel
- ook op

ook op hom van toepassing is. Sy skryfbordwerk, nasienwerk, ens. moet die voorbeeld vir die leerlinge stel.

11. Die plek van rekene in rekeningkunde-onderrig
 n Leerling kan nie vordering toon in die bemeestering van rekeningkundige beginsels, indien hy nie in staat is om die rekenkundige berekenings te maak wat baie transaksies vooraf gaan nie. Rosenberg beweer: "Bookkeeping is 75 per cent arithmetic and 25 per cent application of arithmetic" (Aangehaal deur Musselman, 1960, p.29). Alhoewel n omstrede stelling beklemtoon dit die belangrike plek wat rekene inneem in rekeningkunde-onderrig. Volgens prof. Joubert (1973, pp.17-19) presteer baie eerstejaar-studente nie na wense op universiteit nie omdat daar by hulle n gebrek is aan n analitiese vermoë. Hy is van mening dat leerlinge wat op skool handelswiskunde en wiskunde kombineer met rekeningkunde n groot voorsprong sal hê vir n B.Com-studierigting in vergelyking met ander waar hierdie kombinasie nie volledig is nie. Musselman (1960) reken dat sekere aspekte van rekene meer effektief in die junior-klasse onderrig kan word as dit deel uitmaak van die rekeningkunde-sillabus, as wanneer dit n afsonderlike vak is. Rekene word vir die leerling n middel tot n doel en nie n doel op sigself nie. Die leerling sien die behoefte aan rekenkundige kennis in en dit is alreeds n voorwaartse stap in die bemeestering daarvan (p.30).

Leerlinge in die Junior Sekondêre Skoolfase behoort bepaalde rekenkundige vaardighede, gesien vanuit n rekeningkundige oogpunt, te bemeester (Rekeningkunde-kernsillabus, 1972, pp.9; 17-18; Vgl. ook Satlow, 1952, p.386):

Die plekwaarde van syfers by bedrae in kolomme;
 Die vier hoofbewaterkings toegepas op inligting in die grootboekrekenings, hulpboeke, proefbalans, slotrekenings en die balansstaat (insluitende brondokumente, veral berekenings op n faktuur);

Die berekening

Die berekening van die koopprys op n faktuur waar handelskorting toegelaat word;

Die vasstelling van die vervaldatum by afslagterme;

Die berekening van die netto bedrag betaalbaar waar kontantkorting toegelaat word;

Berekening van persentasies:

- i) Omskepping van verhoudings na persentasies en omgekeerd
- ii) Een waarde as n persentasie van n ander
- iii) Persentasievermeerdering en -vermindering
- iv) Bruto- en netto wins op omset
- v) Winsopslag op kosprys en verkoopprys;

Die berekening van waardevermindering en enkelvoudige rente;

Die berekening van verskillende verhoudings.

Musselman (1960, pp.31-38) en Satlow (1964, p.51) doen n aantal voorstelle aan die hand om die rekenkundige probleem in die rekeningkunde-klas te hanteer.

- i) Gedurende die eerste week van die st. 6-jaar moet die skoolrekords ondersoek word ten einde op hoogte te kom met die leerlinge se rekenvermoëns op die primêre skool. Verder moet ook gedurende die eerste week n toets afgeneem word wat die klem laat val op bepaalde basiese vaardighede, byvoorbeeld hoofbewerkings, persentasies, verhoudings, ens. n Noukeurige ontleding van die resultate is nodig want dit is moontlik dat n leerling goed presteer in sommige grondbeginsels en weer swak in ander. Remediërende onder-
rig kan dienooreenkomstig beplan word.
- ii) Ontwikkel n rekenkundige vaardigheid uit rekeningkunde, byvoorbeeld rente, moet die rekeningkundige beginsel eers verduidelik word, en na bemeestering daarvan die rekenkundige probleem. Is die rekenkundige berekening essensieel vir begrip van n
transaksie, byvoorbeeld kontantkorting, moet die berekening eers bemeester word en daarna kan die transaksie die nodige aandag kry.
- iii) Die onderwyser moet waar moontlik die rekenkundige
probleem

probleem skei van die rekeningkundige probleem:

- a) Berekenings moet vereenvoudig word, byvoorbeeld gee aan die leerlinge ronde getalle om berekenings op te maak sodat hulle kan konsentreer op die rekeningkundige beginsel in plaas van op die rekenkundige probleem.
 - b) Voorlopig kan die onderwyser die rekenkundige oplossings aan die leerlinge gee en nadat die rekeningkundige probleem suksesvol opgelos is, kan aandag gegee word aan die rekenkundige beginsel.
 - c) Die rekenkundige oplossing kan ook op die skryfbord aangebring word sodat leerlinge wat twyfel hulle antwoorde daarmee kan vergelyk.
- iv) Leerlinge moet nie gekonfronteer word met onrealistiese rekenkundige probleme wat nooit in die praktyk voorkom nie, byvoorbeeld, leerlinge moet van die netto bedrag op n tjek ontvang, die bruto bedrag van n grootboekrekening bereken om die kontantkorting te bepaal.
- v) Vir rekenkunde-onderrig is dit ook belangrik dat n besigheidsatmosfeer geskep word in die klas-kamer. Dit kan gedoen word deur by wyse van afwisseling, leerlinge toe te laat om berekenings met behulp van rentetafels en optelmasjiene te maak. Verkoopfakture kan aan leerlinge gegee word en van hulle verwag word om die nodige berekenings te maak (bv. korting of rente) en dit dan netjies op die faktuur aan te bring. Kruistel van totale op state word deur enige rekenmeester as vereiste gestel aan die rekeningkundige personeel. Die kleinkasboek bied n ideale geleentheid aan die onderwyser om hierdie vaardigheid by sy leerlinge te ontwikkel.

12. Die plek van taal in rekeningkunde-onderrig

Goeie taalgebruik, beide mondelings en skriftelik, en die vermoë om gedagtes ondubbelsinnig aan ander bekend te maak is noodsaaklik in die rekeningkundige studieveld. Daagliks word in die sakewêreld talle onderhoude gevoer,

finansiële

finansiële verslae geskryf, notules van vergaderings gehou en briewe uitgestuur na kliënte en ander sake-ondernemings. Gee die skool nie noukeurig aandag aan taalgebruik nie, het diegene wat opgelei word, geen markwaarde in die sakewêreld nie.

F.W. House (aangehaal deur Musselman, 1960, p.23) het in 'n doktorsale studie in die VSA bevind dat meer as 60 persent van die leerlinge wat vir die eerste keer tot die rekeningkunde-klas toegelaat word, nie oor genoegsame leesvaardigheid beskik om met begrip rekeningkundige leerstof te lees nie. Volgens hom is daar drie faktore wat die leesprobleem vererger, naamlik: die uiters moeilike woordeskat van rekeningkunde-kursusse; die moeilik leesbaarheid van onderrigmateriaal; 'n relatief groot aantal leerlinge is op 'n lae leespeil.

Weens sy tegniese karakter besit rekeningkunde 'n moeilike woordeskat. Die woordeskat bestaan uit tegniese terme en gewone terme met 'n spesiale rekeningkundige betekenis. Wanneer hy toetree tot die rekeningkunde-klas ondervind die leerling dat terme wat reeds lankal deel van sy woordeskat is, nou 'n heeltemal ander betekenis het in rekeningkunde. Voorbeelde van sodanige terminologie is: rekening, bedrag, balans, kapitaal, kontant, krediet, inskrywing, afsluiting, pos, rekord, staat, totaal. Die volgende terminologie, wat dikwels deur onderwysers omruilbaar gebruik word sonder om dit deeglik te omskryf, skep ook baie probleme:

rekeningkundige periode, finansiële periode;
 slegte skuld, oninbare skuld, slegte rekening,
 onverhaalbare skuld, oninbare skuld;
 kontant voorhande, kasbalans, balans voor hande;
 eienaarsbelang, netto waarde, kapitaal;
 vervaldag, betaaldag;
 netto inkomste, netto wins;
 wins- en verliesrekening, inkomstestaat, inkomste-
 en uitgawerekening;
 laste, skulde, verpligtinge;
 state, finansiële verslae.

Verwarring

Verwarring ontstaan soms omdat dieselfde transaksie op verskillende maniere gestel kan word; byvoorbeeld: die firma verkoop goedere vir kontant aan J. Brink; of J. Brink koop goedere vir kontant van die firma. Transaksies wat indirek gestel word, dit wil sê so gestel word dat uit die bewoording dit lyk of daar meer as twee moontlike elemente kan wees en waaruit die leerlinge, deur ontleding, die regte twee elemente of rekenings moet uitsoek skeep soms baie probleme; byvoorbeeld, verkoop goedere aan S. Ras vir 'n tjek en bank die tjek onmiddellik.

Enkele wenke word vervolgens aan die hand gedoen om die leesprobleem te bekamp (Musselman, 1960, pp.26-29; Vgl. Mudie, 1968, pp.67-68).

- i) Die memoriseer van woordelyste en definisies is sinloos omdat rekeningkundige terme eers 'n permanente deel van 'n leerling se woordeskat word, as dit geassosieer kan word met werklike lewenservaring, byvoorbeeld die term "bate" en sy definisie "eiendom of reg op eiendom wat besit word en 'n geldwaarde het" kry eers vir die leerling sinvolle betekenis as hy dit kan assosieer met 'n fiets, radio, kamera, ens.
- ii) Voordat nuwe werk aangepak word, is dit wenslik om sorgvuldig 'n lys te maak van tegniese terme wat ontmoet sal word. Die onderwyser moet homself op hoogte bring met die besigheidservaring van sy leerlinge en hul ouers se beroepe sodat hierdie terme aansluiting kan vind by die lewenservaring van die leerlinge.
- iii) In die aanvangstadium van onderrig moet die onderwyser seker maak dat sy leerlinge die terminologie verstaan. Die gebruik van verskillende terme wat dieselfde betekenis het moet ook aanvanklik vermy word.
- iv) Voordat huiswerk aan leerlinge gegee word moet die onderwyser die oefeninge in die handboek nagaan, sodat moeilike terme geïdentifiseer kan word en aan die leerlinge duidelik gemaak kan word.
- v) Onderwysers

- v) Onderwysers behoort in die klaskamer tyd in te ruim om leerlinge te leer hoe om die handboek te lees en te bestudeer. By die nagaan van huiswerk is dit 'n goeie gebruik om van leerlinge te verwag om eers die transaksie te lees voordat die antwoord verstrekk word. Waar dit van leerlinge verwag word om 'n bepaalde onderwerp in die handboek te bestudeer is dit noodsaaklik dat die leerlinge gehelp word om te begryp wat werklik meegedeel word deur die skrywer. Voorsiening van 'n lys vrae is een metode om leerlinge se aandag te vestig op belangrike feite. As voorbeeld word die balansstaat geneem en die volgende vrae kan voorsien word: Waar vind jy die datum?
Op watter kant word die bates aangetoon?
Is die totaal van die bates dieselfde as die totaal van die laste?
Kan jy 'n rede gee vir jou antwoord?

Die plek van tegniese terminologie is belangrik in rekeningkunde-onderrig maar wat van groter belang is, is die begrip "agter die term" en die proses(se) wat dit verteenwoordig. Satlow (1964, p.53) stel dit so: "Your students will learn more effectively if you give priority in your teaching to the development of the idea behind the term, the process behind the definition, the function behind the form".

13. Samevatting

In hierdie hoofstuk is hoofsaaklik aandag gegee aan rekeningkunde as skoolvak. In 1966 is die naam van die vak "boekhou" in Suid-Afrika verander na "rekeningkunde" (Eksteen, s.j. p.25). Dit was dus nodig om kortliks te onderskei tussen die benamings rekeningkunde en boekhou en tot die gevolgtrekking is gekom dat die huidige benaming "rekeningkunde" is geregverdig omdat dit dui op 'n klemverskuiwing van leer-deur-doen-vak na 'n begrip-vak. Insig moet nagestreef word. Daar is ook op gewys dat rekeningkunde wel as vak op skool 'n bestaansreg het omdat dit 'n vak is wat groot beroeps- en gebruikswaarde het

waarde het vir die leerling.

Geen mens kan aanspraak maak op volmaaktheid nie en daarom was dit nodig om bepaalde leentes in rekeningkunde-onderrig aan te dui. Elke redelike mens aanvaar sy tekortkominge maar daar is ook 'n innige begeerte tot verbetering. Elke rekeningkunde-onderwyser wat daarna streef om die standaard van sy onderrig op 'n hoër vlak te plaas sal aandag moet gee aan aspekte soos, korrelasie van sy vak met ander handelsvakke, eise wat sakemanne aan die onderrig van sy vak stel, doelstellings van sy vak en die belangrikheid van handskrif, netheid, rekene en taal by die onderrig van sy vak.

Noodwendig moes die persoon van die onderwyser ook onder die soeklig kom, want dit is hy wat moet klasgee. Om dit te kan doen moet hy nie net alleen die inhoud en doel van die leerstof van sy vak ken nie, maar hy moet ook sy leerlinge en hulle behoeftes ken en hy moet oor sekere persoonlike hoedanighede, kennis en ervaring beskik om sy taak suksesvol te verrig.

Die belangrikste taak van die onderwyser bly egter om die leersituasie doeltreffend te organiseer. Die leerlinge moet immers die leerstof leer, memoriseer en tot hulle eie verwerk. Doeltreffende onderwys hang af van die mate waarin die onderwyser daarin slaag om 'n brug te bou tussen die onderrigproses en die leerproses (De Wet, 1971, p.1). Met die oog hierop word in die volgende hoofstuk 'n aantal psigologies-didaktiese beginsels geformuleer wat vrugbare resultate in rekeningkunde-onderrig kan verseker.

HOOFSTUK III

PSIGOLOGIES-DIDAKTIESE BEGINSELS BY DIE ONDERRIG VAN REKENINGKUNDE

1. Inleiding

Rekeningkunde-onderrig steun op 'n sisteem van psigologies-didaktiese beginsels wat ten nouste rekening hou met die verskillende eienskappe wat in die psigiese ontwikkeling van die hoërskool-leerling vorm aanneem.

Voordat hierdie beginsels een vir een bespreek word, moet daarop gewys word dat uit die aard van die wesens-eenheid van die hele onderrigproses, die beginsels eensins geïsoleerde prosedures is nie; hulle is onderling vervleg en moet as 'n eenheid gesien en gehandhaaf word.

2. Die beginsel van doelgerigtheid

Rekeningkunde-onderwys moet, net soos alle onderwys, ja, soos enige onderneming in die lewe, doelgerig wees om suksesvol te wees. Enige onderwyser wat begeer om doeltreffend te kan onderrig moet 'n vaste doel hê, wat bereik en verwesenlik moet word.

Psigologies is bewys dat die leerling beter leer en gevolglik beter resultate behaal as hy doelgerig leer (Yoakem, 1955, p.26). Slaag die onderwyser daarin om aan die kind 'n doelnastrewende opdrag te gee, aktiveer hy die wil om te leer, om probleme wat in sy weg staan om 'n oplossing te bereik te oorbrug. Doelgerigte onderrig bring eenheid en sinvolheid in die leersituasie vir die kind. Die kind kan sien dat hy opweg is om 'n bepaalde doel te bereik, hy kan in 'n groot mate sy eie vordering bepaal en hy kan vasstel wat nog bereik moet word. Doelgerigte leer lei tot begrypende verstaan van die leerinhoud, 'n belangrike beginsel by die bemeestering van rekeningkundige beginsels (Mursell, 1954, pp.49-54).

Daar is bepaalde eise wat by die vasstelling van 'n doel in ag geneem moet word. In die eerste plek moet die onderwyser weet wat hy wil bereik. Hy moet sy leerstof
ken.

ken. Hy moet die beperkings en moontlikhede van sy leerstof ken en hy moet n oorsigtelike beeld van sy leerstof hê. Ken hy sy leerstof kan hy by aanbieding die leerlinge se aandag vestig op belangrike feite (byvoorbeeld dit wat belangrik is in die opskrif van n handelsrekening), hulle waarsku teen foute wat gewoonlik gemaak word (byvoorbeeld nominale uitgawes wat in die wins- en verliesrekening hoort, word foutiewelik deur leerlinge in die handelsrekening geplaas), en kan hy onmiddellik foute diagnoseer en leerlinge se probleme oplos (Bekker, s.j. p.2).

Die onderwyser moet in sy doelstelling voorsiening maak vir die metodes wat hy wil gebruik om sy leerlinge se karakter te help vorm, hulle te leer dink en om hulle kennis te vermeerder. Alleen as die onderwyser presies weet wat hy elke dag wil bereik en watter metode hy gaan aanwend om dit te bereik, sal die onderrigproses in sy klaskamer gekenmerk word deur doelbewustheid, doelgerigtheid en doeltreffendheid (Coetzee, 1940, p.27).

In die tweede plek, n doel wat nie bereik kan word nie is sinloos en daarom moet die onderwyser seker maak dat dit bereikbaar is. Kortliks beteken dit dat hy rekening sal hou met:

i) Die eise wat die sillabus stel

Die onderwyser kan slegs n doel vir die hele klas en n doel vir elke individuele kind bepaal indien hy noulettend aandag gee aan die eise van die sillabus, soos uiteengesit in die doelstellings en leerstof-inhoud van sy vak. Die doelstellings van rekeningkunde is reeds volledig bespreek (Vgl. hfst. II, par. 7) en gevolglik word hier slegs gekonstateer dat by die vasstelling van n bereikbare doel die klem moet val op die ontwikkeling van logiese denkprosesse, analitiese vermoëns, sistematiese benadering en vorming van die persoonlikheid. Kinders verskil van mekaar en daarom sal goeie rekeningkunde-onderrig vir elke kind die doel so formuleer dat bostaande vermoëns of eienskappe sinvol verwesenlik word in sy totale persoonlikheid (Hartman, 1972, p.34).

ii) Die

ii) Die eis van ekonomiese besteding van tyd en kragte
 Alleen deur puik klasorganisasie, deeglike jaar- en lesbeplanning, die skepping van 'n regte vakatmosfeer, gesonde klasgees, 'n mooi verhouding tussen leerlinge onderling en tussen leerlinge en onderwyser, toewyding en geesdrif van die onderwyser, kan tyd en kragte die beste benut word en maak dit die bereiking van die doel moontlik (Eksteen, 1970, p.16).

iii) Die eis van die leerling

Die rekeningkunde-onderwyser moet die leerling in sy eie leefwêreld kan ontmoet, kennis dra van sy psigiese ontwikkeling, sy tekortkominge, belangstellings en moontlikhede sodat hy deur die toepassing van gesonde didaktiese beginsels die doel vir die leerling bereikbaar kan maak.

In die derde plek is die doelstelling ook baie nou verwant aan die lewens- en wêreldbeskouing van die onderwyser. Die rekeningkunde-onderwyser is per slot van sake nie net onderwyser-didaktikus nie, maar hy is ook opvoeder. By dit alles wat hy graag deur doelgerigte onderrig wil bereik, sal hy ook besin oor hoe hy te werk kan gaan om met die grootste vrug die kind te kan lei tot "die verwerwing van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing; en bo alles om die kind deur middel van al hierdie dinge te lei tot kennis, liefde en vrese van God" (Van Loggenberg, 1966, p.148).

Samevattend kan beweer word dat die keuse van 'n doel uiters belangrik is. Dit is die doel wat rigting gee aan die rekeningkunde-onderwyser by die behandeling van elke afsonderlike les en eenheid aan sy werk as geheel; dit bepaal die keuse van die leerstof, die benadering tot die leerstof, die leermiddele, die metode wat in die klas gevolg moet word; dit gee rigting aan die gedagte van die kind deurdat op die kern afgestuur word en alle onbenullighede weggesnoei word, en dit vergemaklik die beoordeling van die welslae, al dan nie, van die arbeid van die onderwyser (Greyling, 1955, p.53).

3. Die ...



3. Die beginsel van beplanning

In die voorafgaande afdeling is daarop gewys dat doelgerigte rekeningkunde-onderrig suksesvolle onderrig is. Indien doelgerigtheid dan 'n kenmerk van doeltreffende onderrig is, spreek dit vanself dat goeie beplanning doelgerig op die doelwit moet afstuur.

Rekeningkunde word gekenmerk deur planmatigheid, orde en sisteem en geen onderwyser, selfs die ervare man, kan sonder deeglike beplanning hierdie vak tot sy reg laat kom nie. Beplan die onderwyser sy jaartaak deeglik, besin hy noukeurig hoe hy sy st. 6-leerlinge gaan inlei tot die grondbeginsels van rekeningkunde, hoe hy elke dag se les gaan aanbied en watter metodes en hulpmiddels hy gaan aanwend om sy doel te bereik, hoe hy sy leerlinge aktief gaan betrek in die beplanning, kan hy daarop reken dat die afhandeling van sy taak sistematies en suksesvol sal verloop.

Met hierdie enkele inleidende opmerkings word voorlopig volstaan aangesien die hele vraagstuk van beplanning volledig aandag ontvang in hoofstuk IV.

4. Die beginsel van individualisering

Die vernaamste bydrae wat die opvoedkundige sielkunde gedurende hierdie eeu tot die onderwys gelewer het, is die beklemtoning van individuele verskille tussen leerlinge ten opsigte van hulle verstandelike, fisiese en persoonlikheidseienskappe (Onderwysburo, T.O.D., 1960, p.65).

Die kind is 'n unieke, eenmalige, onherhaalbare en eiesoortige wese, in vele opsigte soos alle ander kinders; in vele opsigte anders as enige ander kind (Jooste, 1973, p.21). In die rekeningkunde-klas word dan ook gevind dat leerlinge verskil in die redes waarom hulle die vak neem; hulle verskil wat omgewingsfaktore, belangstellings, behoeftes en verstandelike vermoëns betref; en hulle kennis aangaande die sakewêreld verskil. Spache (1955, p.23) beweer dat ongeveer een derde van die klas kan die

werk

werk maklik baasraak, een derde kan dit alleen met 'n uiterse poging bemeester, terwyl die res selfs werk van 'n volgende standerd met sukses kan aanpak. Doeltreffender rekeningkunde-onderrig is gevolglik moontlik indien die onderwyser differensieer ten opsigte van vakinhoud en werktempo.

Individualisering is volgens Boshoff (1967) 'n didaktiese beginsel wat aandui wat onderwysers in die praktyk doen, kan doen en behoort te doen, in 'n strewe om rekening te hou met individuele verskille by hulle leerlinge (p.13). Keyter (1936) sien in die individualiteitsbeginsel "die erkenning van die eie, individuele aard en waarde van die individu en die reg om langs daardie weë te ontwikkel" (p.227). Individualisering moet egter onderskei word van differensiasie. Waar geïndividualiseerde onderwys strewe na dié doeltreffendste in agneming van verskille van individu tot individu binne klasverband, is die doelstrewe van gedifferensieerde onderwys om voorsiening te maak vir verskille van groep tot groep. Word egter aan elke leerling binne 'n homogene groep geleentheid gebied om volgens sy eie vermoëns te ontwikkel, vind individualisering plaas (Boshoff, 1967, p.15).

By die toepassing van individualisering in die rekeningkunde-klas moet die onderwyser veral rekening hou met die volgende aspekte:

- i) Geen leerling leer 'n vaardigheid, die vermoë om probleme op te los, toepassings te maak of feite te onthou op presies dieselfde wyse as 'n ander leerling nie. Dit word gevind dat selfs waar noukeurige instruksies gegee word leerlinge dikwels nog maar hul eie metode volg om die werk af te handel. Gevolglik moet die persoonlike ontwikkelingsdrang van elke kind geëerbiedig word sodat hy onderrig kan ontvang wat in ooreenstemming is met sy eie aanleg, ontwikkelingstempo en belangstelling (Yoaken, 1955, p.28).
- ii) Leerlinge verskil met betrekking tot hulle gereedheid om nuwe leerstof te begryp en tot hulle eie te verwerk

- te verwerk. Sommige kan nie wag dat nuwe leerstof aangebied word nie, terwyl ander eers in 'n staat van gereedheid gebring moet word deur die opwekking van belangstelling of die skepping van die regte geesteshouding (Musselman, 1960, p.51).
- iii) Leerlinge leer deur sy eie foute (Mursell, 1954, p.182). Hoe dikwels word gevind dat leerlinge n oefening uitwerk, nie tevrede is nie, en weer van vooraf begin. Onderwysers behoort simpatiek te staan teenoor hierdie metode van "probeer-en-tref" en weer te probeer, want dit lei meesal tot insig, begrip en die ontwerp van eie oplossings-metodes.
- iv) Hulpverlening mag slegs gegee word as dit absoluut essensieel is, anders word die leerling se selfstandigheidsontwikkeling nie bevorder nie (Aarts, 1962, p.267).
- v) Individualisering, ten einde tot voordeel van die leerling te wees, moet aan sekere didaktiese kriteria voldoen, byvoorbeeld dit moet 'n positiewe bydrae maak tot leerlinge se leertempo; dit mag nie orde-probleme skep nie; 'n groot variasie van aktiwiteite moet aangebied word wat telkens soveel moontlike leerlinge sal betrek; en afwisseling van aktiwiteite moet so georganiseer word, dat dit nie onsekerheid in die leersituasie bring nie (Oosthuizen, s.j. p.78).

Individualisering kan in die rekeningkunde-klas toegepas word deur gebruik te maak van verskeie metodes, waaronder (Boshoff, 1967, pp.271-349; Vgl. Wellman, 1953, pp.319-320):

- Nasiening van 'n leerling se werk saam met hom;
- Persoonlike aandag gedurende of buite lesure aan leerlinge wat probleme ondervind;
- Individuele aandag aan leerlinge wat in baasrakingstoetse getoon het dat hulle bepaalde afdelings van die werk nog nie bemeester het nie;
- Addisionele herhalingsoefeninge aan skrandere leerlinge terwyl die werk weer met swakke leerlinge hersien word;
- Addisionele drillwerk-oefeninge aan swakke leerlinge terwyl die

wyl die res van die klas besig is met oefenstelle;
Toestemming aan leerlinge wat tydelik om grondige redes
agter geraak het, om agterstallige werk gedurende klas-
tyd op hul eie te doen;

Werkopdragte van uiteenlopende moeilikheidsgraad aan
leerlinge te gee;

Individuele opdragte, byvoorbeeld klasprojek, klas-
versameling of eie versameling van handelsdokumente of
selfstudie van bepaalde onderwerpe uit die sillabus.

5. Die beginsel van geheelsiening (totaliteitsbeginsel)

Vandag word in die onderwys uitgegaan van die totaliteit-
standpunt soos gebaseer op die teorie van die Gestaltsiel-
kunde. Volgens hierdie teorie is die geheel meer as die
som van die dele en die dele ontleen hulle betekenis aan
die geheel (Kruger, 1968, p.85). Dit impliseer dat leer
meer betekenisvol is wanneer die leerling verbande sien
in die leersituasie. Waar die klem vandag al hoe meer
val op insig of verstaan van feite is dit volgens die
Gestaliste, belangrik om daarop te let dat n leerling
nie n verskynsel verstaan wanneer hy dit as n geval
op sigself beskou nie, maar wanneer hy die verband tus-
sen onderdele in die totaliteit gesnap het (Butler,
1954, p.141).

Effektiewe leer is dus eenheidsleer. Eenheidsleer maak
dit vir die leerling moontlik om die diepere betekenis
van leerstof in te sien en sinvolle interpretasies en
toepassings te maak (Butler, 1954, p.145). Volgens
Bevelander (1959) het werklike leer nog nie plaasgevind
voordat die toepassingstadium bereik is nie (p.6).

In rekeningkunde word beoog om weg te breek van roetine-
en papegaaiwerk wat so dikwels n kenmerk van boekhou is.
Dit sal alleen moontlik wees as integrerende en verband-
sienende onderwysmetodes toegepas word. Verwag die
onderwyser dat insigtelike leer by sy leerlinge plaas-
vind moet hy, soos die Gestaltsielkunde bepleit, uit-
gaan van die geheel, die bekende en die konkrete sodat
leerlinge die onderlinge verband kan sien en insig ver-

werf

werf (Hartman, 1972, p.35).

Harms en Stehr (1963) verklaar: "Bookkeeping teachers should at various times check to see if the pupils in the class can visualize the entire process they have been studying" (p.330). Rekeningkunde word juis gekenmerk as 'n logiese geheel wat, indien die leerling die logika reg begryp, opeenvolging van stappe vereis. Doen hy hierdie stappe korrek, ervaar hy die opwindende gevoel van sukses, byvoorbeeld die emosionele bekendmaking aan sy mede-leerlinge en die onderwyser dat sy proefbalans of balansstaat klop.

Een van die besondere kenmerke van rekeningkunde-onderrig is die sogenaamde siklusbenadering of spiraalontwikkelingsbeginsel. Dit beteken dat die leerstof in 'n spiraalvolgorde aangebied word. By eerste aanbieding word eenvoudige beginsels behandel wat aansluiting vind by die leefwêreld van die kind. Hierdie beginsels word egter as 'n geheelbeeld aangebied. Agtereenvolgens word deur die hele spiraal gewerk en word nuwe begrippe ingebring wat gebou is rondom die kernbegrippe wat in voorafgaande stappe reeds bemeester is (Tonne, 1957, pp.224-225).

Prakties kan die spiraalontwikkelingsbeginsel as volg geïmplementeer word: Die leerling word gekonfronteer met 'n paar eenvoudige transaksies wat in die joernaal aangeteken moet word. Hierdie transaksies word vervolgens oorgeboek na die grootboek en 'n eenvoudige proefbalans word opgestel. Hierna word aan die leerlinge getoon, watter effek die transaksie(s) het op die inkomste- en balansstaat. Die kringloop is voltooi en die leerling het 'n geheelbeeld verkry van die praktiese verloop van rekeningkunde in die praktyk. Die spiraal word nou weer deurgewerk met die invoeging van meer en geleidelik moeiliker, gegradeerde transaksies.

By die toepassing van hierdie metode, is dit belangrik om nie te vinnig deur die siklus te werk nie; trouens daar moet nie gepoog word om die hele siklus in een dag

aan te

aan te bied nie. In die begin moet daar ook nie te veel verduidelikings gegee word nie want die ervaring het geleer dat sommige leerlinge nie alles onmiddellik begryp nie. Omskrywings in die joernaal moet tydelik weggelaat word, terwyl verwysings na kontra-rekenings in die grootboek aanvanklik ook nie nodig is nie. Rekenings word ook nie volgens die aanvaarde metode saldeer nie, maar die balanse word deur middel van optel- en aftrekberkenings gevind. Die onderwyser moet seker maak dat die leerlinge die basiese spiraalbeginsel verstaan, voordat hy nuwe begrippe integreer in 'n tweede en agtereenvolgende deurwerking van die spiraal (Harms en Stehr, 1963, pp.364-365).

Die spiraalontwikkelingsmetode bied 'n aantal belangrike voordele vir rekeningkunde-onderrig wat aandag behoort te verdien.

- i) Die leerling kry redelik vinnig 'n elementêre geheelbeeld van wat rekeningkunde behels: joernalisering, oorboeking na die grootboek, afsluiting van grootboekrekenings, opstelling van die proefbalans, inkomstestaat en balansstaat.
- ii) Dit maak pragtig voorsiening vir die aansluiting van nuwe kennis by reeds bestaande kennis. Dit wek belangstelling omdat die leerling 'n helder beeld het van die geheel voordat hy nuwe kennis integreer by die spiraal (Van Loggerenberg, 1966, p.163).
- iii) 'n Kenmerk van die metode is, dat leerlinge aanvanklik voor maklike probleme gestel word en namate hulle dit bemeester het, word gaandeweg moeiliker probleme ingebring.
- iv) Dit kan met vrug gebruik word as 'n hersieningsmetode voordat leerlinge 'n oefenstel uitwerk (Harms en Stehr, 1963, p.362).
- v) Remediërende oefeninge kan ook in die spiraal ingevoeg word, om leerlinge te help wat probleme ondervind om vorige stappe te begryp.

Geheelshiening is 'n stryd teen vakversnippering en itemleerdery

leerdery. Dit is te begrype waarom die meeste rekeningkunde-onderwysers die spiraalontwikkelings-beginsel in die VSA toepas (Boynton, 1970, p.112). Watter alternatiewe metodes ook al toegepas word, mag die volgende opmerking altyd voorkeur geniet in ons onderrigbenadering: "In bookkeeping you do not understand the parts unless you understood the whole. Let us simplify the whole, if we must, but let us not maim the subject" (Aangehaal deur Boynton, 1970, p.112).

6. Die beginsel van motivering

Verhoogde motivering vergesel verhoogde prestasie (Malherbe, 1973, p.299). Leerlinge wat presteer vertoon n hoër motiveringspeil as onderpresteerders (De Wet, 1971, p.4).

Onder motivering word verstaan dat die leersituasie so georganiseer word, dat die leerling uit eie oorweging die behoefte voel om te leer omdat hy n duidelike doel voor oë het wat hy kan bereik deur die leerstof te leer. Die leerstof prikkel hom en daarom stel hy belang daarin en wil hy graag meer daarvan weet (Aarts, 1962, p.61). Die leerling besit energie wat vrygestel moet word om leer te laat plaasvind. Motivering is gevolglik n aktivering van sluimerende leerenergie sodat betekenisvolle leer kan plaasvind. Dit is leer wat vir hom waarde en betekenis het en wat hom aanspoor om nog meer te wil weet (Butler, 1954, pp.149-150).

Selfontdekking is n psigologiese kenmerk van die hoërskoolleerling. Rekeningkunde is n vak wat pragtig geleentheid bied vir logiese beredenering en gevolglik die ontwikkeling van die selfontdekkingsdrang by die leerling. Die taak van die onderwyser is nou om die leerstof op so n wyse aan te bied dat dit die kind inspireer om self te leer dink, leer soek en leer ondersoek, sodat hy self tot insig kom en oplossingsmetodes formuleer (Hartman, 1972, p.35). Harms en Stehr (1963) skryf in dié verband: "Effective teaching is that which motivates, not merely for the present but for the future exploration

exploration of any particular field of study. Teaching that provides negative motivation writes finis to further exploration and development" (p.320).

In die st. 6-klas word dikwels leerlinge aangetref wat teen hulle sin rekeningkunde moet neem. Die onderwyser word voor die uitdaging gestel hoe om hierdie leerlinge te laat belangstel in sy vak, veral waar baie leerlinge worstel met vrae soos: "Waarom moet ek nou juis rekeningkunde neem? Watter waarde het dit vir my?" Boynton (1970) doen die volgende aan die hand om hierdie leerlinge te motiveer om belang te stel in rekeningkunde (p.108):

- i) Die onderwyser moet by die aanvang van die eerste kwartaal die redes vasstel waarom hulle in die rekeningkunde-klas is en wat hulle behoeftes is.
- ii) Deur middel van n leergesprek moet alle misverstande oor rekeningkunde uit die weg geruim word.
- iii) Waar nodig moet gesindhede van leerlinge verander word.
- iv) Die doelstellings, gebruiks- en beroepswaarde van dié vak moet aan die leerlinge verduidelik word.
- v) Onderwyser-leerling beplanning moet gedoen word.
- vi) Die skepping van n vertrouensrelasie tussen onderwyser en leerlinge mag baie bydra tot belangstelling by leerlinge.
- vii) Bied dwarsdeur die kursus aan die leerlinge die geleentheid om vir hulself te dink en nie net te doen wat aan hulle voorgeskryf word nie.

Aansluitend by die gedagtes van Boynton is die volgende voorbeelde van motiveringsfaktore (Van Loggerenberg, 1966, pp.152-154; Vgl. Harms en Stehr, 1963, pp.32-33, 320-321):

- i) n Goeie onderwyser kan deur sy voorbeeld en inspirerende leiding leerlinge meevoer tot besondere taakvervulling in sy klaskamer.
- ii) Die onderrigmetode wat gebruik word moet aanpas by die ontwikkelingspeil van die leerlinge. In die Junior Sekondêre Skoolfase is dit nodig dat die onderwys veraanskoulik sal word deur gebruikmaking van

making van verskillende onderrighulpmiddels
(Vgl. Hfst. V).

- iii) n Goeie metode in rekeningkunde om belangstelling te wek, is dat die leerlinge die transaksies verduidelik in plaas daarvan om die transaksies te doen vanaf oefeninge in die handboek.

Voorbeeld

Vraag: Onderstaande rekening verskyn in die boeke van G. Dixon.

Dt.	A. Wilson		Kt.
Apr. 11	Huur ontvang R	5	Apr. 1 Saldo a/b R210
" 16	Bank	206	" 19 Inkope 56
" 16	Korting ontvang	4	
" 25	Kommissie ontvang	10	
" 30	Saldo o/b	<u>41</u>	
		<u>R266</u>	<u>R266</u>

Beantwoord nou die volgende vrae:

- Wie skuld op 1 April R210; en aan wie?
- Verduidelik volledig die aard van die transaksie op 11 April.
- In watter hulpboek sal jy gaan soek vir die transaksie op 11 April?
- Wat vertel die transaksie van 16 April jou?
- Watter dokument het aanleiding gegee tot die transaksie op 19 April; vanaf watter hulpboek is hierdie transaksie oorgeboek?
- Befinvloed die kommissie die wins van Dixon in enige opsig? Indien wel, verduidelik presies hoe.
- Wat vertel die balans op 30 April jou?

Hierdie tipe vrae wek nie net alleen belangstelling nie, maar toets ook of leerlinge werklik verstaan wat hulle doen.

- iv) Skoolwerk moet met die lewe korreleer word, sodat leerlinge die waarde van rekeningkunde self kan ontdek;

ontdek; byvoorbeeld deur bedryfsbesoeke kan leerlinge self kennis maak met werklike rekeningkundige stelsels; gassprekers bring praktiese probleme na die klaskamer; versameling van handelsdokumente, vakansie-werk van n rekeningkundige aard kan rekeningkunde as vak vir die leerling laat "leef".

- v) Die leerstof moet so gedifferensieer word, uitdaging en problematies wees, dat elke leerling die vooruitsig het om die genot van sukses te smaak omdat hy iets gedoen het of begryp het wat hy voorheen nie verstaan of kon doen nie. n Eenvoudige kasboek wat n swak leerling korrek saldeer, kan dien as n besondere stimulus vir hierdie leerling om harder te werk.
- vi) Deur taktvolle en oordeelkundige benadering kan die onderwyser die wedyweringsdrang by die kind gebruik as motiveringsfaktor. Hierdie motiefkrag kan die beste benut word, wanneer wedywering sovermoontlik tussen gelykes geskied of die kind met homself laat wedywer om sy eie prestasies te verbeter.
- vii) Rekeningkunde bied pragtig geleentheid tot die ontwikkeling van sosiale deugde. Sosiale goedkeuring en aanprysing van goeie gedane werk dien as n wonderlike aansporing. Ervaring het geleer dat n onderwyser wat waardering het vir goeie en netjiese skriftelike werk in rekeningkunde, toenemende belangstelling en ywer by sy leerlinge ontlok.

Rekeningkunde is n begripsvak. Enige metode van motivering wat aangewend word wat nie lei tot insiggewende begrip nie, het weinig waarde vir rekeningkunde-onderrig. Begryp die leerling wat hy doen is hy gelukkig, is daar vaste of permanente intrinsieke motiewe aanwesig wat dwing tot denkinspanning, die sleutel tot sukses in rekeningkunde (Butler, 1954, p.156).

7. Die beginsel van aanskouing (belewing)

Harms en Stehr (1963) verklaar: "Bookkeeping is a real, vital, living, functional experience and should be taught as such" (p.321). Hierdie stelling impliseer dat die teoretiese en praktiese aspekte van die vak soveel moontlik geïntegreer en gekorreleer word. Rekeningkunde as vak kan lewe as die onderwyser gedurig geleentheid aan sy leerlinge bied om die leerstof prakties te beleef sodat hulle sodoende die teorie beter kan begryp. Hoërskoolleerlinge wil graag meedoen, ervaar en belewe en aangesien rekeningkunde ideale geleenthede daartoe bied, moet die leerstof so aangebied word dat die leerlinge dit self ervaar en belewe want dit verseker dat hulle die teorie sal begryp (Hartman, 1972, p.35; Vgl. Malherbe, 1973, p.252).

In hoofstuk V word ondersoek gedoen na die psigologiese grondslae van die beginsel van veraanskouliking en sal aandag gegee word aan konkrete hulpmiddels wat aangewend kan word om rekeningkunde as vak te laat "leef" in die klaskamer.

8. Die beginsel van leerlingsselfaktiwiteit of self-werksaamheid

Pestalozzi en ná hom Froebel het die beroemde uitspraak gedoen dat alles wat geleer word, deur selfwerksaamheid geleer word (Greyling, 1955, p.520). Effektiewe leer is dus aktiwiteitsleer. Wil die leerling kennis verwerf wat vir hom waarde het en wat resultate van blywende aard bring, moet hy dit bekom deur selfinspanning en eie toedoen (Yoakem, 1955, p.28).

Onder selfwerksaamheid word verstaan al daardie aktiwiteite van 'n lerende kind wat met eie krag soek, navors, skep, ontdek, doen, dink, verower en beheers, dit wil sê aktiwiteite wat vrywillig spruit uit eie belangstelling (Van Loggerenberg, 1966, p.154).

Hoe bevorderlik hierdie beginsel is vir die leerhandeling in rekeningkunde blyk uit die volgende twee aanhalings:

"Learning is doing. Most students learn more readily
through

through experience than they do from reading the printed page Learning is a continuous process of finding out things. In bookkeeping learning does not mean memorizing, without purpose and understanding the facts written in the textbook" (Musselman, 1960, p.50). En: "Rekeningkunde is by uitstek 'n doenvak of begripvak, volgens aanvaarde rekeningkundige beginsels. Die gesegde 'Vir ken is daar net een voldoende bewys en dit is doen' is vir rekeningkunde beslis waar" (Eksteen, s.j., p.23). Dit is dus duidelik dat alle moontlike kennis, insigte, gesindhede en karaktereienskappe wat 'n kind deur rekeningkunde-onderrig kan bekom, grootliks deur eie inspanning en aktiwiteit verwerf word.

In hoofstuk VI word die leerlingsselfaktiwiteits-beginsel volledig bespreek en word nagegaan hoe hierdie beginsel in die rekeningkundeklas toegepas kan word, tot voordeel van elke leerling.

9. Die beginsel van sosialisering

Die mens is na sy aard 'n sosiale wese. Die behoefte aan medemenslike ondersteuning en belangstelling en die drang tot ondersteuning is geleë in die aard en wese van die mens. Die mens moet sy taak nie net tussen mense verrig nie, maar hy moet dit saam met die medemens verrig (Coetzee, 1965, p.157). Weens hierdie sosiale bestemming van die mens, moet in die didaktiek dan ook 'n sosialiteitsbeginsel erken word (Keyter, 1936, p.227).

As didaktiese grondbeginsel berus sosialisering op die uitgangspunt dat skoolleersituasies noodwendig sosiale situasies is. Alhoewel die kind individueel leer, lê sosiale beïnvloeding in die struktuur van die leerproses ingewef. Dit kan die leerproses gunstig of ongunstig beïnvloed (Yoakem, 1955, pp.28-29).

Beter leer vind plaas in 'n klaskamer waar 'n demokratiese gees heers en die leerlinge andersyds voel dat hulle uit eie inisiatief iets moet leer om hulle behoeftes te bevredig en andersyds hulle gemeenskaplike verantwoordelikeid daarvoor

heid daarvoor besef (Mursell, 1954, p.145). Waar n demokratiese gees heers, sal die faktor van sosiale ondersteuning ook aanwesig wees. Leerlinge, in die afhandeling van n gemeenskaplike taak, sal mekaar aanspoor, mekaar se goeie pogings aanprys, in gesprek met mekaar tree waar verskille ontstaan, saam soek na oplossings (Grambs, 1958, p.273). Tereg wys Cronje (1958) daarop dat groepwerk, onder eie verantwoordelikheid gedoen, blyk opvoedkundig doeltreffend te wees. Onderling vind daar wisseling of oordrag van werkmodes plaas wat leerlinge se prestasies gunstig beïnvloed (p.102).

Elke firma probeer om diens te lewer en vergoeding daarvoor te verdien. Vir die onderrigsituasie in rekeningkunde beteken dit dat die kind in aanraking moet kom met al die kwaliteite wat nodig is om perfekte diens te lewer, naamlik getrouheid, vriendelikheid, beleefdheid, soberheid, bedagsaamheid, selfbeheersing, hulpvaardigheid, entoesiasme, arbeidsaamheid, eerlikheid en ambisie. Die leerling sal waardering leer ontwikkel vir hierdie sedelike kwaliteite, as die onderwyser in die onderrigproses meer geredelik metodes sal aanwend wat leerlingdeelnemers beklemtoon; meer geleentheid bied tot spanwerk; geleentheid vir besprekings waarin die klas van mekaar sowel as van die onderwyser leer; meer geleentheid om waardering te kweek vir, en selfs oordrag op mekaar se lewe bewerkstellig van eienskappe soos netheid, noukeurigheid, pligsgetrouheid en deursettingsvermoë (Coetzee, 1961 b, p.56).

In rekeningkunde-onderrig moet voorsiening gemaak word vir koöperatiewe beplanning, dit wil sê beplanning saam met die leerlinge want dit het besondere opvoedkundige en sosiale waarde. Dit bevorder werkgees want leerlinge voel hulle maak n persoonlike bydrae tot die bemeestering van die leerstof (Yoakem, 1955, p.222). Elke rekeningkunde-onderwyser kan getuig van die positiewe leerresultate as gevolg van leerlinge se versoek om meer oefeninge oor n bepaalde onderwerp uit te werk omdat hulle reken dit is in hulle gemeenskaplike belang.

Dikwels

Dikwels kom hulle met voorstelle oor hoe 'n gesamentlike taak onderneem kan word of hulle versoek dat 'n toets geskryf moet word. Waardevolle klasbesprekings is al beplan en gehou as gevolg van die nuttige wenke wat aan die hand gedoen is deur die leerlinge.

Sosialisering berus op 'n gesonde onderwyser-leerling-verhouding. Die onderwyser neem nie al die besluite nie, maar bied oordeelkundig geleentheid aan die leerling om groter verantwoordelikheid te aanvaar vir die werksvol-tooiing, werkbeplanning en ondersoek van probleemsituasies. Die essensie van die regte verhouding behels dat die onderwyser 'n simpatieke leier is, wat die nadruk laat val op innerlike gesindheidsontwikkeling en positiewe deelname aan die leeraktiwiteite (Van Loggerenberg, 1966, p.165).

Die sosiale patroon moet nie te lank in die rekeningkunde-klas onveranderd gelaat word nie. Leerlinge moet nie net saam besig wees nie, maar moet voortdurend geprikkel word tot eie denkinspanning. Om dit te bewerkstellig, sal die onderwyser in sy lesbeplanning voorsiening moet maak vir gereelde afwisseling in klasaktiwiteite - leergesprek, klasgesprek, uitwerk van oefenstelle of een of ander vorm van versinde leersituasies (Mursell, 1954, pp.167-168).

Samevattend kan beweer word, dat as die beginsel van sosialisering positief in die rekeningkunde-klaskamer geïmplementeer word, dit die volgende opvoedkundige waarde vir die leerlinge het (Yoakem, 1955, pp.223-224):

- Leerlinge leer om leeraktiwiteite self te beplan;
- Belangstellings word ontdek wat andersins sluimerend sou gebly het;
- Ondernemingsgees en onafhanklikheid van denke word bevorder;
- Karakter- en persoonlikheidseienskappe word ontwikkel;
- Selfvertroue en gesonde oordeel word ontwikkel;
- Leerlinge leer om met ander saam te werk en ander se sienswyses met agting te bejeën;
- Leer word in 'n hoër mate gemotiveer.

10. Die beginsel van bemeestering

Dit is nie genoeg dat die leerstof pas by die kind of dat hy dit verstaan en waardeer nie. Die praktiese lewenswerklikheid vereis bepaalde kennis, insigte, vaardighede, met ander woorde hy moet die leerstof ken (Van Loggerenberg, 1966, p.168). Die beginsel van bemeestering slaan dus op die bekragtiging en verstewiging van wat geleer is, sodat vergeet en afleer doeltreffend bestry kan word (Boshoff, 1967, p.109). Hier dien ook daarop gelet te word, dat die wyse waarop die onderwyser die leerstof aanbied, beïnvloed die bestudering en retensie daarvan. Elke onderwyser behoort aan homself vrae te stel soos: Word die leerstof met insig, struktuurgerigtheid, met voldoende herhaling en oordragvatbaarheid aangebied? Is daar voorsiening vir die nodige beloning en versterking van die gedrag van leerlinge? Is daar voldoende terugkoppelingsmoontlikhede? (De Wet, 1971, p.6).

In rekeningkunde gaan dit veral om die vaslegging van beginsels, prosedures en metodes. Die beginsel van bemeestering van die leerstof van hierdie vak kan tot sy reg kom deur die volgende wenke toe te pas: Rekeningkunde is by uitstek 'n "doenvak" en die ervaring het geleer dat gereelde uitwerk van werkopdragte 'n noodsaaklikheid is. Hier moet gewaarsku word teen die oorbelading van die kind met meganiese en roetinewerk. Elke onderwyser moet in die lig van sy kennis van elke individuele leerling en kennis van sy vak, gerugsteun deur onderwyservaring, bepaal hoeveel herhalingsoefeninge gedoen moet word. Verder moet elke nuwe oefening of werkstuk vooraf deur die onderwyser oordink en beplan word, en met 'n definitiewe doel voor oë aan die leerling gebied word. Die leerling moet ook presies weet wat bereik moet word, dan het die leerstof vir hom waarde en vind leer plaas (Coetzee, 1960, p.246). Elke dag se werk moet deeglik nagegaan word en eers as ou leerstof bemeester is, kan aangegaan word na nuwe werk. In hierdie kontroleringsproses moet die kind 'n aktiewe rol vervul. Hy moet opgevoed word om objektief krities teenoor sy eie

sy eie werk te staan en nie skroom om sy foute onder die onderwyser se aandag te bring nie. Sy foute is dikwels ook die probleme van baie van sy klasmaats en sy vrymoedigheid om dit aan die lig te bring, bied aan die onderwyser geleentheid om onmiddellik onduidelikhede op te klaar.

Die onderwyser moet sorg dat sy leerlinge presies dieselfde betekenis heg aan sy woorde en terminologie as hyself (Vgl. Hfst. II par. 12). Onderrig moet meer prakties-georiënteerd wees waar die denke vassteek. Daar moet van die abstrakte na die konkrete beweeg word waar nodig en geleidelik weer opgewerk word na abstraksie. In die junior klasse, veral vir die meer gemiddeldes, is veraanskouliking dikwels 'n voorvereiste vir bemeestering van die leerstof.

Verbandsiening moet bewerkstellig word, sodat die leerlinge die plek en waarde van leerstofonderdele kan insien (Aarts, 1962, p.190; Vgl. ook die beginsel van geheelsiening, par. 5).

Leerlinge hou daarvan om self vrae op te stel. Gedurende die kwartaal kan leerlinge in groepe verdeel word en versoek word om aan die hand van voorsiene studie-materiaal hersieningsoefeninge op te stel. Die onderwyser kontroleer dit en integreer dit in sy hersieningsprogram. 'n Klagesprek kan ook gereël word sodat leerlinge aan hulle maats kan verduidelik, wat hulle in gedagte gehad het met die invoeging van bepaalde vrae. Meer as een vrugbare transaksie vir klas-, toetswerk en eksamens is al uit sodanige besprekingsklasse gebore.

Weens die aard van rekeningkunde-leerstof leen dit pragtig tot terugkoppelingsmoontlikhede. Kennis van nuwe leerstof is meesal gebaseer op kennis en insig van ou leerstof. Dikwels is drillwerk nodig sodat nuwe kennis op 'n vaste fondament gebou kan word. By drillwerk is van belang om seker te maak dat leerlinge die behoefte aan drillwerk insien. 'n Besliste wilsinspanning by die leerling is nodig. Hy moet werklik begeer om die werk te ken. Variasie in drillwerk is nodig, want dit wek groter belangstelling en stimuleer leerlinge tot beter prestasies. Gevolglik moet dit bestaan uit mondelingse en

skriftelike

skriftelike drillwerk, beide teoreties en prakties van aard wees en transaksie-ontleding insluit (Satlow, 1955, pp.238-239).

In teenstelling met drillwerk, waar die doel meer is om bepaalde leerstofonderdele te bemeester, gaan dit met hersiening meer om die leerling se geheelbeeld van die leerstof op te helder. Waar drillwerk slegs onderneem word wanneer die behoefte daar is, moet hersiening gereeld met tussenposes en aan die einde van elke kwartaal gedoen word. In enige hersieningsoefening moet dit nie net gaan om ou werk te bemeester nie, maar dit moet ook die kind in staat stel om sy kennis op nuwe leerstof en probleme toe te pas. Sinvolle hersiening behels altyd 'n benadering van probleem-oplossend van aard wat die aangebore redeneervermoë van die leerling ten volle benut (Krige, 1973, p.63).

Baie leerlinge huldig die standpunt dat in rekeningkunde geen of weinige hersiening voor eksamens nodig is nie. Die onderwyser behoort dus voor elke eksamen 'n hersieningsprogram op te stel wat voorsiening maak vir hersiening in die klaskamer asook hersiening by die huis, die dag voor die eksamen. Die leerling moet weet hoe om hersiening te doen; watter onderwerpe bestudeer moet word; watter aspekte van elke onderwerp besondere aandag moet geniet; hoe hy kan toets of hy vrugbaar hersien; ens. Leerlinge behoort dan ook voorsien te word van baasrakingstoetse, wat memoriseerwerk met insigtelike leer (waarom en hoekom) harmonieer, om vir selfstudie by die huis te gebruik.

Leerlinge wat 'n gevorderde studie van rekeningkunde beplan mag nie net tevrede wees met die voorgeskrewe leerstof nie, maar moet ook aanvullende kennis opdoen. Dit kan gedoen word deur: lees van boeke en tydskrif-artikels wat by hulle ontwikkelingspeil pas; eie studiegroepe te stig; aanhoor van gassprekers; bedryfsbesoeke te onderneem; ou brondokumente (drie jaar oud), van 'n goedgeunstige plaaslike kleinhandelsaak verkry, opskryf en die resultaat bespreek.

11. Die beginsel van evaluering

Evaluering is in die onderrig van enige vak, ook rekeningkunde, meer as kennistoetsing. Dit is 'n voortdurende proses waardeur ondersoek gedoen word van die leerproses in sy geheel: dit stel vas in hoeverre die kind met insig geleer het, in hoe mate hy die leerstof bemeester het en waardevolle karakter- en persoonlikheidseienskappe verwerf het. Evaluering konsentreer egter nie net alleen op die kind nie, maar dien ook as waardebepaler van die doeltreffendheid van die werk van die onderwyser en dui aan of daar nie ruimte tot verbetering is nie (Boshoff, 1967, pp.112-113; Vgl. Malherbe, 1973, p.252). Tereg merk Mursell (1954) op: "Evaluation is part and parcel of teaching" (p.246).

Dit is dus duidelik dat evaluering 'n deel is van die onderrigprogram in rekeningkunde en dat dit om verskillende redes geskied, naamlik (American Accounting Association, 1953, p.171; Vgl. Van Loggerenberg, 1966, p.169):

- i) Dit is prognosties, want op grond van bestaande vordering kan die toekomstige prestasie van die leerling tot 'n groot mate bepaal word. Hierdie inligting is veral van belang by voorligting aan die junior leerling by vakkeuses.
- ii) Die hoofdoel van evaluering is om te bepaal of die leerling die rekeningkundige terminologie, stelsels en prosedures bemeester het en korrekte interpretasies kan maak. Dit toon dan ook aan die onderwyser moontlike leemtes in sy onderwysmetodes en waar-remediërende-werk gedoen moet word.
- iii) Evaluering dien as 'n waardevolle motiveringsmiddel. Dit is 'n voldonge feit dat sukses belangstelling prikkel en as aansporing tot verdere inspanning dien.
- iv) Evaluering bewerkstellig die ekonomiese benutting van tyd want dit baken die tydsduur af wat aan elke werkeenheid afgestaan moet word. Dit bevorder harde werk en verseker dat elke aspek van die
sillabus

sillabus die nodige aandag ontvang.

- v) Evaluering hou vir die leerling besondere voordele in. Afgesien daarvan dat dit hom help om die leerstof te ken, stimuleer dit sy logiese denkproses en ontwikkel dit verantwoordelike sin, netheid, noukeurigheid en deursettingsvermoë. Verder oefen dit hom om kalm, koel beredeneerd op te tree in uitdagende leersituasies. Dink maar hier aan die hoë eise wat die proefbalans en balansstaat aan die kind se geduld stel in die eksamenlokaal.
- vi) Evaluasie-resultate help die ouer om sy kind beter te verstaan. Dit behels natuurlik meer as slegs net die verskaffing van eksamenpunte. Die skool moet die ouer help om sy kind se prestasies of swakhede beter te begryp sodat huis en skool saam kan werk om die leerling tot sy maksimale ontwikkeling te stimuleer.

Die beginsel van evaluering stel hoë eise aan die onderwyser indien doeltreffendheid in die onderrigproses bereik wil word. Dit is duidelik dat evaluering moet nie net alleen diagnosties wees nie, maar moet ook dien om die leerproses te stimuleer, aangesien die leerling gehelp word om sy foute te besef, sodat hy beter kan leer deur dié foute te vermy. Daarom moet die leerling presies weet wat die oogmerk met elke toets is en wat presies getoets gaan word. Verrassingstoetse of voorafvaag-omskryfde toetse, het in rekeningkunde weinig waarde. Verder is dit belangrik dat toetse onmiddellik nagesien word, die nodige ontleding van die resultate gemaak word, die resultate aan die leerlinge bekend gemaak word en remediërende werk gedoen word. Die onderwyser moet ook sy leerlinge so goed ken, dat hy in evaluasie die leerstof so gedifferensieerd aanbied dat elke leerling wat getrou werk, geleentheid het om sukses te behaal. Sukses prikkel tot meer intensiewe leer terwyl mislukking remmend inwerk op die leerproses (Boynton, 1970, pp.252-255; Vgl. Callan, 1959, pp.51-52).

Evaluering

Evaluering behels in laaste instansie dat die leerling opgevoed sal word tot selfevaluering. Daar moet by hom 'n innerlike trots wees in netjiese, noukeurige rekeningkundige werk en hy moet in staat wees om objektief te oordeel of sy werk aan hierdie norme voldoen. Om dit te kan bereik sal die onderwyser nie alleen die evaluering doen nie, maar ook aan hom geleentheid gee om sy eie werk te kontroleer. Hy moet ook in die geleentheid gestel word om sy maats se werk te kontroleer en opbouwende kritiek te lewer waar nodig. Onderwysers kan gerus toesien dat elke leerling 'n grafiese rekord hou van sy prestasies in klastoetse, in elke werkeenheid, asook van sy vordering in elke eksamen. Nie alleen is dit 'n handige hulpmiddel by selfevaluering nie, maar kan nuttig wees by die beplanning van die hersieningsprogram.

12. Samevatting

In die bespreking van voorafgaande tien grondbeginsels in die besondere didaktiek van rekeningkunde, is sover moontlik aangetoon hoe vind betekenisvolle leer by die kind plaas en hoe kan die onderwyser deur sy kennis hiervan die kind in staat stel om rekeningkundige beginsels met begrip te bemeester.

Hierdie tien didaktiese beginsels kan as volg saamgevat word: Om doeltreffende aanleer van rekeningkundige beginsels te bewerkstellig, moet die onderrig daarvan doelgerig wees, moet rekening gehou word met individuele verskille, moet die leerling gemotiveer word tot leer, moet die leerling deur veraanskouing 'n rykdom van voorstellinge opbou en moet kennis en lewenservaring tot 'n betekenisvolle geheel geïntegreer word. Verder moet die leerproses gesosialiseer word, sodat leerlinge suksesvol ingeskakel kan word by hul sosiale milieu. Die onderrigproses moet ook so deeglik beplan word dat die leerlinge daarin kan slaag om die leerstof met insig te bemeester. Laastens moet die leerling se vordering gereeld vasgestel word sodat remediërende werk gedoen kan word, indien nodig.

Hieruit

Hieruit is dit duidelik dat, om die leer van rekeningkunde-leerstof vir die leerling 'n ware belewenis te maak, grondige kennis van hierdie grondbeginsels noodsaaklik is. Elkeen hiervan vereis, weens sy belangrikheid en omvang, 'n intensiewe studie op sy eie. Gevolglik sal in die volgende drie hoofstukke slegs aan drie beginsels, naamlik, beplanning, aanskouing en leerlingsselfaktiwiteit breedvoerig aandag gegee word. Daar sal veral gelet word op hoe hierdie drie didaktiese beginsels respektiewelik geïmplementeer kan word by die onderrig van rekeningkunde in die Junior Sekondêre Skoolfase.

HOOFSTUK IV

DIE BEGINSEL VAN BEPLANNING BY REKENINGKUNDE-ONDERRIG

1. Inleiding

Bepanning is n voorvereiste vir vrugbare, doeltreffende rekeningkunde-onderrig. "Effective teaching cannot be done without planning what is to be taught and how it is to be taught" (Woodward, 1959, p.34). Daar is geen ander faset van die onderwys wat n groter bydrae kan maak tot die effektiewe verloop van die leerproses, die verkryging van insig en die bewaring van die leerstof as juis goeie beplanning nie (Butler, 1954, p.407). Nóg vindingrykheid, nóg ervaring kan dien as plaasvervanger vir doeltreffende beplanning (Alcorn, 1970, p.63).

In hoofstuk II, par. 7, is die doelstellings van rekeningkunde-onderrig aangeraak. Dit is nou die verantwoordelikheid van die rekeningkunde-onderwyser om sy jaartaak en daaglikse onderrigprogram so te beplan, dat hierdie doelstellings binne die toelaatbare tyds-toekenning op die rooster verwesenlik sal word. Beplan hy byvoorbeeld in n bepaalde les "die vorming van n begrip van waardevermindering by die leerlinge", sal hy vooraf versigtig en sistematies moet beplan hoe sy lesplan voorsiening kan maak vir doelstellings soos, die ontwikkeling van die logiese denkproses, analitiese vermoëns, sistematiese en oordeelkundige benadering, ens. Sy lesplan moet so deeglik ontwikkel en uitgevoer word dat die leerling na die les die klas verlaat met die opwindende, dankbare gevoel: "Vandag het ek iets nuuts en nuttig geleer in die rekeningkunde-klas".

Baie faktore dra by tot die sukses wat die onderwyser behaal in die klaskamer. Sommige hiervan is die persoonlikheid van die onderwyser, sy liefde vir kinders, sy liefde vir die vak rekeningkunde, die vermoë om onderrigmetodes en hulpmiddels so te varieer en aan te wend dat probleme wat in die klaskamer ontmoet word, suksesvol opgelos kan word, ens. (Douglas, 1973, p.89). Alle onderrighandelinge ..

onderrighandelinge moet egter voorafgegaan word deur beplanning (Van Loggerenberg, 1966, p.198).

Onderwys is n kuns wat aangeleer kan word en beplanning is n belangrike faktor hierin. "A teacher - any teacher - regardless of his experience can improve his teaching in proportion to the planning he does (Boynton, 1970, p.98).

2. Voordele van beplanning

- i) Dit maak die gestelde doeleindes bereikbaar want dit gee rigting en doel aan die leersituasie (Alcorn, 1970, p.64).
- ii) Goeie beplanning voorkom tydvermorsing en onnodige denkontsporings (Van Loggerenberg, 1966, p.166).
- iii) Dit bevorder doelgerigte leerstoforganisasie en onderwys- en leeraktiwiteite en dit help die onderwyser en leerlinge om sistematies en ordelik stap tot stap te vorder (Coetzee, 1964, p.193).
- iv) Beplanning in koördinasie met ervaring en gesonde oordeel verseker dat n bepaalde onderwerp deeglik behandel word (Van Loggerenberg, 1966, p.166).
- v) Dit help die onderwyser om elke onderwerp te sien in sy verband met die geheel, met ander woorde, beplanning bevorder integrasie en kontinuïteit (Harms en Stehr, 1963, p.377).
- vi) Dit verbeter klasorganisasie. Dit gee n besigheidsatmosfeer aan die klas. Dit skakel baie dissipline-probleme uit. Leerlinge ontwikkel vertroue in die leierskap van die onderwyser en voel dat hulle daaglik eits betekenisvol in die rekeningkunde-klas bereik (Boynton, 1970, p.99).

3. Die vereistes vir goeie beplanning

Voordat n rekeningkunde-onderwyser kan beplan vir die plaasvind van effektiewe leer in sy klas, moet hy eers n deeglike kennis hê van die vereistes vir goeie beplanning in rekeningkunde.

Elke onderwyser moet eerstens sorg dat hy n duidelike beeld het van die leerplan van handelsvakke as geheel, want rekeningkunde vorm n onderafdeling van die geheel

en mik

en mik saam met die ander handelsvakke op dieselfde einddoel, naamlik insig in die ekonomiese lewe. Samewerking met sy kollegas is derhalwe nodig om verwante leerstof te integreer en te korreleer en, waar prakties moontlik, te sinchroniseer (Vgl. Hfst. II, par. 4). Dit is ook gebiedend noodsaaklik dat onderwysers wat dieselfde standerds in groot skole behartig, saam sal beplan sodat daar die nodige koördinasie bewerkstellig kan word. Die beplanning van 'n bepaalde standerd se werk, byvoorbeeld st. 7, moet ook deeglik rekening hou met die werk van sts. 6 en 8 sodat eenheid, kontinuïteit en progressiewe vordering verkry kan word (Kruger, 1968, p.326).

Die onderwyser moet oor deeglike vakkennis beskik. Om die leerstof só aan te bied dat leerlinge insig daarin verkry, sal die onderwyser oor reserwe kennis moet beskik. Hy sal oor kennis van die praktiese implementering van rekeningkundige beginsels in die praktyk moet beskik, om elke les te ondersteun en te dra deur 'n agtergrond van vak- en ervaringskennis (Yoakem, 1955, p.158).

Die onderwyser moet die algemene en besondere doelstellings van rekeningkunde intensief bepeins en saam met sy leerlinge doelgerig werk om dit te verwesenlik (Boynton, 1970, p.99). Die onderwyser wat byvoorbeeld die ontwikkeling van karaktereienskappe beoog, soos stiptelikheid, verantwoordelikheid, netheid, oorspronklikheid en alle ander eienskappe wat so noodsaaklik is vir 'n suksesvolle boekhouer, sal doelbewus daarvoor moet beplan, anders bestaan daar maar 'n skraal hoop dat dit per toeval in ongeorganiseerde verband sal opduik. Beplanning vereis verder dat die rekeningkunde-onderwyser ook deur studie en ervaring oor kennis van kinders en die leerproses sal beskik. Sodanige kennis stel hom in staat om die leerstofaanbieding te laat aanpas by die behoeftes, belangstellings en intellektuele vermoëns van sy leerlinge (Yoakem, 1955, p.159).

Vir die rekeningkunde-onderwyser is kennis van die verskillende benaderingswyses wat gevolg kan word om rekeningkundige beginsels aan beginners te leer, van groot belang in sy jaarbeplanning. Daar is vier benaderingswyses

naderingswyses wat gevolg kan word, naamlik, die joernaal-, grootboek-, balansstaat- en rekeningkundige vergelyking-benadering (Gartside, 1970, p.60) Die rekeningkundige vergelyking-benadering, wat vandag deur die meeste rekeningkunde-onderwysers gevolg word, word later bespreek (Vgl. par. 8).

Laastens moet die onderwyser in sy beplanning deeglik rekening hou met al die didaktiese grondbeginsels wat in hoofstuk III bespreek is. In sy skema moet geïntegreer wees: doelgerigtheid, individualisering, geheelsiening, motivering, beleving, leerlingsselfwerkzaamheid, sosialisering, bemeestering van die leerstof en toetsing. Ook moet hy beplan vir onderrigmetodes en tegnieke, wat eie is aan die besondere didaktiek van rekeningkunde (Van Loggerenberg, 1966, p.167; Vgl. ook Boynton, 1970, pp.99-100).

4. Werkskema

Vir die vak rekeningkunde word daar van Departementsweë n volledige leergang of sillabus neergelê. Dit beskryf in breë trekke die werk wat in rekeningkunde vir n bepaalde standaard binne die skooljaar gedoen moet word, met die oog op die bevordering van die leerlinge na n hoër standaard. Van die onderwyser word verwag om die sillabus om te werk in n werkskema vir die jaar. By die werkskema is gewoonlik geïntegreer n verslag, wat aantoon wanneer die werk presies afgehandel is. Dit verseker dat die leerstof oor die jaar op n sistematiese wyse aangebied word en dat die voorgeskrewe sillabus behoorlik gedek sal word. Dit verseker ook verder dat die onderwyser deeglik sal besin oor die leerinhoud (Eksteen, s.j., p.132).

n Werkskema in rekeningkunde kan insluit (Boynton, 1970, p.158):

n Inleidende opmerking wat die opvoedkundige waarde van die leergang vermeld, die verhouding daarvan met ander handelsvakke aantoon, asook n aanduiding hoedat dit inpas in die hele skoolprogram.

Die doelstellings wat bereik moet word.

n Volledige

n Volledige uiteensetting van die inhoud van die sillabus.

n Lys van onderrighulpmiddels wat gebruik kan word.

n Voorgestelde lys van leerlingaktiwiteite en projekte.

n Bronnelys van werke, wat die onderwyser kan raadpleeg.

Voordat die onderwyser die inhoud van die sillabus uitbrei tot n oorsigtelike veld waarin al die onderdele aangegee word, moet hy egter n aantal basiese faktore deeglik oordink en in berekening bring (Boynton, 1970, p.158; Vgl. Coetzee, 1964, p.119):

Die behoeftes van die leerlinge - Die onderwyser van die st. 7-klas moet weet of al die leerlinge in die klas, in st. 6 opleiding ontvang het in rekeningkunde. Indien slegs enkele leerlinge nog nie rekeningkunde as vak geneem het nie, kan hy die agterstand uitwis deur ekstra klasse te reël. Dit mag egter gebeur dat verskeie leerlinge nie rekeningkunde in st. 6 geneem het nie, dan sal hy in sy beplanning voorsiening moet maak vir die integrasie van werk wat normaalweg in st. 6 gedoen word. Die onderwyser moet ook kennis dra van die besigheidsbelangstellings en -ervaringe van sy leerlinge, redes waarom hulle rekeningkunde neem en hulle gemiddelde verstandelike vermoëns, sodat hy in almal se behoeftes voorsiening kan maak.

Die tydsfaktor - Hy moet die tydsduur van elke lesperiode, die aantal periodes per week, per kwartaal en per jaar in gedagte hou.

Die grootte van die klas - Met die oog op groepwerk en versinde leersituasies is dit n belangrike faktor om in gedagte te hou by beplanning.

Die beskikbaarheid van hulpmiddels en gemeenskapsbronne - Die onderwyser moet vasstel of die gebruikelike hulpmiddels wat gewoonlik in rekeningkunde-onderrig aangewend word, by sy skool beskikbaar is: truprojektor en transparante, optelmasjiene, boekhoumasjiene, muurkaarte, dupliseermasjien, bandopnemer, filmprojektor, aanplakborde, handboeke, oefenstelle, ens. Die gemeenskapsbronne (handelsdokumente, gepubliseerde state, gassprekers, uitstallings, bedryfsbesoeke) moet ook ondersoek word, sodat

sodat daarvoor voorsiening gemaak kan word in die werkskema.

Met verwysing na die tydsfaktor, dit wil sê, die aantal dae beskikbaar vir die onderrig van nuwe werk, toetse en hersiening, doen Satlow (1964, pp.15-16) die volgende berekening aan die hand: Bepaal die aantal skooldae vir elke kwartaal en trek daarvan af die dae benodig vir eksamens, bedryfsbesoeke en ander onvoorsiene gebeurlikhede. Indien daar gevind word dat daar later minder dae verlore gegaan het as waarvoor beplan is, kan die onderwyser dit nuttig gebruik vir leerstofverryking, ekstra hersiening, uitwerk van oefenstelle, ens.

Nadat daar duidelikheid is oor die aantal lesperiodes beskikbaar, word die werkskema onderverdeel in kwartaalplanne waarin voorsiening gemaak word vir individuele lesse. Elke les moet iets nuuts bevat, alhoewel nie te veel daarvan nie. n Les wat sowel bekende as nuwe elemente bevat, wek dadelik belangstelling en verseker aandag (Van Loggerenberg, 1966, p.161). Voorsiening moet ook gemaak word vir hersiening, toetse en remediërende werk na toetse (Satlow, 1964, p.16).

Nadat die onderwyser in breë trekke die omvang van elke les bepaal het, is n studie van die handboek gebiedend noodsaaklik. n Goeie onderwyser is nooit handboek-verslaaf nie, maar n goeie handboek is egter n onontbeerlike hulpmiddel vir leiding, oefeninge, tuiswerk en selfwerkzaamheid (Vgl. Hfst. VI, par. 4.6). n Studie van die handboek sal lei tot antwoorde op die volgende vrae: Watter selfstandige leeswerk kan deur die leerlinge gedoen word by huiswerkopdragte? Watter taalkundige hindernisse moet uitgeskakel word, voordat leerlinge baat sal vind deur eie leeswerk? Is daar verduidelikings of oefeninge wat aangevul of gewysig moet word om aan te pas by die klas- en tuiswerk? Is daar afdelings wat weggelaat kan word omdat dit nie ingesluit is in die sillabus nie? Is daar werk wat nie deur die handboek behandel word nie, maar wat vereis word deur die sillabus?

Watter

Watter problematiese leerstof moet gekies word om leerlinge te lei tot insig in bepaalde rekeningkundige beginsels? Is addisionele oefeninge nodig of verskaf die handboek genoeg oefeninge waaruit die onderwyser kan kies wat aanpas by sy leerlinge? (Satlow, 1964, p.17; Vgl. Coetzee, 1964, pp.122-123).

Hierdie vorm van evaluering van die handboek moet aan die begin van die kwartaal gedoen word, want dit bring gebreke aan die lig wat alleen doeltreffend uitgeskakel kan word op n langtermynbasis. Die onderwyser kry n geheelbeeld van die leerstof en is gevolglik in staat om elke onderafdeling van die leerstof in relasie tot die geheel te sien. Indien hy slegs op n dag-tot-dag basis beplan, sal eenheid tussen lesse en totaliteitsleer moeilik bewerkstellig word (Satlow, 1964, p.17).

Die skema van werk ten opsigte van die vak rekeningkunde vir st. 7 kan onder meer soos volg daar uitsien (slegs die werk van die eerste kwartaal word aangetoon):

Skema van werk

Vak: Rekeningkunde, st. 7.

- Doelstellings:
1. Om die logiese denkprosesse te ontwikkel en oordraging van grondbeginsels op nuwe situasies te bewerkstellig in plaas van op vooropgestelde reëls staat te maak.
 2. Om die analitiese vermoë van die leerlinge te ontwikkel.
 3. Om n sistematiese en oordeelkundige benadering van probleme aan te moedig.
 4. Om by te dra tot die kulturele opvoeding van leerlinge deur die ontwikkeling van die kenmerkende karaktereenskappe (netheid, ordelikheid, deeglikheid, noukeurigheid, gesonde oordeel, ens.) bevorderlik vir rekeningkunde.
 5. Om leerlinge se insig in ekonomiese wetenskappe te verskerp.

6. Om

6. Om leerlinge toe te rus met n
 basiese kennis van boekhouprosedures
 en grondliggende teorieë.

Onderrighulpmiddels:

1. Handboek: Robbertse, J.A. e.a. Rekeningkunde
 st. 7, 1974.
2. Naslaanwerke: American Accounting Association.
 Teachers' guide, 1953.
 Boynton, L.D. Methods of teaching
 bookkeeping - accounting, 1970.
 Eksteen, F.R.L.N. Die didaktiek van
 die ekonomiese wetenskappe, s.j.
 Hartman, W.R. e.a. Rekeningkunde vir
 sts. 7 en 8, 1968.
 Musselman, V.A. Teaching bookkeeping
 and accounting, 1960.
3. Films: Besigheidsorganisasie. Die kleinhandel
 (UA-1025B).
 Filing: The four basic systems (UA-743).
 Why we have banks (SO-312B).
 Addition of whole numbers (PS-351C).
 Division of whole numbers (PS-321C).
 Multiplication of whole numbers (PS-330C)
 Subtraction of whole numbers (PS-355C).
4. Strookfilms: Money (SSO-232).
 Why etiquette in business (SUA-652).
 The Balance Sheet of Burt Haverbasch
 (SSO-287).
 What are banks (SSO-8).
 Correspondence filing, part I (SUA-653).
 Use of accounts and analysis of tran-
 saction (te koop, McGraw-Hill Book Co.
 (S.A.)(Pty.)Ltd., Posbus 23423,
 Johannesburg).
5. Kommersiële transparante: Elements of financial
 reports, part I (McGraw-
 Hill Book Co. (S.A.)(Pty.)
 Ltd.
 Handelsbanke (Volkskas Be-
 perk).
 6. Ander

6. Ander Hulpmiddels: Handelsdokumente (versameling, begripsboeke).
 Flitskaarte.
 Optelmasjien.
 Die gemeenskap as hulpmiddel:
 gassprekers, bedryfsbesoeke.

Sillabus-inhoud:

Eerste kwartaal

1. Inleiding en basiese begrippe

- i) Die kleinhandelaar.
 ii) Die kringloop van handelsbedrywighede in 'n handel-
 saak.
 iii) Die rekeningkundige vergelyking $B = L + E$,
 met ander woorde

$$\frac{B}{+|-} = \frac{L}{-|+} + \frac{E}{-|+}$$

iii) Ontleding van transaksies:

- a) Kapitaalstorting deur eienaar.
 b) Aankope van vaste bates (kontant/krediet).
 c) Aankope van handelware (kontant/krediet).
 d) Verkope van vaste bates (kontant/krediet).
 e) Verkope van handelware (kontant/krediet).
 f) Betaling van bedryfsuitgawes.
 g) Ontvangste van bedryfsinkomste.
 h) Invordering van debiteure se skuld.
 i) Vereffening van krediteure.
 j) Onttrekking van kontant deur die eienaar.
 k) Onttrekking van handelware deur die eienaar.

iv) Aantekening van transaksies in die grootboek:

- a) In T-rekeningvorm (saldering deur optel- en
 aftrekberekenings).
 b) Op grootboekpapier (konvensionele saldering).
 c) Groepering van grootboekrekenings.

v) Proefbalans

- a) Opstel daarvan: Kanselleer debiet- en krediet-
 balanse uit (gebruik optel-
 masjien, indien beskikbaar).
 Behoorlik opgestel op joer-
 naalpapier vanaf grootboek-
 balanse.

b) Opspoor

- b) Opspoor van foute indien die proefbalans nie klop nie.
- c) Foute wat nie deur die proefbalans geopenbaar sal word nie.
- vi) Toets: Ontleding van transaksies.
- vii) Remediërende onderrig (indien nodig).

2. Kantooradministrasie

- i) Posadministrasie
 - a) Inkomende pos.
 - b) Uitgaande pos.
 - c) Gesertifiseerde pos.
 - d) Aangetekende pos.
 - e) Binnelandse postariewe (slegs briewe).
- ii) Kantoortoerusting
 - a) Die telefoon.
 - b) Die kasregister.
 - c) Rekenmasjiene.
 - d) Tikmasjiene.
- iii) Liassering
 - a) Die noodsaaklikheid van liassering.
 - b) Die vereistes van 'n goeie liasseerstelsel.
 - c) Bewaring van brondokumente.
- iv) Versekering
 - a) Noodsaaklikheid van risikodekking.
 - b) Dekking ten opsigte van geboue, toerusting en voorraad.
- v) Tjeks
 - a) Omskrywing.
 - b) Tjekpersoneel.
 - c) Voltcooiing van tjeks (aandag aan volledigheid van tjeks voor deponering in bank).
 - d) Kruising.
 - e) Wysiging en seëlragte.
 - f) Endossemente (ter inligting).
- vi) Toetsing en remediërende onderrig.

3. Handelswiskundige begrippe

- i) Vier hoofbewerkings
 - a) Netheid van syferwerk.
 - b) Skryf

- b) Skryf van bedrae in geldkolomme.
 - c) Optel van lang geldkolomme.
 - d) Aftrek, vermenigvuldiging en deling.
 - ii) Persentasies en verhoudings
 - a) Verhoudings.
 - b) Persentasies.
 - c) Omskepping van verhoudings na persentasies.
 - d) Bruto wins op omset uitgedruk as n persentasie.
 - e) Netto wins uitgedruk as n persentasie op die omset.
 - iii) Wins en Verlies
 - a) Die begrip wins.
 - b) Winsopslag op kosprys.
 - c) Persentasie wins op verkoopprijs (omset).
 - iv) Korting as persentasie gegee
 - a) Korting toegestaan op n gelewerde rekening.
 - b) Korting ontvang by vereffening van n rekening.
 - c) Handelskorting afgetrek op n faktuur.
 - v) Enkelvoudige rente (tyd in jare of maande).
 - vi) Rekenkundige berekenings waar n term ontbreek in die vergelyking $B = L + E$.
 - vii) Toetsing en remediërende onderrig.
4. Boeke van oorspronklike inskrywing: Die vereenvoudigde kasboek.
- i) Handelsdokumente
 - a) Belangrikheid daarvan in rekeningkunde.
 - b) Herkenning.
 - aa) Onderskeiding van verskillende tipes brondokumente wat in st. 7 gebruik word.
 - bb) Herkenning van besonderhede van brondokumente wat betrekking het op die kasboek: kwitansie, depositostrokies, kontantfaktuur, tjek en tjekteenblad.
 - cc) Invul van blanko dokumente: kwitansie
 - c) Klassifisering van brondokumente vir die opskryf van die kasboek.
 - d) Toetsing.
 - ii) Opskryf van die kasboek.
 - iii) Oorboeking na die grootboek.
 - iv) Toetsing van kasboek en remediërende onderrig.

5. Hersiening vir kwartaaleksamen (4 lesperiodes).

Indien 'n draadrug-hardebladboek gebruik word, kan die linkerbladsy gebruik word vir die werkskema, terwyl die ooreenstemmende regterhandse bladsy kan dien om verslag te doen van gedane werk. Die verslagbladsy word verdeel in 'n paar kolomme en elke kolom word gemerk met die betrokke jaartal waarin die werkskema gebruik is. Dieselfde skema kan dus verskeie jare gebruik word. By voltooiing van elke item word die datum in die verslagkolom onder die betrokke jaartal aangedui.

Bogenoemde skema is só ontwerp dat dit gebruik kan word vir leerlinge wat nie in st. 6 rekeningkunde gehad het nie, asook vir leerlinge wat reeds oor sodanige opleiding beskik. Die skema maak ook differensiasie van leerstof moontlik. Die beginners word gekonfronteer met eenvoudige leerstof, terwyl die meer gevorderde leerlinge dieselfde skema volg maar meer ingewikkelder werk doen.

Net na die skema kan voorsiening gemaak word vir toets- en eksamenpunte van die leerlinge in die klas. Ten einde vergelykings tussen leerlingprestasies en intelligensievermoëns van leerlinge te tref, kan die I.K. van elke leerling (om verstaanbare redes in kodevorm) ook regoor sy/haar naam vermeld word.

5. Die lesplan as onderrigtegniek in rekeningkunde

5.1 Omskrywing

Suksesvolle rekeningkunde-onderrig verg dat die onderwyser elke dag sal voorberei vir die volgende dag (Woodward, 1959, p.34). Die voorbereiding van die daelike werk wentel om die samestelling van die sogenaamde lesplan of lesskema. Die lesplan kan omskryf word as 'n skriftelike uiteensetting van wat die onderwyser met sy leerlinge in 'n lesperiode wil doen en van wat hy die leerlinge gaan laat doen (Van Loggerenberg, 1966, p.198). Dit behels dus die skriftelike formulering van die leerstof, die onderwysmetode en die leerlingaktiwiteite (Van Loggerenberg, 1966, p.198).

5.2 Die

5.2 Die waarde van n goeie lesplan

Goeie lesbeplanning verseker dat elke les in rekeningkunde n heldere doel sal hê, anders is dit gedoen tot mislukking en n verkwisting van tyd en krag (McKean, 1964, p.124). Rekeningkunde is n vak wat gekenmerk word deur orde en sisteem. n Goeie lesplan lei daartoe dat die onderwyser die onderlinge verband tussen ou en nuwe leerstof vooraf deeglik deurdink en in die klaskamer tot aansluiting bring (Eksteen, s.j. p.21). Om hierdie integrasie te bewerkstellig word die onderwyser verplig om die leerstof sorgvuldig te kies en behoorlik te rangskik, sodat die leerlinge ingeburger kan word in die planmatigheid, orde, sisteem en eie denkmetodes van rekeningkunde (Eksteen, 1970, p.17). n Goeie lesplan bring ook mee dat die onderwyser die geskikste onderrigmetodes en hulpmiddels sal aanwend wat pas by sy persoonlikheid, die ontwikkelingspeil van die leerlinge en die aard van die besondere les (Van Loggerenberg, 1966, p.198). Die ontwerping van n skriftelike lesplan sal tot gevolg hê dat die beste vrae en illustrasies gebruik sal word. n Goeie lesplan verseker verder dat leerlinge n behoorlike werkopgawe sal kry en dat hulle behoorlik getoets sal word om vas te stel of die leerstof bemeester is (Van Loggerenberg, 1966, p.198).

Die goeie skriftelike lesskema formuleer dus die denke van die rekeningkunde-onderwyser helder en saaklik. Dit verseker ordelikheid en ontwikkeling in die denke en dit beskerm hom teen die gevare van onvolledigheid deurdat sekere dinge vergeet word. Dit gee ook aan die onderwyser van jaar tot jaar stelle skemas wat altyd aangevul en verbeter kan word en in noodgevalle nuttig gebruik kan word. Verder kan n les alleen suksesvol verloop as die onderwyser met n besef van absolute versekerdheid voor die klas kan optree. n Grondig voorbereide, skriftelike skema gee hierdie gevoel van sekerheid aan die onderwyser (Coetzee, 1964, p.194).

5.3 Vereistes vir die opstel van n behoorlike lesplan

Goeie lesvoorbereiding is n soort plaasvervangende, vooruitgrypende

vooruitgrypende ervaring waarin die onderwyser homself in die gees voor die klas sien en die hele verloop van die les voorstel (Van Loggerenberg, 1966, p.198).

Daar kan bepaalde essensiële vereistes gestel word by die opstel van 'n goeie lesplan. Daar moet 'n duidelike begrip en formulering van die doel van die les wees. Die lesplan mag nie doelloos en daarom waardeloos wees nie. Die hele plan moet rondom die doel draai en dit bereikbaar maak. Die doel toon immers aan wat die onderwyser die besondere dag wil bereik; watter vaardighede hy daardie dag by sy leerlinge wil ontwikkel; tot watter insigte hy sy leerlinge wil lei (Carter, 1962, p.171).

Die onderwyser moet vir elke les sorg vir 'n behoorlike kennis van die feite, die beginsels en interpretasie daarvan, en hy moet dit alles kortliks saamvat in sy skema, wat nie alleen beheer verseker nie, maar ook die juiste ordening van kennis (Taute, 1962, p.216). Daar moet egter in rekeningkunde gewaak word dat in die lesskema nie te veel geteoretiseer word nie. Logiese beredenering, waarin die kind 'n aktiewe rol speel, is tog die basis van goeie rekeningkunde-onderrig. Slegs die hoofteite en sleutelvrae moet in die lesplan aange-
toon word, sodat die res van die les logies beredeneer kan word in die klaskamer (Douglas, 1973, p.75 ;
Vgl. Van Loggerenberg, 1966, p.199).

In die derde plek moet die leermiddele, aktiwiteite, prosedure en metode duidelik aangetoon en gerangskik wees, met insluiting van nodige illustrasies (Grambs, 1958, p.146). Verder vereis grondige lesvoorbereiding 'n deeglike kennis by die rekeningkunde-onderwyser aangaande die psigologiese ontwikkeling van die kind en sy omgewing (Greyling, 1955, p.455). Hy sal byvoorbeeld in sy lesbeplanning rekening moet hou met hulle gemiddelde intelligensie, individuele neiginge en verskille, hulle praktiese besigheidservaringe, hulle beroepsideale, ens. (Vgl. Hfst. II, par. 9.2).

Voor elke

Voor elke les moet die onderwyser ook besin hoe hy gaan toets of die aanbieding van die leerstof werklik inslag gevind het by die leerlinge. Elke lesplan moet dus een of ander vorm van evaluering bevat (Woodward, 1959, p.34). Daar moet by die onderwyser duidelikheid wees oor watter vrae hy gaan stel of watter ander alternatiewe metode hy gaan gebruik om vas te stel of die leerling insig verkry het in die leerstof. **Werkopdragte wat betrekking** het op die besprekings in die klaskamer moet ook in die lesplan opgeneem word (Carter, 1962, p.171; Vgl. ook par. 7).

Ten slotte moet elke lesplan rekening hou met die tydsfaktor. n Lesskema wat te veel leerstof wil dek in een periode gee aanleiding tot oppervlakkige behandeling van die leerstof, bevredig nie onderwyser en leerling nie en is n verkwisting van tyd (Musselman, 1960, p.65).

5.4 Die vorm van die lesplan

Prof. Chris Coetzee (1964) waarsku teen die euwel van eenvormigheid in die samestelling van lesskemas. Hy skryf: "Een van die belangrikste onderwys-beginsels tog eis dat die belangstelling steeds opgewek moet word. n Groot verskeidenheid in die wyse van lesskema-samestelling sal aan hierdie eis voldoen. Daardeur sal die onderwyser altyd iets verrassends kan aanbied en by die leerlinge n verwagterende en belangstellende houding ontwikkel" (p.198) Die rekeningkunde-onderwyser moet dus voortdurend alternatiewe planne bedink om die leerstof aan te bied. Onderstaande formele lesplan is een metode wat gevolg kan word. Dit kan ook dien as basis vir die samestelling van alternatiewe lesplanne (Boynton, 1970, pp.122-124; Vgl. Van Loggerenberg, 1966, p.199-202).

Algemene stappe in n lesplan met verduidelikende aantekeninge oor elke stap

1. Titel van lesplan Die doel hiervan is vir referensie en liasseringsdoeleindes.
Klas
Datum
2. Doel van les Die onderwyser vermeld kortliks wat hy die betrokke dag wil bereik

bereik. Dit help hom om sy les rondom n sentrale gedagte te bou en verhoed sodoende dat hy en sy leerlinge gedurende lesaanbieding op afdwaal-paaie beland.

3. Hulpmiddels
benodig

Die onderwyser beplan vooraf watter hulpmiddels hy nodig sal hê vir die les en sorg dat dit beskikbaar is, wanneer die les in aanvang neem.

4. Inleiding

Die doel is om die belangstelling van die leerlinge te wek sodat hulle volle aandag sal gee, veral wanneer nuwe leerstof aangebied word. Alle opmerkings, vrae of aktiwiteite moet so beplan word, dat integrasie tussen reeds behandelde leerstof en nuwe leerstof wat in die aanbieding gaan volg, bewerkstellig kan word.

5. Aanbieding

Die hoofpunte van die nuwe leerstof word kortliks aangeteken met verwysing na metodiese prosedures. Sleutel-vrae wat gestel gaan word, word hier aangeteken sodat die onderwyser hulle op die regte plekke kan gebruik. n Aanduiding word ook gegee van die verwagte antwoorde van die leerlinge. Hier word ook aangetoon hoe en wanneer die hulpmiddels - indien enige - gebruik gaan word. Dit is egter belangrik om daarop te let dat geen nuwe leerstof ingesluit mag word in die aanbieding, wat nie n bydrae maak tot die doel van die les nie.

6. Toepassing

Die doel is hier om vas te stel of betekenisvolle leer gedurende die aanbieding werklik plaasgevind het, m.a.w. verstaan die leerlinge wat verduidelik is en kan hulle dit selfstandig toepas. In rekeningkunde is dit wenslik dat leerlinge n kort oefening

uitwerk,

7. Samevatting

uitwerk, sodat die onderwyser informeel kan toets of insig verkry is. Met hierdie stap beoog die onderwyser om blywende leerresultate te waarborg. Deur middel van mondelinge vrae toets hy die insig en toepassingsvermoëns van die leerlinge. Die leerlinge kan soms self die samevatting doen; die onderwyser help net met denkstootjies waar hulle vas haak of te kort skiet.

8. Huiswerk

Huiswerkopdragte moet vooraf deeglik beplan en in die lesskema opgeneem word om aan die leerlinge verdere toepassingsgeleenthede te bied. Die onderwyser moet aan die leerlinge duidelik maak dat dit in hulle belang is dat hulle voor leersituasies (huiswerk) geplaas word, waaruit hulle in die oplossing daarvan, intellektuele bevrediging verkry, want anders is die leerhandeling nie voltooi nie (Butler, 1954, p.141).

9. Opmerkings van die onderwyser

Dit word onmiddellik gedoen nadat die lesplan gebruik is. Hier word sterkpunte, tekortkominge, weglatings, probleme wat ondervind is, asook werk wat moet oorstaan tot die volgende dag, aangeteken. Opmerkings het veral groot referensiewaarde, byvoorbeeld by hersiening of wanneer die lesplan weer gebruik word.

Voorbeeld van 'n lesplan

In die uitleg van 'n lesplan hierbo, is aangetoon hoe 'n les in stappe verdeel kan word en enkele psigologiese redes is vir sommige van die stappe aangegee. Onderstaande voorbeeld toon 'n vorm van lesbeplanning aan, wat in rekeningkunde gevolg kan word.

1. Titel

1. Titel : Die proefbalans
Klas : St. 6
Datum :
2. Doel : Leerlinge te onderrig in
 - 1) die opstel van n proefbalans, en
 - 2) enkele foute wat n proefbalans nie openbaar nie.
3. Hulpmiddels 1) Joernaalliniëring op skryfbord.
benodig: 2) Vir elke leerling:
 - a) joernaalwerkboek
 - b) gedupliseerde grootboek in T-vorm (Sien "bylae tot lesplan")
4. Inleiding: "Ons het gister aan julle gewys
 - 1) hoe om grootboekrekenings te balanseer en
 - 2) hoe om die korrektheid van n bank-saldo vas te stel.

"Kom ons toets julle kennis. Wat beteken dit om n rekening te balanseer? Watter stappe word gevolg in die balanseering van n rekening?"

Antwoorde:

 - a) Tel debietkolom op.
 - b) Tel kredietkolom op.
 - c) Trek die kleinste totaal van die grootste totaal af en plaas die verskil dan in die besonderhede-kolom aan die kant van die grootste totaal (Vgl. Rekeningkunde-kernsillabus, 1972, p.8).

"Hoe word die akkuraatheid van die bank-balans getoets?"

"Noudat ons weet hoe om n rekening te balanseer en die akkuraatheid van die bankbalans te toets, kom laat ons die akkuraatheid van al die grootboekrekenings vasstel."
5. Aanbieding: "In die sakewêreld is dit die gebruik om gereeld van tyd tot tyd, gewoonlik maandeliks n lys van debiet- en kredietsaldo's op te"

op te stel om vas te stel of die totaal van die debietsaldo's klop met die totaal van die kredietsaldo's. Die lys van saldo's wat só opgestel word, om die juistheid van die werk te toets, staan bekend as n Proefbalans. Jy kan dit ook maar n Toetsbalans noem. "Waarom?"

Skryf nou die term "proefbalans" op die skryfbord. Die leerlinge maak nou hulle joernaal-werkboeke oop en die gedupliseerde T-rekenings word uitgedeel.

Versoek leerlinge om te werk in hulle joernaal-boeke terwyl die onderwyser op die skryfbord werk. Neem die klas deur die volgende vyf stappe in die opstel van n proefbalans:

Stap 1: Skryf van die opskrif

- a) Proefbalans van H. Hough op 30 Junie 1976.
- b) Name van grootboekrekenings, folio, debiete, krediete (Vgl. Rekeningkunde-kernsillabus, 1972, Bylae 2).

Nota: Indien die onderwyser die balansstaatbenadering in aanvangsonderrig gevolg het, kan hier gevra word "Watter ooreenkomste of verskille is daar in die opskrifte van n proefbalans en n balansstaat?" (Assosiasie bewerkstellig beter leer).

Stap 2: Skryf van die naam van elke grootboekrekening in die proefbalans: naam, folio en bedrag (balans).

- a) Demonstreer die inskryf van n paar grootboekrekenings en hulle bedrae.
- b) Versoek leerlinge om te verduidelik waarom dit so gedoen is.
- c) Versoek enkele leerlinge om die voltooiing van die inskrywing van grootboekbalanse op die skryfbord te kom doen.

Stap 3

- Stap 3: Trek 'n enkellyn deur elke geldkolom (op dieselfde reël) na die laaste geldbedrae.
- Stap 4: Tel elke geldkolom op Verduidelik dat as hierdie totale gelyk is, dan klop die proefbalans. Die boekhouer weet nou dat vir elke debietinskrywing 'n teenoorgestelde kredietinskrywing gemaak is.
- Stap 5: Trek onder die gelddtotale weer 'n enkelstreep. Verduidelik aan leerlinge dat hierdie stap in rekeningkunde impliseer dat die werk bo hierdie streep korrek en voltooi is.

Verduidelik aan leerlinge dat 'n proefbalans wat klop net 'n aanduiding is dat die debiete in die grootboek gelyk is aan die krediete in die grootboek - maar dit is nie 'n bewys dat die grootboek volkome korrek opgeskryf is nie.

Versoek leerlinge om twee voorbeelde van foute te noem wat nie deur 'n proefbalans geopenbaar sal word nie.

Antwoorde

- 1) 'n Bedrag kan na die regte kant in die grootboek, maar per ongeluk na 'n verkeerde rekening toe oorgeboek word (Gee voorbeeld uit Vereenvoudigde kasboek).
- 2) Transaksie word algeheel weggelaat.

Verduidelik.

6. Toepassing: Gee aan leerlinge 'n probleem uit die handboek om te doen: Oefening 10.7 (Robbertse, 1974 a, p.141).
Beweeg tussen leerlinge, hou die vordering van hulle werk dop en verleen hulp waar nodig.
7. Samevatting: "Kom ons stel vas wat julle onthou van vandag se werk."
Die volgende vrae kan onder meer gestel word:

- 1) Wat

- 1) Wat is die doel van n proefbalans?
- 2) Wat is die eerste stap in die opstel van n proefbalans?
- 3) Wat kom alles voor in die opskrif van n proefbalans?
- 4) Wat word gedoen nadat die opskrif voltooi is?
- 5) Hoe weet jy in watter kolom moet die balans van n grootboekrekening geplaas word?
- 6) Wanneer klop n proefbalans?
- 7) n Proefbalans is slegs n bewys van een ding. Wat is dit?
- 8) Wat bewys n proefbalans wat klop, nie?
- 9) Noem n voorbeeld van een soort fout wat n proefbalans nie openbaar nie. Nog een?

8. Huiswerk: Gee n huiswerkopdrag soortgelyk aan dié in die klas gedoen: Oefening 10.9 (Robbertse, 1974 a, pp.142-143).

9. Opmerking
van
Onderwyser:

Bylae tot lesplan: Grootboekrekenings

Bank		Kapitaal: H. Hough	
371,00	723,93		2 900,00
<u>1 440,60</u>			
1 087,67	1 811,60		
Voertuie		Kommissie Ontvang	
3 170,00			1 377,60
Vraggeld		Onderhoudskoste: Voertuie	
25,00		5,00	
Kantoormeubels		Kantoormasjiene	
745,60	20,00	254,40	15,00
37,50	18,00	76,00	
<u>39,00</u>	<u>10,00</u>	<u>175,00</u>	
774,10	822,10	490,40	505,40
		J. Adams	

J. Adams			P. Roux		
25,00	66,00	91,00	100,00	200,00	300,00
Star Garage			Advertensies		
42,00	1 158,00	1 250,00	7,64		
<u>50,00</u>			<u>9,77</u>		
92,00			17,41		
Telefoonhuur			S. Ross		
4,50			120,00		
<u>7,52</u>					
12,02					

Nota: Groepering van rekenings en folio-verwysings is weggelaat, sodat leerlinge by die opstel van die proefbalans terselfdertyd hersiening hiervan kan doen.

Swartbordwerk

Proefbalans van H. Hough op 30 Junie 1976

Name van grootboekrekenings	Folio	Debiete		Krediete	
<u>Algemene afdeling</u>					
Kapitaal: H. Hough	A.1			2 900	00
Kantoormeubels	A.2	774	10		
Kantoormasjiene	A.3	490	40		
Voertuie	A.4	3 170	00		
<u>Kasboekafdeling</u>					
Bank	KB.1	1 087	67		
<u>Debiteursafdeling</u>					
S. Ross	D.1	120	00		
<u>Krediteursafdeling</u>					
J. Adams	K.1			66	00
P. Roux	K.2			200	00
Star Garage	K.3			1 158	00
<u>Nominale rekenings-afdeling</u>					
Vraggeld	N.1	25	00		
Kommissie Ontvang	N.2			1 377	60
Onderhoudskoste: Voertuie	N.3	5	00		
Advertensies	N.4	17	41		
Telefoonhuur	N.5	12	02		
		5 701	60	5 701	60

6. Is

6. Is skriftelike lesbeplanning in rekeningkunde noodsaaklik?

Aan kleinere skole behartig n onderwyser dikwels n bepaalde vak vanaf st. 6 tot st. 10. Meesal is hy ook belas met n ander vak aan verskeie klasse. Jong onderwysers kan tereg vra waar die tyd gevind moet word om elke dag n volledige lesplan uit te skryf vir vyf of meer klasse. Ervare leerkragte kan redeneer dat hulle die leerstof en hulle leerlinge haarfyn ken en presies weet hoe elke les benader moet word, om effektiewe leer te bewerkstellig. Skriftelike lesbeplanning is dus tydrowend en onnodig. Daar word soms teen die uitskryf van lesse aangevoer dat geen onderwyser absoluut seker kan wees dat die les in werklikheid sal afloop soos hy dit ontwerp het nie. Wanneer die klaskamersituasie dan anders ontwikkel as wat die onderwyser tydens sy voorbereiding gemeen het dat dit sou verloop, vind hy dit moeilik om die nodige aanpassings te maak omdat sy lesplan dikwels te handboek gebonde is (Taute, 1962, p.216). Die gevaar bestaan ook dat n onderwyser wat sy lesplan breedvoerig uiteengesit het in die versoeking kom om gedurig daarna te refereer. Hy wek dan die indruk dat hy besig is om n referaat te lees en doen afbreuk aan die waarde van die les. Die leerlinge mag dadelik besluit dat hy nie meester van die leerstof is nie (Taute, 1962, p.215). Baie onderwysers glo dan ook aan n meer losse, gekonstrueerde, buigbare lesplan wat doeltreffend kan aanpas by veranderde klaskamersituasies (Douglas, 1973, p.70).

Volgens Coetzee (1964, p.192) leer die ervaring dat die beste vorm van beplanning, deeglike skriftelike voorbereiding is. Boynton (1970, p.135) sien dit so:

".... it is the mental process, the forethought, and the organization that go into the written plan which make planning most valuable, not the completed product that lies on the desk for an occasional glance."

n Skriftelike geformuleerde lesplan blyk dus in rekeningkunde-onderrig

kunde-onderrig ook n vereiste te wees (Vgl. Van Loggenberg, 1966, p.198; Vgl. ook Bevelander, 1960, p.163). Aanvanklik sal die onervare onderwyser sy lesskemas volledig uitskryf, dit wil sê, die leerstof volledig in hoofpunte uitwerk, die metode van onderrig, die gebruik van hulpmiddele, vrae en antwoorde goed deurdink en skriftelik formuleer. Met ervaring kan die uitskrywe van die skema steeds minder volledig word, totdat mettertyd slegs met n beknopte sketsles volstaan kan word (Coetzee, 1947, p.24).

n Sketsles in rekeningkunde kan die volgende vorm aanneem (Vgl. Taute, 1962, p.217):

St. 6 Datum

Doel: 1) Opstel van n proefbalans.

2) Foute wat dit nie aantoon nie.

Leermiddels. 1) Joernaalliniëring op skryfbord.

2) Gedupliseerde grootboek in T-vorm.

Inleiding. Vind aanknoping by:

1) Saldering van grootboekrekenings;

2) Verifikasie van bankbalans.

Aanbieding. 1) Die ontstaan van n proefbalans in die sakewêreld.

2) Opskrif - Vgl. met dié van n balansstaat.

3) Skryf van die naam van elke grootboekrekening in die proefbalans.

4) Enkelstreep deur geldtotale - optel - "Waarom is dit dieselfde?"

5) Enkelstreep onder geldtotale - "Wat beteken dit?"

6) Foute wat proefbalans nie aantoon nie:

a) Inskrywingsfoute - oorboeking na die regte kant maar na verkeerde grootboekrekening.

b) Beginselfoute (Inkope geboek teen Meubels, ens.)

c) Weglatingsfoute.

Toepassing: Doen in klas - Oefening 10.7, p.141

(Robbertse, 1974 a).

Samevatting

Samevatting: Vrae te stel oor:

Doel van proefbalans.

Eerste stap in opstel van proefbalans.

Opskrif - inhoud daarvan.

Plasing van grootboeksaldo's in debiet-
en kredietkolomme.

Klop van proefbalans.

Wat proefbalans bewys.

Wat dit nie bewys nie - verwag n paar
voorbeelde.

Huiswerk: Oefening 10.9 pp.142-143 (Robbertse, 1974 a).

Opmerking van Onderwyser:

Nota: Die aangee van skryfbordwerk is nie hier nodig
nie, maar die onderwyser moet vooraf seker maak
dat sy gegewens korrek is en dat die proefbalans
sal klop.

7. Beplanning van huiswerkopdragte

Die regte huiswerk, volledig ontwerp en korrek hanteer, maak n belangrike aspek uit van die onderwyser se program van beplanning (Coetzee, 1964, p.207). Die waarde van huiswerkopdragte wat sorgvuldig beplan en geïntegreer is in die daaglikse lesplan, kan nie oorbeklemtoon word nie. Ervare onderwysers kan dan ook getuig dat die meeste leerlinge is gretig om huiswerk-opdragte uit te voer, as hulle die doel daarvan kan insien (Harms en Stehr, 1963, p.323).

Baie rekeningkunde-onderwysers oortree egter dikwels deur opdragte te gee wat heeltemal te lank is. Volgens House (1954) is daar n direkte verband tussen n leerling se sukses in rekeningkunde en die tyd wat hy spandeer om werkopdragte uit te voer. Daar is ook n direkte verband tussen die mislukking van die leerling in rekeningkunde en sy geloof dat werkopdragte onredelike tyd in beslag neem. Verder is daar ook n korrelasie tussen sy mislukking en sy opvatting dat hy meer tyd aan rekeningkunde-huiswerk moet afstaan, as aan tuiswerk in ander vakke. House het ook bevind dat daar 'n verband is tussen die
leerling

leerling se siening dat huiswerk te moeilik is en sy swak vordering. As huiswerk oefeninge te moeilik is om baas te raak, dan is die hele vak vir hom te moeilik om te bemeester (p.19). Gartside (1970) waarsku dat as die werkopdragte te lank is, dit meer sal gaan om die uitwerk van oefeninge in plaas van werklike insig en begrip (p.58). Huiswerkopdragte moet derhalwe vooraf deeglik beplan word, sodat dit slegs die minimum oefening gee wat nodig is om bepaalde beginsels te bemeester (Tonne, 1957, p.21).

Kahn en Freeman (aangehaal deur Musselman, 1960, pp.71-72) noem die volgende redes waarom huiswerk in rekeningkunde noodsaaklik is:

- i) Dit bespaar onderrigtyd want die praktiese toepassings kan hoofsaaklik by die huis gedoen word.
- ii) Rekeningkunde is 'n vak waar nuwe beginsels voortvloei uit reeds bekende beginsels. Verkryging van insig in die nuwe beginsel vereis intensiewe oefening in beide die ou en nuwe beginsel.
- iii) Die werktempo in die klaskamer is ingestel op die gemiddelde leerling. Die stadige leerder begryp dikwels eers die werk as hy dit teen sy eie tempo bestudeer en afhandel.
- iv) Huiswerkopdragte wat voorsiening maak vir leerstofverryking rig 'n uitdaging aan die vinnige leerder.
- v) Leerlinge wat afwesig is kan deur huiswerkopdragte onder leiding van die onderwyser agterstallige werk inhaal.
- vi) Tuiswerk voorsien die leerling van die geleentheid om uit te vind watter leerstof hy begryp en watter werk hy nog nie onder die knie het nie. Cantor (aangehaal deur American Accounting Association, 1953, p.57) verklaar: "..... until the student himself has struggled with the problems presented in a course, he is not ready to comprehend the problems or to appreciate their resolution".
- vii) Sorgvuldige kontrole van huiswerk, voorsien die onderwyser van 'n inventaris van watter leerlinge bepaalde aspekte van die werk nog nie begryp nie.

Vervolgens

Vervolgens word n aantal voorstelle aan die hand ge-
doen vir die beplanning van huiswerk vir sts. 6 en 7.

- i) Behalwe by enkele uitsonderings na, moet tuis-
werk betrekking hê op die gedane werk in die klas
(Van Loggerenberg, 1966, p.480). Soos reeds
daarop gewys, moet die lesplan huiswerkopdragte
bevat wat die leerling in staat sal stel om dit
wat hy in die klas geleer het, prakties by die
huis te gaan toepas.
- ii) Daar moet in gedagte gehou word, dat leerlinge
leer nie almal op dieselfde wyse nie en daarom
moet voorsiening gemaak word vir individuele
verskille (Clarke, 1964, pp.42-43).
- iii) Huiswerkopdragte word net gegee as dit essensieël
is en n bepaalde doel dien. Daarom mag huiswerk
nooit as strafwerk gegee word of om leerlinge net
besig te hou nie. Leerlinge is meesal entoesias-
ties oor huiswerk wat vir hul sinvol is, en dit is
die verantwoordelikheid van die onderwyser om
hierdie entoesiasme vrugvol te eksploiteer (Tonne,
1957, p.324).
- iv) Huiswerk moet duidelik gegee word. Die leerling
moet presies weet wat hy moet doen en hoe hy dit
moet doen (Coetzee, 1964, p.207). Oefeninge in
die handboek moet vooraf deur die onderwyser be-
studeer word, sodat die leerling nie by die huis
sukkel met probleme soos: verwarrende opdragte;
leerstof wat nog nie in die klas bespreek is nie;
vangplekke wat die gemiddelde leerling nie kan
deurgrond nie; n proefbalans of balansstaat wat
nie klop nie as gevolg van drukfoute in die hand-
boek of verkeerde gegewens verskaf deur die onder-
wyser; oefeninge wat te veel sente bevat en ge-
volglik baie tyd in beslag neem om op te tel of
berekennings te maak; rekenkundige berekenings
wat onrealisties en moeilik is, ens. Satlow
(aangehaal deur Harms en Stehr, 1963) doen die
volgende wenke aan die hand by die gee van huis-
werk: Opdragte word op n spesiaal gereserveerde
plek op die skryfbord aan die begin van die
periode,

periode, verkieslik deur n leerling aangebring. Die klas skryf dit af in hulle huiswerkboeke en na voltooiing word dit hardop gelees, sodat hulle kan verifieer of hulle korrek afgeskryf het. Die dikteer van oefeninge aan leerlinge moet vermy word; dit moet liewers gedupliseer word en aan hulle uitgedeel word (p.387).

n Ander metode wat deur baie rekeningkunde-onderwysers met sukses toegepas word, bestaan uit die beplanning van n periodieke rooster van werkopdragte. Dit word skriftelik opgestel, gedupliseer en aan leerlinge uitgedeel, met die opdrag om dit in hulle huiswerkboeke te plak (Harms en Stehr, 1963, p.344).

Rooster van rekeningkunde-werkopdragte

Datum	Hoofstuk in handboek	Oef. Nr.	Bls.	Ekstra Oefeninge
	Hfst. 7	7.1	113	
	Hfst. 7	7.7	117	7.8, p.19
	Hfst. 7	7.13	124	7.14, p.125
	Toets (hfst. 7)			

Wanneer die opdrag gegee word in die klas, skryf die leerling die datum in wanneer dit voltooi behoort te wees. Die leerling weet nou presies watter huiswerk hy tuis moet gaan afhandel en hy besit verder ook n handige rekord vir hersienings-doeleindes. Vir die onderwyser hou dit die voordeel in dat hy die huiswerk van n bepaalde hoofstuk in geheel kan beplan. Sekere onderwerpe word dus nie oorbeklemtoon ten koste van ander nie, terwyl hy ook meer geredelik die minimum huiswerkopdragte, wat nodig is vir die beheersing van bepaalde beginsels, kan beplan. Hierdie metode is ook buigbaar en kan aangepas word by die besondere veranderde klaskamersituasie wat mag

wat mag ontstaan. Die datum word oorspronklik weggelaat en gevolglik kan nuwe oefeninge maklik ingevoeg word.

- v) Oefeninge in die handboek moet soms aangepas word om voorsiening te maak vir die intellektuele behoeftes van die leerlinge. Transaksies wat die denke van die skrande leerling sal stimuleer moet by die handboekoefening aangevul word, terwyl transaksies van 'n herhalende aard vir die minder begaafde ingevoeg word. Soms is dit selfs nodig om ekstra oefeninge op te stel aangesien die handboek nie genoeg oefeninge oor die bepaalde beginsels, waarmee die leerlinge probleme het, bevat nie.
- vi) Opdragte wat die selfstandige inisiatief en nadenking van die leerling prikkel moet soms gegee word (Coetzee, 1964, p.208). Leerlinge hou dikwels nie van selfstudie-opdragte in rekeningkunde nie, want dit vereis verstandelike inspanning, maar as aan hulle die doel en voordeel daarvan verduidelik is, werk hulle mooi saam. Moeilike probleme moet egter vooraf aan hulle verduidelik word en kernbeginsels moet uitgewys word. Die onderwyser mag egter nie te veel voorbereiding verskaf nie, want dit verminder die waarde van onafhanklike studie (American Accounting Association, 1953, pp.56-57). Leerlinge sal ook meer gemotiveerd wees vir selfstudie, as hulle vooraf weet dat dit die volgende dag opgevolg gaan word met 'n klasgesprek. In die reël is dit nie wenslik dat leerlinge oefeninge uitwerk, voordat die onderwyser nie eers vasgestel het hoe geslaag hulle onafhanklike studie pogings was nie (American Accounting Association, 1953, p.89).
- vii) Alle huiswerk moet behoorlik gekontroleer word (Van Loggerenberg, 1966, p.481). Gevolglik moet die onderwyser ook vooraf beplan hoe hy dit gaan doen. Afwisseling in die metode van kontrolering is hier van belang. Eerstens sien die onderwyser self periodiek al die werk na en bespreek probleme en foute

en foute met individuele leerlinge of met die hele klas, indien dit n algemene tekortkoming is. Ander dae neem hy net sekere rye, of net seuns, of net dogters se huiswerkboeke en kontroleer dit. In die kontrolewerk let hy veral op naetheid, noukeurigheid, spelling, spasiëring van werk, klassifikasie, trek van strepe, datums, salderingsmetodes, ens. Van groter belang is dat hy sal vasstel of die leerlinge werklik insig openbaar in die werk. As dit nie die geval is nie, sal hy die nodige maatreëls moet tref om die werk weer aan die leerlinge te verduidelik.

n Tweede metode wat gevolg kan word, is dat die leerling sy werk self nasien. Die oefening word op die skryfbord uitgewerk of met behulp van n truprojektor op n skerm geprojekteer. Die leerlinge vergelyk dit met hulle werk en bring die nodige verbeterings met potlood aan (Boynton, 1970, p.390). Vir hersieningsdoeleindes kan die leerlinge aantekeninge maak in hulle werkboeke van transaksies wat hulle verkeerd gehad het, saam met die korrekte inskrywings (Harms en Stehr, 1963, p.391).

Soms word die werkboeke omgeruil en tree die leerlinge op as n "ouditeur" wat die werk van sy klasmaat kontroleer. Leerlinge sien hulle maats se werk gewoonlik baie nougeset na. Foute wat hulle bespeur word meesal aan die onderwyser bekend gemaak. Dit kan dien as basis vir verdere besprekings en verduideliking sodat hierdie foute in die toekoms vermy kan word (Douglas, 1973, p.328).

Ten slotte moet daarop gewys word dat huiswerk in rekeningkunde selde, indien ooit, vir graderingsdoeleindes aangewend behoort te word, want dit is n leermetode en nie n evalueringsmiddel nie (Tonne, 1957, p.21).

8. Beplanning van aanvangsonderrig in rekeningkunde

Die aanvangspunt in rekeningkunde-onderrig is baie belangrik en moet versigtig beplan word. 'n Goeie begin kan baie bydra dat leerlinge in die toekoms groter begrip sal toon in die beginsels van rekeningkunde (Douglas, 1973, p.315). Daarom behoort vanaf die eerste les in rekeningkunde voorsiening gemaak te word vir 'n insigbenadering. "In bookkeeping instruction, rules must be supported by reason if we expect to teach concepts. Although the student, if he is so taught, can memorize and quote verbatim many rules, he becomes confused in their applications if he does not understand their meaning and purpose. If a rule can be omitted and a reason substituted, the student learns to think and make judgments of his own, thus approaching the real meaning of education in any field" (Treece, 1969, p.21).

In die geskiedenis van rekeningkunde-onderrig is verskeie benaderingswyses gevolg om beginners in te lei in die rekeningkundige wetenskap. Die meeste skrywers onderskei tussen vier benaderingswyses: joernaal-, grootboek-, balansstaat- en rekeningkundige vergelyking-benadering (Eksteen, s.j. p.24). Oor die voor- en nadele van elk van hierdie metodes is al baie geredeneer en geskryf. Daar bestaan geen eenstemmigheid oor watter metode as die beste geklassifiseer kan word nie (Gartside, 1970, p.60). Watter metode die onderwyser gaan gebruik hang grootliks af van sy persoonlikheid, opleiding en die handboek wat gebruik word (Eksteen, s.j. p.28).

Boynton (1970) wys juis daarop: "Any beginning teacher who uses a different subject-matter approach than that followed by the textbook put into the hands of his students should realize that he is taking away their anchor, going against the source of ready reference" (p.109).

Navorsing in die VSA het aangetoon dat die balansstaat-benadering of 'n variasie daarvan, die sogenaamde rekeningkundige vergelyking-benadering, vandag algemeen die meeste

meeste deur skole gebruik word (Treece, 1969, p.21). Laasgenoemde benadering word ook deur Robbertse (1974 a), skrywer van die st. 6-handboek wat waarskynlik deur baie rekeningkunde-onderwysers gebruik word, gevolg (n voorgeskrewe handboek in die O.V.S. Onderwysdepartement). Hierdie metode sal dus vervolgens hier onder die vergrootglas geplaas word.

Aanvangsonderrig kan begin word deur aan die leerlinge te vra waarom hulle rekeningkunde as vak gekies het. Afgesien daarvan dat die antwoorde heel interessant mag wees, kan dit as aanknopingspunt dien om aan leerlinge te verduidelik dat elke persoon wat beplan om n loopbaan in die sakewêreld te volg, rekeningkundige opleiding moet ondergaan (Tonne, 1957, p.232). n Eerste les in rekeningkunde aan st. 6 kan onder meer as volg beplan word (Boynton, 1970, pp.359-363):

1. Titel: Motivering van leerlinge vir n studie van rekeningkunde.
2. Doelstelling: Om leerlinge n begrip te gee van die redes waarom rekeningkunde as skoolvak geneem word.
3. Hulpmiddels: Blanko skryfvel vir elke leerling.
4. Inleiding:
 - i) Noem aan leerlinge dat elkeen sy redes het waarom hy rekeningkunde as keusevak neem. Dit sal interessant wees om hierdie redes te verneem; dit kan ook beter hulpverlening bewerkstellig.
 - ii) Versoek leerlinge om redes neer te skryf waarom hulle rekeningkunde neem.
 - iii) n Leerling word aangesê om die skryfvelle uit te deel.
5. Aanbieding:
 - i) Op skryfbord word nou aangeteken: Redes waarom leerlinge rekeningkunde neem
 - a) Voorbereiding vir n loopbaan as kantoorwerker.
 - b) Om meer te leer van besigheidspraktyke in die algemeen.
 - ii) Versoek

ii) Versoek individuele leerlinge om hulle redes te verstrek.

Verwagte antwoorde (vul aan op skryfbord).

- c) Gevorderde studie op universiteit of kollege.
- d) Vir gebruik in eie besigheid.
- e) My ouers verkies dat ek hierdie vak neem.
- f) Vir persoonlike doeleindes.
- g) Ek wil graag 'n rekeningkunde-onderwyser word, ens.

6. Toepassing en samevatting

Onderwyser: "Op die skryfbord verskyn verskeie redes waarom mense rekeningkunde bestudeer. Wat vertel dit ons van dié vak?"

- Leerling:
- i) Rekeningkunde is 'n belangrike vak vir baie mense.
 - ii) Omdat baie mense dink dit is 'n belangrike vak om te bestudeer, moet dit baie nuttig wees.
 - iii) Omdat baie mense dit alreeds bestudeer het, kan dit nie te moeilik wees nie.

7. Huiswerk:

Onderwyser: "Ons het vandag uitgevind dat rekeningkunde 'n belangrike vak is vir baie mense. Kom ons probeer nou vasstel hoe en waarom is dit belangrik. As voorbereiding vir môre se les moet julle vanmiddag gaan uitvind by volwassenes waarom dit vir hulle belangrik is. Gaan gesels met pa, ma, die buurman, 'n kafee-eienaar, 'n handelaar, ens. en skryf dan hulle redes in jou huiswerkboek. As ons eers weet waarom rekeningkunde belangrik is, kan ons môre vir julle die eerste stap wys hoe om self boek te hou."

In aansluiting

In aansluiting by die huiswerk van die eerste les, kan die onderwyser in die tweede les ter inleiding aandag gee aan die belangrikheid en funksie van rekeningkunde in die samelewing. Hy kan daarop wys dat geskiedkundige gebeure aangeteken word in geskiedenis-handboeke.

Regerings maak van hierdie historiese gebeure gebruik in beleidmaking vir die toekoms. Net so is dit belangrik vir die sakeman om n studie te maak van die finansiële geskiedenis van sy firma ten einde goeie finansiële beslissings en vooruitskattings te maak (Douglas, 1973, p.316).

Die metode om sistematies rekord te hou van die finansiële geskiedenis van die onderneming, staan bekend as dubbelinskrywingsboekhouding (Gartside, 1970, p.61).

Die verskillende elemente van hierdie stelsel mag aanvanklik moeilik klink, maar in werklikheid is dit n eenvoudige en logiese vak. Rekeningkunde is "the language of business" en die terminologie moes gestandaardiseer word sodat dit vir alle sakemanne dieselfde betekenis simboliseer. Van die onderwyser word verwag dat hy deeglik sal beplan en bedink hoe hy hierdie terminologie duidelik en sinvol aan die leerlinge kan oordra (Douglas, 1973, p.316).

In die eerste aanbieding van rekeningkundige leerstof, moet die onderwyser aansluiting vind by die leefwêreld van die kind. n "Tiener se Balansstaat" kan in gewone T-rekeningvorm aangebied word. Die leerlinge word versoek om die name te noem van belangrike items wat hulle besit, byvoorbeeld klere, horlosies, fietse, ens. Dit word ondermekaar op die skryfbord aangeteken en nadat vyf of ses items genoem is, word die leerlinge versoek om dit van geldwaardes te voorsien. n Streep word onder die laaste bedrag getrek en n totaal word gevind. In n ander lys (regterkant van T-rekening) verstrekk leerlinge die name van twee items wat geskuld word. Hierna word hulle gevra hoeveel die persoon werklik besit (dit wil sê, dit waarop andere nie aanspraak kan maak nie). Die bedrag word bereken en die balansstaat is voltooi

(Risser,

(Risser, 1969, pp.20-21; Vgl. Robbertse, 1974 a, pp.24-29).

Vervolgens word aan leerlinge verduidelik dat hulle nou n balansstaat opgestel het - en dit is presies wat rekeningkunde behels. Al die besittings in rekeningkunde word beskryf as bates. Die klas word versoek om hul eie definisie van bates te formuleer. Aan hulle word ook verduidelik dat die twee skulditems bekend staan as laste. Die werklike besittingsreg van die eienaar op die bates staan in rekeningkunde bekend as "eienaarsbelang". (Robbertse, 1974 a, p.27). Die balansstaat op die skryfbord sal nou s6 daar uitsien:

Balansstaat van Gerhard Roux

<u>Bates (of besittings)</u>		<u>Laste (of skuld)</u>	
Klere	R100	Lening (Pa)	R 40
Horlosie	60	Skuld aan Fiets-	
Fiets	80	winkel	30
Windbuks	40	<u>Eienaarsbelang</u>	
Kontantgeld	<u>10</u>	Gerhard Roux	<u>220</u>
	<u>R290</u>		<u>R290</u>

n Logiese ontwikkeling uit hierdie balansstaat is die rekeningkundige afleiding, Bates (B) = Laste (L) + Eienaarsbelang (E), m.a.w. $B = L + E$. Oor hierdie belangrike afleiding verklaar Douglas (1973): "The importance of student understanding of this basic equation cannot be overstated because every business transaction that a student will analyze and record in future problems assigned will affect the accuracy of the equation"(p.316). Die onderwyser moet baie stadig gaan oor hierdie vergelyking. Verskeie voorbeelde moet op die skryfbord gedemonstreer word, sodat leerlinge ook later vertrou is met terme soos: bank, geboue, kantoor-meubels, handelsvoorraad, ens. Voordat oorgegaan word tot die volgende stap moet leerlinge op hoogte wees met die vergelykings: $B = L + E$, $E = B - L$, $L = B - E$ (Tonne, 1957, p.232).

Nadat

Nadat die leerlinge bogenoemde vergelykings baasgeraak het, sal hulle baie gou insien dat verandering in die geldwaardes van die balansstaat onvermydelik is -- die verandering in geldwaardes staan bekend as transaksies (Risser, 1969, p.20). Transaksies het slegs een invloed op die vergelyking $B = L + E$, naamlik dit kan die elemente daarvan vermeerder of verminder. Die onderwyser bring n T-rekening op die skryfbord aan en verduidelik aan die leerlinge dat die linkerkant van die rekening staan bekend as die debietkant, terwyl die regterkant van die rekening die kredietkant genoem word. Dienooreenkomstig sal n transaksie wat op die debietkant aangeteken word, bekend staan as n debietinskrywing; n transaksie aangeteken op die kredietkant word n kredietinskrywing genoem (Musselman, 1960, p.124).

Die logiese implikasie van debiet- en kredietinskrywings kan as volg aan die leerlinge verduidelik word: Die vermeerderingskant van n rekening word vasgestel deur sy posisie in die vergelyking. Bates is op die linkerkant van die vergelyking; daarom wanneer n bate vermeerder, moet die inskrywing op die linkerkant van die baterekening aangebring word. Laste en eienaarsbelang is op die regterkant van die vergelyking; daarom, wanneer n las of eienaarsbelang vermeerder, moet die inskrywing op die regterkant van die betrokke rekening aangebring word.

Plus- en minustekens word nie in rekeningkunde gebruik nie; optel en aftrekberakenings word aangedui deur posisie. Wanneer n bate verminder, word die bedrag aangetoon op die kredietkant (minuskant). Wanneer n las of eienaarsbelang verminder, word die bedrag geskryf op die debietkant (minuskant). Dit is nou duidelik dat debiet beteken nie vermeerdering nie, omdat in sommige gevalle rekenings verminder word deur hulle te debiteer. Debiet refereer na die linkerkant en het geen ander betekenis nie (Musselman, 1960, p.125). Onderstaande skryfbord-illustrasie word nou ontwikkel en verduidelik:

$$B = L \dots\dots\dots$$

B		=	L		+	E	
Bates		=	Laste		+	Eienaarsbelang	
Debiet	Krediet		Debiet	Krediet		Debiet	Krediet
Vermeer- derings	Vermin- derings		Vermin- derings	Vermeer- derings		Vermin- derings	Vermeer- derings

óf

Bates		=	Laste		+	Eienaarsbelang	
+	-		-	+		-	+

Sommige rekeningkunde-onderwysers begin met grootboek-rekenings as hulle tevrede is dat leerlinge slegs weet hoe om die transaksie op n dubbelinskrywingsgrondslag te maak. Volgens Tonne (1957, p.235) is hierdie benadering geregverdig vir n leerling wat beoog om later slegs n roetinewerker te word, maar vervolg hy:

"However, for the student who is expected to understand the fundamental concepts and to interpret them, the entry is of less consequence at this stage of the learning process. What is very crucial is whether the pupil understands thoroughly and clearly why he makes the entry. He must appreciate what effect every transaction has on the fundamental equation". Dwarsdeur die Junior Sekondêre Skoolfase behoort elke transaksie eers, soos hieronder aangetoon, ontleed te word voordat enige inskrywing gedoen word (Musselman, 1960, p.125).

Stap 1. Watter rekenings word geaffekteer?

Stap 2. Klassifiseer die rekenings wat geraak word - bates, laste, eienaarsbelang.

Stap 3. Hoe word dit beïnvloed? (Vermeerder of verminder dit?)

Stap 4. Pas die formule toe:

$$\begin{array}{c|c} \text{B} \\ \hline + \quad - \end{array} = \begin{array}{c|c} \text{L} \\ \hline - \quad + \end{array} + \begin{array}{c|c} \text{E} \\ \hline - \quad + \end{array}$$

Om vas te stel of die rekenings gedebiteer of gekrediteer moet word.

Voorbeeld:

Voorbeeld: 1. Koop meubels vir kontant, R2 000

Transaksie Nr.	Rekenings geraak	Klassifikasie van Rekening	Vermeerdering of vermindering	Debiteer of krediteer	Bedrag	
					Dt	Kt
1.	Meubels Bank	Bate Bate	B+ B-	debiteer krediteer	2 000	2 000

By wyse van afwisseling (Tonne, 1957, p.235):

Transaksie	Debietverduideliking	Debiet-inskrywing	Kredietverduideliking	Krediet-inskrywing	Bedrag
Koop meubels vir kontant	B+	Meubels	B-	Bank	R2 000

Die leerling word deur hierdie metode gedwing om die transaksie te beredeneer in plaas van om die inskrywing te raai. n Antwoord soos "debiteer Meubels en krediteer Bank" is nie aanvaarbaar nie, want die moontlikheid is sterk dat hy weet "hoe" om die inskrywing te maak maar hy weet nie "waarom" nie. Die antwoord "debiteer Meubels omdat dit n bate is wat vermeerder en krediteer Bank omdat dit n bate is wat verminder", behoort as beginsel in die klas vasgelê te word (Gartside, 1970, pp.68-69).

Nadat die leerlinge deeglik oefening gekry het in die fundamentele elemente, vergelykings, debiet- en krediet-inskrywings en ontleding van transaksies kan n toets afgelê word wat min of meer die volgende vrae insluit:

1. Laste verminder op die kant van n rekening.
2. Bates vermeerder op die kant van n rekening.
3. Die balans (saldo) van n eienaarsbelangrekening verskyn op die kant.
4. Die regterkant van n rekening word genoem die kant.
5. Die

5. Die balans van 'n lasterekening is op die
..... kant.
6. Die eienaarsbelang verminder op die
kant.
7. Die balans van 'n baterekening is op die
..... kant.
8. Die linkerkant van 'n rekening word genoem die
..... kant.
9. Laste vermeerder op die kant.
10. Bates verminder op die kant.
11. Eienaarsbelang vermeerder op die kant.
12. Die eenvoudigste basiese vergelyking is
13. 'n Tweede basiese vergelyking is
14. 'n Derde basiese vergelyking is
15. Koop voertuie vir kontant, R600. Ontleed die transaksie.
16. Mnr. Jones (die eienaar) belê addisionele kapitaal van R4 000 in die besigheid. Ontleed die transaksie.
17. Die besigheid betaal E. Brown ('n krediteur) R100 op die besigheid se skuld by hom. Ontleed die transaksie.
18. Koop meubels op skuld van R. Hough, R500. Ontleed die transaksie.
19. Ontvang kontant van 'n kliënt, R. Reynolds, R60. Ontleed die transaksie.

Indien die leerlinge nie feitlik volpunte in die toets behaal nie, moet die onderwyser hulle verder drill, totdat hulle hierdie beginsels bemeester het. (Flitskaarte kan handig wees vir dié doel, Vgl. Hfst. V, par. 4.8).

Eers hierna kan oorgegaan word tot die opskryf van grootboekrekenings maar ook eers in T-rekeningvorm (Musselman, 1960, p.128).

Voorbeeld

- Transaksie 1. Die eienaar, H. Adams, bring kontant, R2 000, en meubels, R4 000, in die besigheid as kapitaal.
2. Die besigheid koop voertuie, R5 000, op skuld van Speedy Garage.
- Bates

Bates	=	Laste	+	Eienaarsbelang
+	-	-	+	-
				+

Transaksie 1

Bank	Meubels		Kapitaal: H. Adams
2 000	4 000		2 000
			4 000

Transaksie 2

Voertuie		Speedy Garage
5 000		5 000

Die opskryf van grootboekrekenings op grootboekpapier met datum-, kontra en folioverwysings kan nou op hierdie stadium met vrug aangepak word. Die noukeurige navolging van voorafgaande prosedures sal grootliks daartoe bydra, dat inskrywingsfoute tot n minimum beperk word. Leerlinge sal nou weet "hoe" om die transaksie te doen (die meganiese aspek) maar hulle sal ook weet "waarom" hulle dit doen (die vertolkingsaspek) (Gartside, 1970, p.69).

9. Onderwyser-leerlingbeplanning

Beide onderwyser en leerling word betrek in die onderrig-situasie. Dit skyn dus logies te wees dat beide onderwyser en leerling betrokke behoort te wees in die beplanningsproses (McKean, 1964, p.144).

Die onderwyser is die volwasse, professionele en spesiale opgeleide persoon wat die leiding neem in die klaskamer en wat verantwoordelik gehou word vir sodanige beplanning, dat die leerproses suksesvol sal verloop. Dit is egter die leerling wat moet leer. Om dit te bewerkstellig, moet hy aktief in die onderrig- en leersituasie betrokke wees. Ervaring het geleer dat leerlinge stel meer belang in die doen van dinge as beplanningsmetodes nie alleen deur die onderwyser voorgeskryf word nie, maar hulle ook n aandeel daarin het (Harms en Stehr, 1963, p.43). Leerlingdeelname aan die beplanning van n taak lei daartoe dat hy verantwoordelikheid aanvaar vir die plan en taak. Hy voel hom

voel hom dus ook verantwoordelik om die taak suksesvol af te handel (Carter, 1962, p.172). Waar beplanning nog verder beslag gekry het in groepaktiwiteite, voel die individu hom verantwoordelik teenoor die groep om die taak te voltooi. So raak beplanning 'n motiveringsfaktor met goeie resultate vir die leersituasie (Clarke, 1964, p.63).

Die skool is vandag 'n gemeenskap-in-die-kleine. Dit het die taak om die kind op te voed in die demokratiese leefwyse. Gevolglik moet dit daarna streef om die kind te leer dink en sosiale deugde soos gehoorsaamheid, samewerking, verantwoordelikheid, hulpvaardigheid en verdraagsaamheid by hom te ontwikkel (Van Loggerenberg, 1966, p.59). Anders gestel, die kind moet ontwikkel word tot 'n goeie en waardige burger van sy land. Dit impliseer dat hy sal moet leer om self te beplan en self verantwoordelike keuses en beslissings te maak. Hy sal ook verder moet leer om saam met ander te beplan en verantwoordelikheid te aanvaar vir die besluite wat geneem word (Clarke, 1964, p.63).

Onderwyser-leerlingbeplanning beteken nie dat die rekeningkunde-onderwyser se verantwoordelikheid vir beplanning verminder word nie. Hy is die leier wat die geleentheid skep vir die leerlinge om binne sekere grense die keuse te maak. Hy besit die rykdom aan kennis en ervaring om te oordeel of die voorstelle en besluite van die leerlinge, 'n positiewe invloed sal uitoefen op die leersituasie (McKean, 1964, pp.144-145). Hy weet ook dat hy nooit absolute vryheid aan sy leerlinge in beplanning mag gee nie, want dan is die hele beplanningsaksie tydverkwisting en gedoem tot mislukking (Carter, 1962, p.174).

Koöperatiewe beplanning in rekeningkunde is nie 'n toevallige handeling nie. Dit is die resultaat van deurdenking en besinning. Dit neem dikwels meer tyd in beslag as die metode waar die onderwyser al die beplanning alleen doen. Die beloning vir die tyd daaraan bestee, is egter die moeite werd. Dit lei daartoe dat onderwyser
 en leerling

en leerling mekaar beter verstaan; dit voorsien klas- en huiswerk wat leerlingbehoefte bevredig; dit bevorder beter aanpassing van die klaskamerorganisasie by individuele verskille en dit lei daartoe dat leerlinge groter verantwoordelikheid aanvaar in die leerproses (McKean, 1964, p.145). Dit stimuleer verder leerlingdenke, leerlingvoorstelle en agting vir leerlingkritiek en ontwikkel so 'n denkende, sosiale, koöperatiewe boekhouer en kantoorwerker (Boynton, 1970, p.156).

Vervolgens word gelet op 'n aantal onderwyser-leerlingbeplannings-aktiwiteite wat van praktiese toepassing kan wees in die rekeningkunde-klas.

- i) Die belangrikste beplanningsaktiwiteit waaraan die leerling 'n aandeel behoort te hê, is die uitoefening van sy keusereg of hy rekeningkunde as skoolvak wil neem. Hy moet in die geleentheid gestel word om met behulp van onbevooroordeelde hulp en voorligting self vas te stel of rekeningkunde in sy besondere behoeftes voorsien, want "students learn best that which they want to learn - that which they feel they need to learn" (Boynton, 1970, p.156). Beplanning saam met die onderwyser of hy rekeningkunde gaan insluit in sy kursus kan gedoen word in die voorligtingsklas; in die sts. 6 of 7-rekeningkunde-klas, indien hy na st. 6 of 7 sy keuse moet maak; in spesiale studiegroepe; in 'n vertroulike individuele onderhoud of in 'n onderwyser-ouer-onderhoud.
- ii) Leerlinge behoort 'n aktiewe rol te speel in lesbeplanning (Grambs, 1958, p.135). Hulle weet met watter afdelings van die werk probleme ondervind word. Saam met die onderwyser kan beplan word watter werk eers hersien moet word, voordat nuwe werk aangedurf word. Daar kan ook saam besluit word of almal betrek gaan word en of slegs individuele leerlinge ingesluit gaan word in die hersieningsprogram (Carter, 1962, p.175). Koöperatiewe lesbeplanning kan ook uitgebrei word, dat dit insluit wanneer oefenstelle gebruik gaan word, watter

watter oefeninge in die handboek gedoen gaan word, watter tipe toetse geskryf gaan word, watter oudio-visuele hulpmiddele by n bepaalde les ingesluit behoort te word, ens. (Boynton, 1970, p.156; Vgl. McKean, 1964, p.143).

- iii) Leerlinge behoort ook n aandeel te hê in die beplanning van n gesamentlike klasprojek, byvoorbeeld die versameling van handelsdokumente, die opstel van gepaste hulpboeke en die boekstaving van die transaksies vervat in hierdie dokumente (Eksteen, s.j. p.36).
- iv) Bepanning van die oplossing van werklike skoolrekeningkundige probleme wat voortvloei uit die buitenuurse aktiwiteite van die skool, bied ideale geleentheid om die leerlinge te betrek. Rekordhouding van finansiële aktiwiteite van die skoollewe bied lewendige, realistiese ervaringe wat in geen handboek ingesluit kan word nie. Die st. 7-leerlinge kan onder leiding van die rekeningkunde-onderwyser beplan hoe kontrole uitgeoefen sal word en hoe die transaksies van hierdie aktiwiteite die beste opgeskryf kan word (Vgl. Hfst. VI, par. 4.4.3(b)).
- v) Bedryfsbesoeke behoort, weens die groot opvoedkundige waarde vir die leerlinge, ingesluit te word in die jaarbeplanning van die onderwyser. Die beplanning van n besoek aan n bepaalde onderneming, bied pragtig geleentheid om die leerlinge te betrek. Hulle kan saam met die onderwyser beplan watter onderneming besoek sal word, wie verantwoordelik sal wees vir vervoerreëlings, wat waargeneem moet word, ens. Die klas kan selfs n komitee benoem wat vooraf skakel met die onderneming, sodat die besoek glad kan verloop (Vgl. Hfst. V, par. 4.12.1). Leerlinge wat só aktief deel het aan die beplanning van n bedryfsbesoek, is veel ryker aan leerervaringe as n klas wat slegs opdrag ontvang om op n bepaalde uur by die skool aan te meld vir die besoek (Boynton, 1970, p.155).

vi) Sakemanne

vi) Sakemanne is uit hoofde van hulle praktiese ervaringe goed toegerus om die onderwyser en leerlinge in te lig hoe rekeningkunde op skool nouer aansluiting kan vind by die praktyk. Die uitnodiging aan geskikte, ervare sakemanne vir 'n rondetafelsamesprekings met die onderwyser en leerlinge, is 'n waardevolle aspek van onderwyser-leerlingbeplanning wat meesal erg verwaarloos word (Harms en Stehr, 1963, p.445; Vgl. Hfst. V, par. 4.12.2).

Uit voorafgaande voorstelle blyk dit duidelik te wees, dat onderwyser-leerlingbeplanning die potensiaal besit om 'n konstruktiewe bydrae te maak tot rekeningkunde-onderrig. Die rykdom aan leerervaringe is groot. Die kind leer om te dink, te redeneer, besluite te neem en waar te neem watter uitwerking sy beslissing op homself en ander persone het. Die ingewikkelde sakelewe, waar die klem vandag al hoe meer val op produktiwiteit en doeltreffender bestuur, die al groter wordende eise van die gemeenskapslewe en die internasionale gebondenheid met ander nasies, dwing die onderwyser om sy leerlinge ervaring te laat opdoen in koöperatiewe beplanning. Dit mag dus nie net dien as 'n motiveringsfaktor om leer te bevorder nie. "It could be the most crucial learning for which the school is responsible", aldus Carter (1962, p.179).

10. Samevatting

Goeie, weldeurdagte beplanning vergemaklik die onderrig-proses en bevorder leeraktiwiteite (Alcorn, 1969, p.65). Dit stimuleer die leerlinge om denkend aktief betrek te word by die klaskameraktiwiteite en dit wek die regte leeringesteldheid by hulle.

Waar rekeningkunde juis 'n vak is wat gekenmerk word deur planmatigheid, orde en sisteem is die rekeningkunde-onderwyser dit aan sy leerlinge verskuldig om hulle in te burger in hierdie besondere eienskappe van rekeningkunde (Eksteen, 1970, p.17). Om dit te kan doen, sal

hy deeglik

hy deeglik moet besin oor die doelstellings wat hy met sy jaartaak, asook met elke lesaanbieding, wil bereik. Hy sal duidelikheid moet kry oor die metodes en tegnieke wat hy gaan gebruik om hierdie vooropgesette doelstellings te bereik. Hy sal ook moet oordink hoe hy gaan vasstel of hy en sy leerlinge elke dag dit bereik het, wat hy in gedagte gehad het (Musselman, 1960, p.63).

Watter beplanningsprosedure die rekeningkunde-onderwyser ook al toepas, bly die feit staan dat hy deeglik moet beplan, indien hy suksesvol wil onderrig. Hy moet egter onthou dat op sigself genome, waarborg goeie beplanning nog nie doeltreffende onderrig en leer nie, tensy dit heen lei tot die doelgerigte implementering van al die ander nege didaktiese beginsels, soos kortliks aangeraak in hierdie verhandeling (Vgl. Hfst. III). So gesien, dien beplanning dus slegs as eerste stap by die toepassing van elkeen van hierdie beginsels. Vervolgens word dan in hoofstuk V aandag gegee aan een van die beginsels, naamlik aanskouing, as 'n vertakking van die beplanningsaksie van die onderwyser.

HOOFSTUK VDIE BEGINSEL VAN AANSKOUING BY REKENINGKUNDE-ONDERRIG1. Wat is aanskouing?

In die alledaagse betekenis van die woord "aanskouing", dui dit op 'n proses van kyk of sien (Louw, s.j. p.5). In sy meer wetenskaplike betekenis is dit 'n veel wyer begrip en beteken dit innerlike en uiterlike betragting van die werklikheid deur middel van al die sintuie (Bevelander, 1959, p.35).

Dus is hier sprake van tweërlei betekenis, naamlik 'n uiterlike aanskouingsproses en 'n innerlike aanskouingsproses en dat onder aanskouing ingesluit word indrukke deur middel van al die sintuie. Die uiterlike aanskouingsproses omvat hoofsaaklik die fisiese waarnemingsproses, terwyl die innerlike aanskouingsproses die totale waarneming asook die voorstellingsproses omvat (Aarts, 1962, p.168).

Om 'n duidelike voorstelling te kan kry moet die werklikheid by 'n vorige geleentheid aanskou en ervaar gewees het deur al die sintuie. Eggersdorfer (aangehaal deur Groenewald, 1946, p.7) noem hierdie verskeidenheid van ervarings wat deur middel van die sintuie opgedoen is aanskouing.

Vervolgens word kortliks gelet op:

1.1 Aanskouing as waarneming van die uiterlike wêreld

Neuman onderskei drie soorte van uiterlike waarneming naamlik, onopsetlike, onverwagte waarneming: voorwerpe kom as verrassings in die gesigsveld, klanke tref die oor; opsetlike waarneming sonder 'n bepaalde doel; en soekende waarneming met die doel om 'n bepaalde behoefte te bevredig (Bevelander, 1959, p.36).

Hoe duideliker en helderder die waarneming hoe beter sal die aanskoulike beleef word (Louw, s.j. p.5). Dit is veral

is veral belangrik vir die onderwysmetodiek as in gedagte gehou word dat waarneming juis n samesmelting is van uiterlike indrukke met gereproduseerde ervarings. Verder moet daarop gewys word dat, inteenstelling met die junior laerskoolkind waar die waarneming vaag, ongedifferensieerd en baie afhanklik is van uiterlike indrukke, die groter kind se gees mettertyd so gestoffeer is met konkrete indrukke dat die waarneming by hom dit losmaak van die oormatige aanbieding van indrukke van buite. Van nouaf is hy meer afhanklik van innerlike waarnemings. Hierdie innerlike belewing kan egter slegs uit die ervaring van uiterlike waarnemings ontwikkel (Groenewald, 1946, p.9).

1.2 Aanskouing as belewing van die innerlike wêreld

Aanskouing is egter meer as waarneming want waar waarneming die besigtiging en ervaring van die uiterlike sigbare gebeure is, is aanskouing die innerlike belewing van die uiterlike waarneming (Coetzee, 1964, p.283). Hierdie innerlike belewing van die werklikheid stel die kind in staat om te oordeel en sedelik te keur (Groenewald, 1946, p.9). Innerlike belewing berus, soos reeds genoem, op die ervarings van aanskoulike indrukke. So noem Van Loggerenberg (1966) dat hoe sterker, duideliker en intenser die uiterlike waarneming is, hoe intenser sal die innerlike aanskouing wees en hoe beter sal die kind dink (p.160).

1.3 Aanskouing is ook die uitbouing van die voorstellings-wêreld

Waarnemingsindrukke wat innerlik verwerk word verryk die voorstellingswêreld, wat n vereiste vir begripsvorming is, want hoër denke berus op n rykdom van voorstellinge. n Ryk voorstellingswêreld is dus n voorvereiste vir onaanskoulike denke want eers wanneer n ryk voorstellingslewe opgebou is deur aanskoulikheid, kan daar deur middel van vertellings, beskrywings, sketse en ander woordelike vertolkings, verdere onaanskoulike denke opgebou word (Louw, s.j. pp.5-6). Groenewald (1946) wys daarop dat deur middel van die aanskoulike prikkel, ontstaan daar
by die

by die kind die tendens tot aanvulling en uitbouing van nie-waargenome voorstellinge, wat weer saamgevoeg word in een sinvolle sintetiese geheel. Deur middel van die aanskoulike, die bekende of die ervaarde word die minder bekende of onaanskoulike geleidelik ingevoeg en tot een kengeheel gevorm (pp.11-12). Aanskouing in sy rol as uitbouing van die voorstellings-wêreld, is dus van besondere belang in die onderrig van enige vak.

2. Die bewussynslae

Die toepassing van die beginsel van aanskouing in rekeningkunde-onderrig kan gesien word as 'n poging om die kind te leer om selfstandig te dink. Kennis van die denkproses, en veral kennisname van die Duitse denksigologie, is 'n voorvereiste vir die suksesvolle implementering van die beginsel van aanskouing.

Die teorie dat die bewussyn uit drie lae bestaan, is deur 'n Duitse skool (Keulse skool) opgestel. Hiervolgens onderskei hulle drie lae of niveaus van die bewussyn, te wete (Preller, s.j. p.36; Vgl. Van Wijk, s.j. pp.50-51):

i) Die aanskoulike laag of die laag van individuele voorstellinge

Hierdie individuele voorstellinge is die direkte gevolg van sintuiglike waarneming. Dit is die vlak van die aanskoulike deurlewing. Daar is nog geen besef van die abstrakte nie en die onderlinge betrekkinge bestaan nog nie of dit bly op die agtergrond.

ii) Die skematiese laag

Dit is die laag van meer vae, algemene of skematiese voorstellinge, Hier is minder aanskoulike belewing en die oorspronklike voorstellinge is alreeds ten dele deur die denke verwerk tot 'n algemene skema. Op hierdie vlak word bepaalde betrekkinge al gelê.

iii) Die niveau van die abstrakte begrippe

In hierdie abstrakte bolaag van die denke geskied die volstrek-onaanskoulike kategoriale denke. Hier word

as't ware

as't ware n ordeningsnet oor die chaotiese veelheid van aanskoulike inhoude gesprei, waardeur die oorsigtelikheid van die begripswêreld en die doelgerigtheid van die denke ontstaan. Die aanskoulike element verdwyn hier geheel en al; daar is slegs n onaanskoulike wete.

Dit moet egter duidelik verstaan word dat alle niveau's wisselend hulle rol in die bewyssynslewe speel. Die denke vertoef nie staties in een van hierdie bewyssyns-lae nie, maar is n dinamiese proses wat wisselend beweeg in al drie die niveau's. Sodra dit twyfel of vashaak in die onaanskoulike laag, daal dit na die ander twee lae om die oplossing te verifieer of kontroleer (Louw, s.j. p.8). Alle denke berus op die stoffering van die onderste aanskoulike laag van die bewussyn. Of die denke nou met aanskoulike elemente of onaanskoulike elemente werk, die konkrete aanskoulike onderste bewussynslaag bly die moederbodem waarin alle denke sy wortel het (Van Wijk, s.j. p.50).

Kohnstamm sien alle foute, vergissings of voorbarige veralgemenings as n nie-voldoende funksionering tussen die hoër en laer bewussyns-lae. By die onaanskoulike en skematiese lae kan die kind gou en veelomvattend dink maar voer hom maklik na verkeerde resultate as hy nie op elke twyfelagtige punt eers in die aanskoulike verifiëring soek nie. Dit is noodsaaklik dat die hoër laag by die kind sal ontwikkel want sonder kategoriale ordeningsvorme kan die veelheid aanskoulike voorstellinge nie hanteer en beheers word nie (Van Wijk, s.j. p.52). Vandaar dat dit belangrik is dat die kind sal leer dink. In dié verband wys Otto Selz daarop dat die denke dien as n middel vir die hantering van n groot aantal oplossingsmetodes. Op soek na n oplossing van n probleem leer die kind om die korrekte oplosmetode te vind, te hanteer, orden en aan te wend. Hierdie aangeleerde verbeterde oplosmetode kan hy ook later op ander verwante vakke toepas, met ander woorde oordrag van oplossingsmetodes vind plaas (Preller, s.j. p.36).

3. Die

3. Die gebruik van aanskouingsmateriaal

In voorafgaande is daarop gewys hoe belangrik dit is vir die leerling om oor 'n rykdom van voorstellinge te beskik om selfstandig te kan dink. Ten einde die voorstellingswêreld van die kind uit te bou moet die onderwyser steun op bruikbare, gemaklik toepasbare en goed aktiverende hulpmiddels. Dit mag egter nooit gaan om aanskouing ter wille van aanskouing nie, of hulpmiddels ter wille van hulpmiddels nie (Clarke, 1964, p.162). Die hulpmiddel moet gekonstrueer word op grond van 'n grondige kennis aan die kant van die onderwyser van die leerproses van die kind. Alleen daardie hulpmiddel wat kan dien om die leerling te motiveer en tot hulp kan wees mag gebruik word. Die verantwoordelikheid berus by die onderwyser om te bepaal watter hulpmiddel gebruik sal word, hoe dit aangewend behoort te word om in te pas by die leerproses van die kind, en of dit gedurende enige tydstip van gebruikmaking beantwoord aan die voorafbeplande doelwit (Cilliers, 1966, p.24).

By die gebruikmaking van aanskouingsmateriaal is dit belangrik om daarop te let, dat volgens die bewussynslaagteorie daar 'n harmoniese samewerking tussen die konkrete grondlaag en die meer abstrakte boonste laag behoort te wees. Is die grondlaag van die bewussyn dus gebrekkig gevul met aanskoulikhede, sal die abstrakte denke wat daarop berus gebrekkig wees omdat dit by afdaling na die konkrete onderste laag vir verifikasie nie genoegsame ondersteuning sal kry nie. Anderson, 'n goed gestoffeerde grondlaag verseker verifikasie en bevorder so die denke (Van Wijk, s.j. p.62).

Te veel aanskouing kan egter ook nadelig wees. 'n Oormaat aanskoulikheid kan die denke vertraag (Bevelander, 1959, p.38). Alleen soveel aanskouing moet aangebied word wat voldoende voorstellinge opbou, sodat die kind met behulp van hierdie voorstellinge kan leer om abstrak te dink (Van Loggerenberg, 1966, p.160).

By die aanwending van aanskouingsmateriaal behoort die onderwyser noulettend ag te slaan te slaan op die volgende:

i) Die onderwyser moet eerstens oorweeg of daar

werklik

werklik by sy leerlinge n behoefte is wat deur aanskouingsonderwys bevredig moet word. As daar by die leerlinge nie genoegsame voorstellinge bestaan aangaande bepaalde inhoude nie, is visuele middele aan te beveel. Ook by die inleiding van n nuwe onderwerp kan visuele middele doeltreffend aangewend word (Coetzee, 1964, p.231).

- ii) Aanskouingsonderwys moet aanpas by die ervaring van die kind. Wanneer die hoërskoolkind die eerste keer in die rekeningkunde-klas opgeneem word, besit hy alreeds handelserveringe wat varieer van vlugtige opmerkzaamheid tot intense belewenis. Die taak van die rekeningkunde-onderwyser is nou om hierdie ontwikkeling, op natuurlike wyse opgedoen, voort te sit deur die ervaring te korrigeer, te verdiep, uit te brei en te orden (Yoakem, 1955, p.57).
- iii) Die aanskouingsmiddel moet by die ontwikkelingsstrap van die kind aanpas. Die middel moet met ander woorde vir hom n uitnodigende karakter hê en sy belangstelling prikkel omdat dit daarby aansluit. Aanvanklik het die kind meer behoefte aan konkrete objekte maar namate sy hoër bewussynslae gevul word, moet hy meer geleentheid gebied word tot oefening in abstrakte denke. Hy moet gaandeweg losgemaak word van die konkrete (Van Loggerenberg, 1966, p.160).
- iv) Die aanskouingsmiddel moet die kind tot aanskoulike beleving bring, liever as net passiewe waarneming. Die kind moet daarom nie net sien nie, maar hy moet alle sintuie kan inspan om dit te beleef (Kruger, 1968, p.230). As die kind se beleving sintuiglik en motories is, dan ervaar hy met sy hele wese. Dan word hy gelei tot selfwerkzaamheid. Aanskouing is eers dan doeltreffend vir die onderwys as dit die kind tot selfwerkzaamheid lei (Louw, s.j. p.11).
- v) Aanskouingsmiddele moet nie onverwant en verwarrende indrukke gee nie. n Goeie hulpmiddel beklemtoon die essensiële aspekte van die onderwerp; niks minder

niks minder nie, maar ook nie meer nie
(Kruger, 1968, p.230).

- vi) Doelgerigte taalgebruik is n noodsaaklike deel van elke aanskouingsles. Hoe doeltreffend die hulpmiddel op sigself ook al mag wees, bly die onderwyser nog n onontbeerlike faktor (Van Loggerenberg, 1966, p.161). Goedgemikte vrae deur die onderwyser sal die denke by die kind stimuleer en hom tot verskerpte waarneming aanspoor, want uiteindelik moet hy sy bevinding of waarneming in taalvorm uitdruk. Daarom moet elke les, waarby n hulpmiddel ter aanskouing gebruik word, ook n taalles wees (Louw, s.j. p.12).
- vii) n Goeie onderwys-hulpmiddel berus op goeie tydsindeling en beoog tydbesparing. Wanneer dit te veel tyd in beslag neem, is dit nie opvoedkundig aanvaarbaar nie (Cilliers, 1966, p.26).
- viii) Doelgerigte aanwending is n besondere vereiste. Eerstens beteken dit dat die leerling behoorlik voorberei sal word vir die konkrete middel. Die leerling moet vooraf ingelig word sodat hy presies kan weet waarop sy aandag gevestig moet word (Coetzee, 1964, p.231). Vervolgens moet die hulpmiddel vooraf goed voorberei word. Daar is materiaal wat sonder enige voorbereiding gebruik kan word, maar daar is ook materiaal wat deeglike en langdurige voorbereiding vereis (Kruger, 1968, p.231). Dertens moet die gebruik van konkrete middele altyd opgevolg word, met ander woorde daar moet genoegsame herhaling wees om die aanskouingsbegrip vas te lê. Dit beteken nie meganiese herhaling nie maar produktiewe nabetrugting. Die onderwyser vul die aanskoude met verduidelikings of notas aan, want aanskouing as belewingsbeginsel sonder die woord bly beperk. Besprekings kan gevoer word, kinders kan ondervra word en skematiese voorstellinge kan op die skryfbord aangebring word. Die opvolgingsproses behoort voltooi te word deur skriftelike of mondelingse toetsing (Coetzee, 1964, p.232).

4. Onderrighulpmiddele in Rekeningkunde-onderrig

4.1 Inleiding

Rekeningkunde is 'n vak wat bestaan uit beide teoretiese en praktykgerigte komponente. Om reg aan hierdie vak te laat geskied sal aansluiting by die praktyk, die konkrete en bekende gevind moet word (Eksteen, s.j. p.37). As basiese vereiste vir goeie rekeningkunde-onderrig kan gestel word, 'n bekwame leerkrag en 'n goed-beplande moderne handboek en toepaslike onderrighulpmiddele (American Accounting Association, 1953, p.123). Oor laasgenoemde aspek skryf Musselman (1960): "Teaching is effective when students understand, understanding is increased if ideas and relationships are visualized. Bookkeeping is rich in opportunities for using a variety of visual aids" (p.78).

Daar is vandag 'n baie groot verskeidenheid onderrighulpmiddele wat die onderwyser, met ondernemingsgees, van die sts. 6 en 7-klasse kan aanskaf om die bydrae van al die sintuie tot effektiewe leer ten volle te benut.

4.2 Die rekeningkunde-vakklaskamer

Dit spreek vanself dat 'n vakklaskamer, ontwerp vir rekeningkunde en toegerus met die nodige hulpmiddele, die onderwyser se taak baie kan vergemaklik. "The surroundings should assist the learning process. A well-lighted, well-supplied, orderly room with inviting working space can be an inducement to effort in contrast to a dingy, cramped, disorderly area that may seem to breed dingy, cramped, disorderly learning" (Boynton, 1970, p.202).

Musselman (1960) beveel aan dat die klaskamer noord front sodat soveel daglig moontlik benut kan word (p.326). Navorsing het bewys dat ligte kleure vir mure, plafonne en vloere bevorderlik vir kantoorwerkers is. Ligte groen en grys word beide uit 'n psigologiese en fisiese oogpunt aanbeveel vir die rekeningkunde-klaskamer (Boynton, 1970, p.203).

Moderne onderrigmetodiek beklemtoon die gebruik van audio-visuele hulpmiddels. Gevolglik moet die ontwerp van die klaskamer sodanig wees dat dit die maklike benutting van alle beskikbare onderrighulpmiddele verseker. Elektriese kontakpunte, bergruimte, kantoormasjiene, skerms, skryf- en aanspeldborde is nodig (Eksteen, s.j. p.48).

Musselman (1960) beveel n vloeroppervlakte van ongeveer 2 vierkante meter vir elke leerling aan (p.327). Verder moet die leerlingtafel aan die leerling n redelike groot oppervlakte (0,8 m x 0,5 m) bied om op te werk, want hy moet dikwels in drie werkboeke gelyktydig werk. Die tafel moet ook onderkant die skryfblad stoorruimte bied vir ekstra boeke en/of materiaal. Dit word aanbeveel dat die tafelloppervlakte gelyk en horisontaal sal wees, sonder enige uitstaande rante. Hierdie tipe tafel maak herrangskikking vir groepwerk moontlik (Musselman, 1960, p.331).

Elke rekeningkunde-vakklaskamer behoort ook voorsien te word van n eenvoudige boekhoumasjien en een of meer optelmasjiene. Die onderwyser en die leerlinge kan saam beplan waar hierdie masjiene geplaas behoort te word, sodat dit maklik toeganklik vir al die leerlinge is (Harms, 1949, p.218).

n Interdepartementele komitee oor handelsonderwys beveel in hulle verslag (4 Desember 1970) die volgende hulpmiddels en bykomstighede vir die rekeningkunde-vakklaskamer aan (Vgl. Eksteen, s.j. p.48):

- i) n Vakklaskamer met gelinieerde los skryfborde bo en behalwe die gewone skryfbord.
- ii) Die volgende liniëring vir die los skryfborde word aanbeveel:
 - 2 skryfborde met n enkele geldkolom
 - 1 skryfbord met n dubbele geldkolom
 - 2 skryfborde met drie geldkolomme
 - 2 skryfborde met meer kolomme geskik vir kleinkas en ander kolomvormige boekhouding.
- iii) Meublement

- iii) Meublement: skryfbehoeftekabinet (kas met rakke en hokkies); 4-laai-liasseerkabinet; indeks-kabinet met kaarte; hegborde; sigbare grootboek-kaartindekslaai.
- iv) Hulpmiddels:
 - Optelmasjien geskik om al die berekenings te doen.
 - Oorhoofse projektor met die nodige bybehore.
 - Boekhoumasjien met toetsbord.
- v) Volledige dokumentasie, bv. stelle oorspronklike dokumente, "lever arch"-lêers, grootboekkaarte, krammasjien, papierpons, losbladgrootboek. Om die losbladstelsel in die klaskamer toe te pas, behoort enkelvelboekhoupapier van die volgende formaat beskikbaar te wees: enkele geldkolom, dubbele geldkolom, drie geldkolomme en veelvuldige geldkolomme.

4.3 Die skryfbord en kolomopskrifkartonstroke

Van al die visuele hulpmiddele wat op skool aangewend word, is die skryfbord waarskynlik die belangrikste (Gartside, 1970, p.12). Die waarde van die skryfbord lê daarin dat dit gesigsindrukke verskaf gelyktydig met indrukke deur die oor (Louw, s.j., p.19). Dit vervul 'n tweeledige funksie, naamlik 'n onderrigfunksie wanneer die onderwyser 'n nuwe beginsel daarop verduidelik en 'n evalueringsfunksie wanneer leerlinge probleme of oefeninge daarop uitwerk (Walters, 1950, p.203). Die skryfbord sal in rekeningkunde-onderrig moontlik, ten spyte van die aanwending van goeie nuwe hulpmiddele die afgelope aantal jare, steeds 'n waardevolle hulpmiddel bly (American Accounting Association, 1953, p.125).

'n Doeltreffende demonstrasie op 'n skryfbord moet aan die volgende kriteria voldoen (Musselman, 1960, pp.79-84; Vgl. American Accounting Association, 1953, pp.125-126; Vgl. ook McKean, 1964, p.161):


i) Beklemtone van 'n sleutelgedagte

Elke illustrasie op die skryfbord moet georganiseer word rondom 'n hoofgedagte, byvoorbeeld groeperings in die balansstaat, joernalisering van transaksies, oorboeking na die

na die grootboek, saldering van grootboekrekenings, ens.

Die illustrasie moet so eenvoudig as moontlik gehou word, anders bemerk die leerlinge nie die kerngedagte wat die illustrasie bedoel om aan die leerlinge oor te dra nie. Byvoorbeeld, veronderstel die onderwyser wil graag aan sy leerlinge verduidelik watter uitwerking die volgende transaksie op die grootboek het:

Ontvang 'n tjek, R684, van J. Brown en staan aan hom R16 korting toe. Indien 'n onderwyser hierdie transaksie (1) aantoon in die kasboek, (2) oorboek na die grootboek in detail en (3) die effek op die grootboekrekenings verduidelik, illustreer hy eintlik drie sleutelgedagtes in plaas van slegs een. 'n Illustrasie wat slegs die essensiële gedagte, naamlik die effek op die grootboek uitbeeld, kan só daar uitsien:



Hierby is van belang:

- a) Begin die illustrasie op 'n skoon skryfbord want dit trek die belangstelling van die klas op die sleutelgedagte saam (Louw, s.j. pp.19-20)
- b) Gebruik kryt van verskillende kleure vir die debiet-krediet-pyle.
- c) Skryf netjies en duidelik want die voorbeeld van die onderwyser is die norm wat die kind sal nastreef.

ii) Voorsorg dat almal kan sien en hoor

Dit is elementêre beginsel in die onderrigproses dat die onderwyser

onderwyser sal toesien dat al sy leerlinge op die skryfbord kan sien en hoor wat hy verduidelik. Die skryfbordwerk moet so aangebied word dat almal kan sien en dat ligweerkantsing nie hulle gesigsindrukke belemmer nie. Die skryfbord moet gereeld skoon gewas word om die maksimale kontras tussen die skryfbord en die kryt te bewerkstellig. Geel kryt verbeter sigbaarheid. Verduidelikings moet nie gegee word, terwyl die onderwyser op die skryfbord besig is nie. Wanneer lang finansiële state geïllustreer word, is dit aan te beveel dat die onderwyser periodiek stop en die nodige kommentaar doen. Dit bied aan die leerlinge die geleentheid om stap vir stap die werk te snap.

iii) Hersiening en samevatting

Die onderwyser illustreer dikwels verskillende kerngedagtes in een les. Dit is egter belangrik dat hierdie gedagtes aan die einde van die les saamgevat sal word en hersien word. Indien die skryfbordwerk netjies en ordelik aangebied is en die ruimte op die skryfbord ekonomies gebruik is, sal 'n gesistematiseerde samevatting 'n baie kort tydjie in beslag neem.

iv) Voltooiing van 'n les in een periode

Lesbeplanning moet so deeglik gedoen word dat illustrasies aan die einde van 'n lesperiode van die skryfbord verwyder kan word. Dit sal moontlik wees indien elke illustrasie rondom 'n hoofgedagte ontwikkel word en ou leerstof waarby aansluiting gevind moet word, vooraf op die skryfbord aangebring word of deur middel van ander visuele hulpmiddele vertoon word. So kan die onderwyser as hy die oorboeking vanaf hulpboeke na die grootboek wil illustreer, vooraf die hulpboeke op transparante plaas en die oorboeking vanaf die projeksie op die skerm doen. Die hulpboeke kan ook vooraf op los skryfborde gedoen word. Kernoefeninge kan op muurkaarte uitgewerk word en vir verskeie jare gebruik word.

Ander voorstelle by die gebruik van die skryfbord

- i) Baie tyd word bespaar en netjiese werk verkry,
indien

indien die skryfbord permanente voorsiening vir die volgende liniëring kan maak: kasboek, joernaal en die grootboek (Boynton, 1970, p.181). Indien permanente liniëring nie wenslik is in 'n besondere skool nie, kan semi-permanente liniëring met kryt op 'n nat skryfbord gedoen word (Musselman, 1960, p.82). Die kolomwydtes moet genoegsame ruimte laat vir die besonderhede wat normaalweg daarin aangeteken word.

- ii) Kolomopskrifkartonstroke met die nodige besonderhede bo-aan die kolomme aangebring, kan aan die bopunt van die skryfbord vasgeknip word. Dit bespaar tyd en dien as gids vir vertikale liniëring op die skryfbord. Dit het didaktiese waarde indien die leerlinge die opskrifkartonstroke vir die verskillende hulpboeke, finansiële state, ens., self vervaardig (Musselman, 1960, p.83).
- iii) Kartonpanele kan gebruik word om bepaalde gedeeltes van die werk wat reeds vooraf op die skryfbord aangebring is toe te hou (Clarke, 1964, p.166): byvoorbeeld die name en bedrae van grootboekrekenings kan vooraf in die balansstaat aangeteken word en bedek word, sodat slegs die seksies (bates, eienaarsbelang, laste) wat onder bespreking kom, oopgemaak word.
- iv) Voorafbeplanning van skryfbordwerk is noodsaaklik. Indien die antwoorde reeds vooraf in die lesskema uitgewerk is (veral saldering en balansering van die proefbalans en die balansstaat), kan baie tyd bespaar word. Aandag moet veral gegee word aan die optel van bedrae want foute lei tot onnodige frustrasie en tydverspilling (American Accounting Association, 1953, p.126).

4.4 Die aanspeldbord

Die aanspeldbord word dikwels as 'n handige onderrighulpmiddel verwaarloos in die rekeningkunde-klaskamer (Boynton, 1970, p.183). Dit is 'n nuttige hulpmiddel by die inleiding van 'n nuwe onderwerp; by die opsomming van die werk en die vertoon van goeie leerlingwerk.

Dit kan

Dit kan ook gebruik word om leerlinge op hoogte te hou met finansiële gebeure in die sakewêreld, terwyl dit pragtig geleentheid bied om handelsdokumente aan leerlinge bekend te stel. Dit is n motiveringsfaktor, wek belangstelling en het estetiese waarde vir die leerling. Die waarde daarvan om n besigheidsatmosfeer die klaskamer in te bring, moet ten volle eksploteer word (Harms en Stehr, 1963, p.474).

Musselman (1960, p.85) omskryf die reëls vir die korrekte gebruik van die aanspelbord soos volg:

Die uitstalling moet n bepaalde doel dien.

Die uitstalling moet op die onderhawige onderwerp betrekking hê.

Die uitstalleerstof moet relevant en op datum wees.

Uitstalling op die aanspelbord moet dikwels verander word om by die nuwe leerstof aan te sluit.

Beide onderwyser en leerlinge moet n aandeel hê in die beplanning van uitstalling op die aanspelbord.

Die volgende inligting kan op n aanspelbord in n rekeningkunde-klas aangetoon word:

Rekeningkundige stelsels van bepaalde besighede, byvoorbeeld vulstasie, kruidenierswinkel, kafee-eienaar, ens.

Handelsdokumente - fakture, kwitansies, kleinkasbewysstrokies, tjeks, rekeningstate, ens.

Prenttekeninge van situasies verwant aan kantoor- en rekeningkundige werk.

Finansiële verslae.

Finansiële state - balansstaat, wins- en verliesstate.

Voorligtingstukke oor beroepe, indiensnemingsgeleenthede, handels-statistieke.

Fotografiese materiaal - kantore, kantoormasjiene, sakegebeure, boekhouers op kantoor.

Diverse inligting oor rekeningkunde.

4.5 Handelsdokumente

Die belangrikheid van dokumentêre bewysstukke as bron van rekeningkundige boekstaving kan nooit oorbeklemt word nie. Dokumentasie bied n mooi geleentheid aan die onderwyser

onderwyser om teorie en praktyk nader aan mekaar te bring (Le Roux, 1950, p.224). Verder bied dit geleentheid om die minder begaafde leerling via die praktiese, tot insig te bring (Hartman, 1972, p.36).

Dokumentasie in rekeningkunde moet in breër verband gesien word. Dit impliseer dat daar nie net volstaan moet word met kennis van die basiese noodsaaklike dokumente nie, maar die hele vloei van die transaksie moet aan die leerling verduidelik word sodat hulle n beter insig in sake kan kry en die hele stelsel van boekhouding vir hulle sinvoller word. Die volgende behoort byvoorbeeld ten opsigte van die hele aangeleentheid van aankope verduidelik te word:

Die rekwisisie deur die magasynmeester.

Die amptelike bestelling deur die inkoopafdeling.

Die ontvangs van die goedere in vergelyking met die bestelling.

Die inkoopfaktuur en die kontrolering en hantering daarvan.

Die boekstawing van die inligting op die faktuur

(Eksteen, s.j. p.29).

Handelsdokumente bring in die rekeningkunde-klaskamer n atmosfeer van realisme (Du Toit, 1963, p.22). Die eerste stap in die bestudering van handelsdokumente is dan ook dat die leerlinge deur middel van n begripsboek n verskeidenheid van n bepaalde dokument uit die sakelewe sal versamel. Die onderwyser behoort ook n lêer aan te lê waarin verskillende eksterne en interne brondokumente geliasseer word. Voorbeelde van dokumente op muurkaarte en die aanspeldbord sal die besigheidsatmosfeer nog verder stimuleer (Musselman, 1960, p.104).

Die tweede stap in die onderrig van handelsdokumente is dat die leerling die dokument sal herken en kan konstrueer (Satlow, 1964, p.45). Andruss (1943, pp.209-210) sien die probleem van herkenning as volg:

"a) The student should be able to recognize one business paper from another, that is, he should be able to distinguish a draft from a note or a trade acceptance.

b) He

Vervolgens kan oorgegaan word tot die opstelling van 'n dokument. Dit word nie van leerlinge verwag om die dokument self op te stel nie maar hulle moet die blanko dokument kan voltooi (Rekeningkunde-kernsillabus, 1972, p.10). 'n Transaksie "Die handelaar, K. Roets, betaal sy krediteur A. Bam op 10 Maart 1976 R100 per tjek," kan aan die leerlinge gegee word en bostaande blanko tjek (natuurlik met weglating van die lettersimbole) moet deur hulle voltooi word.

Dit is verbasend hoe baie leerlinge wat bevoeg is om hulpboeke korrek op te skryf vanaf oefeninge in die handboek, nie in staat is om die brondokumente wat oorsprong gee aan die boekhoukundige inskrywing te identifiseer nie. Die derde stap behels dan die klassifisering van brondokumente, met ander woorde die rangskik van die dokumente vir aantekening in die betrokke hulpboeke (Eksteen, s.j. p.29). 'n Groot verskeidenheid dokumente moet aan die leerlinge gegee word en daar moet mondelings en skriftelik getoets word of hulle weet watter transaksies dit aandui, watter gegewens daarop vir die boekhouer van belang is en op watter hulpboeke dit betrekking het (Gartside, 1970, p.59).

Eers nadat voorafgaande stappe behoorlik bemeester is kan oorgegaan word tot die boekstaving van die inligting vervat in die handelsdokumente.

4.6 Masjiene as hulpmiddel

Dit is 'n erkende feit dat daar aan skole in rekeningkunde nog nie genoegsame aandag aan die onderrig van masjiene as hulpmiddel gegee word nie (Eksteen, 1966, p.42). Die toedrag van sake is te wyte aan: gebrek aan fondse; duur uitrusting; skole besef nog nie in watter mate dit tot doeltreffende rekeningkunde-onderrig kan bydra nie, aangesien die onderwysers nog nie genoegsame ervaring daarvan het nie (Eksteen, 1966, p.42). Daar word ook aangevoer dat dit nie die taak van die skool is nie en dat skole dit nie met sukses kan deurvoer nie (Nolan, 1967, p.214).

Ons leef egter in n eeu van toenemende outomasie en daarom moet die rekeningkunde-leerlinge aangemoedig word om meer kennis op te doen van optel- en boekhoumasjiene. Die rekeningkunde-sillabus (1972, p.18) vereis dat masjienboekhouding slegs oorsigtelik behandel moet word en dit is nie nodig om op tegniese besonderhede in te gaan nie. Dit moet egter hier beklemtoon word dat grondige kennis van rekeningkundige beginsels vereis word om n boekhoumasjien doeltreffend te beheer (Robbertse, 1974b, p.180). Om hierdie rede word dit dan ook aanbeveel dat hierdie afdeling van die sillabus redelik laat in die st. 7-jaar behandel word.

Baie skole beskik waarskynlik, om persoonlike redes, nie oor n boekhoumasjien nie, maar die besit van n optelmasjien is n definitiewe vereiste. "To teach bookkeeping without adding machines is as unrealistic as is teaching duplicating without duplicating machines or sewing without sewing machines" (Musselman, 1960, p.159). Die leerling moet onderrig word hoe en wanneer om die masjien te gebruik. Hulle moet veral leer wanneer is dit meer ekonomies om die optelwerk verstandelik te doen in plaas van gebruik te maak van n optelmasjien (American Accounting Association, 1953, p.100). Die ideaal van een optelmasjien vir elke ses leerlinge, n aanbeveling van Musselman (1960, p.36), is waarskynlik prakties onbereikbaar en daarom is dit noodsaaklik dat die onderwyser reëls sal neerlê wanneer die masjien gebruik mag word en hoe dit gebruik moet word.

Die korrekte gebruik van die optelmasjien sluit onder meer in: n "skoon" simbool of sterretjie moet op die papierrol verskyn voordat met optelwerk begin word; die leerling moet weet hoe om bedrae korrek op die masjien te registreer, n totaal en sub-totaal te neem en hoe om gegewens in die masjien te stoor, wat later saam met nuwe besonderhede wat verstrekkend word, die verlangde eindresultaat te lewer. Verder moet leerlinge weet hoe om korreksies aan te bring en hulle moet in staat wees om die akkuraatheid van die bedrae op die papierrol

uitgedruk,

uitgedruk, te toets (Gartside, 1960, p.339). Hulle moet ook die masjien kan gebruik vir berekening van persentasies, rente, korting en alles wat verband hou met die vier hoofbewerkings (Robbertse, 1974b, p.27).

Die optelmasjien kan veral baie handig te pas kom waar n lang kolom syfers opgetel moet word, byvoorbeeld die proefbalans. Dit is onrealisties om van leerlinge te verwag om optelwerk op skool te verrig ver bokant dié vlak wat deur die sakewêreld vereis word. Die optelmasjien kan ook gebruik word om te toets of die debiet- en kredietbalanse van die grootboek balanseer. Die debietbalanse word op die sleutelbord gedruk en in die masjien gestoor. Die kredietbalanse word ook nou opgetel en indien die grootboek balanseer behoort die debiet- en kredietbalanse mekaar uit te kanselleer. Indien die masjien nie n "nul" registreer nie, moet die bedrae op die papierrol nagegaan word en die fout opgespoor word. Hierdie metode word gebruik wanneer n formele proefbalans nie vereis word nie en die boekhouer graag wil vasstel of sy grootboek balanseer. Die onderwyser moet daarop aandring dat sy leerlinge die papierrol aan hulle werk vasspeld. Dit sal hom in staat stel om vas te stel of die leerlinge die optelmasjien korrek gebruik het en of die akkuraatheid van optelwerk behoorlik geverifieer is.

4.7 Stel(le) boekhouboeke

Leerlinge moet weet dat die skrifte wat hulle in die klaslokaal gebruik, onprakties in die werklike handelswêreld sal wees, en dat dikker en ander tipe boeke gebruik word. Dit is dus nodig dat die rekeningkunde-onderwyser werklike boekhouboeke, soos dié wat in die sakewêreld gebruik word, in die klas sal hê vir insae en kennisname. Volgens Eksteen (s.j. p.43) behoort die volgende voorbeelde beskikbaar te wees:

- i) n Losbladgrootboek met alfabetiese indeks. Die onderwyser kan die leerlinge inlig oor die naslaan van rekenings; aan hulle toon dat daar net een rekening op n bladsy is en hoe folio-verwysings
gedoen

gedoen word. Dit bied ook aan hom n goeie geleentheid om aan sy leerlinge te wys dat in die sake-wêreld verskillende grootboeke aangehou word, byvoorbeeld debiteursgrootboek, krediteursgrootboek, algemene grootboek, ens.

- ii) n Gebinde kasboek (ook met ontledingskolomme).
- iii) n Kleinkasboek met die brondokumente.
- iv) n Ontledingsjoernaal.
- v) n Kaartgrootboek, met tradisionele liniëring, asook met drie-kolomliniëring op party kaarte.

4.8 Flitskaarte

Flitskaarte as aanskouingsmiddel kan in rekeningkunde waardevol wees by drilwerk in klassifikasie van rekenings, herkenning van die beginsels van debiet en krediet en transaksie-analise (Douglas, 1973, p.329). Dit dien as n effektiewe motiveringsmiddel en bring variasie in rekeningkunde-onderrig. Dit bied aan elke leerling geleentheid om persoonlik betrokke te wees by die onderrig-situasie. By flitskaart-onderrig kom die leerling tot onmiddellike kennis van wat die korrekte antwoord is. Dit is pedagogies n belangrike feit (Zaremba, 1970, p.9). Dit moet egter slegs gebruik word vir dril- en hersieningsdoeleindes en nie by die oorspronklike aanbieding van beginsels nie (Musselman, 1960, p.130).

Flitskaarte kan deur die onderwyser self uit karton vervaardig word. Kaarte vir rekenings wat geklassifiseer word as bates, laste, eienaarsbelang, bedryfsinkomste en -uitgawes kan gebruik word. Die titel van die rekening verskyn op die voorkant, dit wil sê dié kant wat aan die leerlinge geflits word. Die vrae en antwoorde verskyn op die agterkant van die kaart.

Voorbeeld:

Voorbeeld: Debiet- en kredietbeginsels

Voorkant	Agterkant												
<div style="border: 1px solid black; padding: 20px; width: 100%; height: 100%; display: flex; align-items: center; justify-content: center;"> BANK </div>	<div style="border: 1px solid black; padding: 5px;"> <p style="text-align: center; margin: 0;"><u>BANK</u></p> <table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th style="text-align: left; border-bottom: 1px solid black;">Vrae</th> <th style="text-align: left; border-bottom: 1px solid black;">Antwoorde</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>1. Klassifikasie?</td> <td>Bate</td> </tr> <tr> <td>2. Saldo - watter kant?</td> <td>Debietkant</td> </tr> <tr> <td>3. Teenoorgestelde kant van saldo?</td> <td>Kredietkant</td> </tr> <tr> <td>4. Vermeerderingskant?</td> <td>Debietkant</td> </tr> <tr> <td>5. Verminderingskant?</td> <td>Kredietkant</td> </tr> </tbody> </table> </div>	Vrae	Antwoorde	1. Klassifikasie?	Bate	2. Saldo - watter kant?	Debietkant	3. Teenoorgestelde kant van saldo?	Kredietkant	4. Vermeerderingskant?	Debietkant	5. Verminderingskant?	Kredietkant
Vrae	Antwoorde												
1. Klassifikasie?	Bate												
2. Saldo - watter kant?	Debietkant												
3. Teenoorgestelde kant van saldo?	Kredietkant												
4. Vermeerderingskant?	Debietkant												
5. Verminderingskant?	Kredietkant												

Die vrae op die agterkant van die kaart vir al die rekenings is dieselfde (soos hierbo). Die hele reeks kaarte word nou ten opsigte van vraag 1 deurgewerk. Hierna word vraag 2 op dieselfde wyse gedoen; dan vraag 3, ens. Duidelikheidshalwe kan die vrae, volledig geformuleer, met 'n tru-projektor op 'n skerm geprojekteer word, sodat die leerlinge die antwoorde versigtig kan oorweeg. Flitskaarte kan hier vir beide groep- en individuele onderrig gebruik word (Zaremba, 1970, p.9).

Flitskaarte kan ook ontwerp word vir die ontleding van eenvoudige transaksies wat dikwels in sts. 6 en 7-handboeke voorkom. Aan die voorkant van die kaart verskyn die transaksie, byvoorbeeld: Betaal per tjek, R200 vir 'n kantoorlessenaar. Die leerlinge word nou versoek om die volgende vrae te beantwoord: (1) die naam van die rekening wat gedebiteer word, (2) die klassifikasie daarvan, (3) of die rekening vermeerder of verminder word, (4) die naam van die rekening wat gekrediteer word, (5) die klassifikasie daarvan en (6) of die rekening vermeerder of verminder word (Musselman, 1960, pp.130-131).

Flitskaarte, indien oordeelkundig gebruik, blyk dus 'n eenvoudige dog interessante, praktiese hulpmiddel te wees om die basiese beginsels van rekeningkunde, waarop meer gevorderde studie berus, te bemeester.

4.9 Die opvoedkundige film

Die meeste leerlinge wat toegelaat word tot die rekeningkunde-klas se sakekennis strek nie verder as dié opgedoen met winkelbesoeke en alledaagse kooptransaksies nie. Die onvermoë om rekeningkundige beginsels te begryp kan meesal teruggevoer word na onkunde oor die besigheid-operasies wat oorsprong gee aan die rekeningkundige funksie. Hierdie noodsaaklike agtergrond-kennis kan deur middel van verskillende media verskaf word. Bedryfsbesoeke en die opvoedkundige film kan hierdie funksie egter die beste vervul omdat dit aan die kind die beste geleentheid bied om letterlik aanskoulik te belewe. Aan die film behoort egter voorkeur verleen te word om die volgende redes (American Accounting Association, 1953, pp.152-153):

- i) Groter groepe kan akkomodeer word. By bedryfsbesoeke kan gidse werkverrigtingsprosedures slegs gerieflik aan n klein groepie verduidelik.
- ii) Vervoer van leerlinge na fabriek of besighede is tydrowend terwyl die film dieselfde proses binne minute of selfs sekondes kan verduidelik.
- iii) Die kamera kan fokus op belangrike prosesse en dié weglaat wat onnodig en verwarrend is en nie die logiese denkproses stimuleer nie.
- iv) Films oorbrug die grense van afstand en maak n studie van besighede en rekeningkundige aktiwiteite wat nie altyd plaaslik beskikbaar is nie.
- v) Die kamera kan vinnige werkverrigtinge vertraag of andersom en kan dele wat reeds vertoon is herhaal om deeglike studie moontlik te maak.
- vi) Die bewegende realiteit van die rolprent bied aanskoulike ervaring en aangename emosionele assosiasies wat nie maklik langs ander weë beleef word nie.

Navorsing het bevind dat die opvoedkundige film n waardevolle hulpmiddel is en dat die leerling baat daarby vind as dit effektief by die sillabus geïntegreer word (Van Wijk, s.j. p.40). Freeman en Hanna (aangehaal deur Musselman, 1960, pp.91-92) toon verskillende gebruike van die film

die film aan in rekeningkunde:

- i) Dit kan gebruik word om n onderwerp in te lei.
- ii) Dit kan pragtig aangewend word om n les lewendig op te som voordat die leerlinge die huiswerkopdrag aanpak.
- iii) Dit het groot opvoedkundige waarde wanneer hersiening gedoen word van bepaalde onderwerpe.
- iv) Dit het remediërende waarde na n toets of eksamen.
- v) Dit is waarskynlik die vinnigste metode om leerlinge wat afwesig was agterstallige werk te laat inhaal.
- vi) Dit kan gebruik word om leerlinge wat bepaalde beginsels of prosedures nie begryp nie, op hulle te laat hersien.
- vii) Baie leerlinge verstaan beter as hulle die gevisualiseerde verduideliking voor hulle sien. "One picture is worth a thousand words", aldus n ervare Amerikaanse onderwyser (Trunt, 1953, p.193).

Die opvoedkundige film vereis dat die onderwyser vooraf deeglike voorbereiding sal doen. Op grond van hulle ervarings in verband met die bioskoopvermaakfilm, is leerlinge geneig om ook die opvoedkundige film as vermaakfilm te benader. n Nuwe benadering tot die skoolfilm moet aangekweek word om die nuuskierigheid en belangstelling te prikkel en n behoefte om te leer, aan te wakker. Een metode is om by die leerlinge vrae te laat ontstaan wat deur n studie van die film beantwoord sal word. n Ander metode is om vooraf n geskrewe inhoudsopgawe van die film aan die leerlinge vir bestudering uit te deel. Die belangrike punt is dat die leerlinge die opeenvolging van die rolprent se betekenis in juiste perspektief sal sien en aandag sal gee aan trefende uitstaande feite (Van Wijk, s.j. pp.68-69).

Wat die werklike vertoning van die film betref, is dit die beste metode om die film ononderbroke aan te bied, dog dit kan soms wel nadat n afdeling afgehandel is gestop word om vrae te beantwoord en opmerkings oor die volgende deel te maak. Die onderwyser moet slegs gedurende

durende die vertoning kommentaar lewer as die voertaal in n ander taal geskied of as sekere dele meer beklemtoon moet word. Na die vertoning is opvolging uiters belangrik. Dit behels die bespreking om sekere aspekte te beklemtoon en om nuwe kennis te laat aansluit by vorige ervaring. Ook kan die ervarings wat leerlinge opgedoen het gekontroleer word, want nie alle leerlinge merk in n film dit op wat belangrik vir hulle is om te sien nie. Dit mag bevind word dat verkeerde denkbeelde gevorm is, of dat belangrike inligting glad nie opgemerk is nie (Nolan, 1967, p.348).

Die opvoedkundige film moet waar moontlik saam met ander hulpmiddels ingespan word. Die doel moet steeds bly dat die konkrete moet lei tot die abstrakte, tot die woord, tot denke en tot selfwerkzaamheid (Van Wijk, s.j. p.71).

4.10 Truprojektor en transparante

Dit is beslis een van die handigste en doeltreffendste hulpmiddele in die klaslokaal. Doktorale navorsing gedoen aan drie hoërskole in Minnesota, VSA, in 1968/9 het aangetoon dat beginners in rekeningkunde, wat met behulp van transparante onderrig ontvang het, aansienlik beter gevaar het as leerlinge wat volgens die tradisionele metodes onderrig is (Madsen, 1970, p.22). Dit is ook bevind dat die projeksie van illustrasies op n skerm vroe ontlok het, wat volgens die handboek-benadering nooit geopper sou gewees het nie. Die daaropvolgende besprekings het dit aan beide die onderwyser en leerling makliker gemaak om vas te stel of begrip in die werk verkry is (Madsen, 1970, p.23).

Gebruikmaking van die truprojektor hou die volgende voordele in vir rekeningkunde-onderrig:

- i) Aangesien dit nie nodig is om die vertrek te verdonker nie, bestaan daar nie die gevaar van oogstremming nie (Alcorn, 1969, p.248).
- ii) Dit is vir die onderwyser moontlik om met sy gesig na die klas die nodige verduidelikings te maak, terwyl die illustrasie oor sy skouer op n skerm
geprojekteer

geprojekteer word. Dit is dus n handige middel waar skryfbordruimte beperk is. Sommige onderwysers reken dan ook dat dit mettertyd die skryfbord mag vervang as die belangrikste visuele hulpmiddel in die rekeningkunde-klas (Nolan, 1967, p.338).

- iii) n Belangrike voordeel van die truprojektor is dat dit gebruik kan word vir die projeksie van leerstof wat baie fyn detail bevat, byvoorbeeld handelsdokumente (American Accounting Association, 1953, p.150).
- iv) Dit is veral nuttig by die kontrolering van huiswerk. Terwyl die leerlinge hulle huiswerk vergelyk met die antwoorde op die skerm, kan die onderwyser tussen die leerlinge beweeg en individuele hulp verleen (Boynton, 1970, p.191).
- v) Die vervaardiging van transparante is relatief maklik, kan herhaaldelik gebruik word en kan aangepas word by die spesifieke behoeftes van die klas (American Accounting Association, 1953, p.150). Die ervare onderwyser weet vooraf waar die meeste leerlinge probleme gaan ondervind. Hy kan dit op die transparant onderstreep en dit mondelings verder in die klas toelig. Hoofpunte kan saamgevat word sodat leerlinge die doel van die les goed kan snap.
- vi) Die feit dat transparante van duursame materiaal vervaardig word en herhaaldelik gebruik kan word, maak die truprojektor n onmisbare hulpmiddel in rekeningkunde-onderrig. Dit bied ontsaglike moontlikhede vir veraanskouliking in die rekeningkunde-klas. By die inleiding van n nuwe les; die aansluiting van nuwe leerstof by ou leerstof; in aanvangsonderrig; ens., mag hierdie hulpmiddel nie gemis word nie.

Tot die gevolgtrekking kan dus geraak word, dat die truprojektor n betekenisvolle bydrae kan lewer tot doeltreffender rekeningkunde-onderrig (Vgl. Eksteen, s.j. p.44). Dit is n tydbesparende faktor wat geleentheid bied vir vele doelgerigte aktiwiteite. Dit verg egter behoorlike beplanning.

4.11 Die bandopnemer

n Groot deel van die leerproses geskied deur kommunikasie, dit wil sê, praat en luister. Die bandopnemer is n nuwe medium van onderrig in rekeningkunde en kan baie waardevol wees wanneer dit gebruik word om individuele leerlinge of klein groepies leerlinge te help, wat nie in staat is om teen dieselfde tempo te vorder as die gemiddelde leerling nie. Oorfone moet hier verkieslik gebruik word sodat die leerling kan konsentreer op bepaalde beginsels waarmee hy probleme het. Dit stel hom ook in staat om dit herhaaldelik terug te speel totdat hy insig verkry het (Boynton, 1970, p.196).

Musselman (1960) skryf oor die gebruik van die bandopnemer in die rekeningkunde klas:

"The tape recorder may be used to add variety and realism to the classroom. In preparation for class, a series of transactions may be dramatized by students, and the class requested to identify the transactions and record them in journals as they listen to the playback of the dramatized skit. Students become so accustomed to seeing transactions only in textbook printed form that they frequently do not recognize a realistic transaction" (pp.94-95).

Die bandopnemer kan verder gebruik word om filmstrookies toe te lig en om toesprake en samesprekings met besigheidsmanne op band te neem, sodat n klasgesprek die volgende dag daaroor gehou kan word. Vir hersieningsdoeleindes is die bandopnemer n baie doeltreffende hulpmiddel. Verskeie lesse kan op band vasgelê word en leerlinge kan individueel of gesamentlik daarna luister in die klaskamer. Terselfdertyd word die illustrasies waarop die bandopname betrekking het op n skerm geprojekteer. Die skematiese opsommings van die belangrikste beginsels kan natuurlik ook op muurkaarte gemaak word, sodat die individuele leerling dit saam met die bandopname kan bestudeer. Dit verseker dat die res van die klas se aandag nie weggetrek word van dit waarmee hulle besig is nie.

4.12 Die gemeenskap as hulpmiddel

Rekeningkunde-onderwysers besef vandag in toenemende mate dat die kloof tussen die klaskamer en die praktyk vernou moet word. Die gemeenskap voorsien andersyds vraagstukke wat in die klaskamer bestudeer moet word en andersyds verskaf dit materiaal en kundigheid wat die leerproses op skool kan verryk (McKean, 1964, p.165). Die rekeningkunde-onderwyser moet weet watter opvoedkundige geleent-hede die praktyk aan hom bied en hoe hy dit kan gebruik om weer n opvoedkundige diens aan die gemeenskap te lewer. In die bepaling van watter gemeenskapsbronne die leerproses die beste sal stimuleer, moet sterk oorweging geskenk word aan n koöperatiewe onderwyser-leerling-bepanning (Boynton, 1970, p.219).

Die waarde van die gemeenskap as hulpmiddel is geleë in die volgende (Tonne, 1957, p.38; Vgl. McKean, 1964, p.166):

- i) Die gebruik van gemeenskapsbronne open n twee-
rigting kommunikasie tussen skool en gemeenskap.
Beide word bewus van mekaar se waarde en probleme.
So word die gaping tussen die skool en gemeenskap
oorbrug.
- ii) Skoolwerk word korreleer met die werklike lewe.
- iii) Addisionele studiemateriaal word voorsien.
- iv) Die belangstelling in verband met verskillende
vertakkinge van die handelsektor word gestimuleer
en desnoods word moontlike beroepskeuses in die
hand gewerk.
- v) Leerlinge word sterk gemotiveer omdat hulle oplei-
ding nou sinvol is en praktiese waarde het.
n Nuwe belangstelling vir klaswerk ontwikkel.
- vi) Gemeenskapsbronne verminder die vlak van abstrak-
sie. Die abstrakte verduidelikings in die handboek
kry nou nuwe betekenis vir die leerling, want hy
beleef dit persoonlik in die gemeenskap.

Die volgende bronne uit die gemeenskap is tot
beskikking van die rekeningkunde-onderwyser:

Handelsdokumente (Vgl. par. 4.5).

Gepubliseerde finansiële state.

Foto's of illustrasies van masjiene, prosedures, ens.

Stel(le)

Stel(le) boekhouboeke (Vgl. par. 4.7).

Uitstallings van rekeningkundige kantoortoerusting
deur leweransiers.

Bedryfsbesoeke (Vgl. par. 4.12.1).

Gassprekers (Vgl. par. 4.12.2).

Laasgenoemde twee word nou nader toegelig.

4.12.1 Bedryfsbesoeke

n Bedryfsbesoek, meer algemeen bekend as n opvoedkundige uitstappie, bied aan die leerlinge die geleentheid om n studie te maak van werklike dinge, prosesse en aktiwiteite soos dit plaasvind en verrig word in die sakelewe (Nolan, 1967, p.345).

Rekeningkundige rekordhouding is n ingewikkelde proses wat nie in n klein rukkie met begrip waargeneem kan word nie. Die doel met n bedryfsbesoek moet dan ook wees om liewers n intensiewe studie van n bepaalde aktiwiteit te maak in plaas van om n algemene vae indruk te kry (American Accounting Association, 1953, p.163). Is die besoek goed beplan, verskaf dit die nodige agtergrond vir vrugbare klaskamerbesprekings en leerlingbegrip.

In onderstaande lys word n aantal aktiwiteite aan die hand gedoen wat leerlinge in die junior klasse gedurende n bedryfsbesoek aan bepaalde ondernemings behoort waar te neem (Musselman, 1960, p.99).

By n plaaslike bank

Die doel en prosedures vir die voorbereiding van bank-deposito-strokies.

Skryf van tjeks en hoe onttrekkings gedoen word.

Verkryging van lenings en die berekening van rente op lopende (oortrokke) rekening en op beleggings.

Hoe die bank rekord hou van deposito's en beleggings.

Hoe boekhoumasjiene opereer.

By die kantoor van n geneesheer, tandarts, prokureur

Hoe afspraakboeke gehou word.

Hoe rekord gehou word van kontantontvangste en uitbetalings.

Hoe pasiënte

Hoe pasiënte en kliënte se rekenings gehou word.

Die gebruik van die kleinkasboek.

By n kettingwinkel

Hoe voorraadlyste gehou word.

Hoe aankope met bestelvorms en inkoopfakture gekontroleer word.

Hoe die kasregister gehou word en hoe kontantontvangste geverifieer word.

Opstel van finansiële verslae.

By n kleinhandelsaak

Hoe die kasboek gehou word.

Koop- en verkooprekords en prosedures.

Joernale, grootboeke en ander hulpboeke wat gebruik word.

Betaal- en loonstate.

Depresiasie-berekenings en -rekords.

Vorbereiding van finansiële verslae.

Deeglike beplanning moet elke bedryfsbesoek voorafgaan anders ontaard dit in n vermaaklikheidsuitstappie. Die doel van die uitstappie moet vooraf met die leerling bespreek word en hulle moet voorsien word van n aantal sake waarna opgelet moet word. Die leerlinge behoort ook te weet dat hierdie vrae en die antwoorde daarop opgeneem gaan word in huiswerkopdragte wat gaan volg (Nolan, 1967, p.346). Die sukses van die besoek hang ook af van die reëlings wat vooraf getref is met die onderneming wat besoek word. Amptenare behoort presies te weet wat die doel van die besoek is, waarna opgelet sal word en moontlike vrae waarop antwoorde gesoek word (Grambs, 1958, p.202). Die onderwyser kan terselfdertyd wanneer hy hierdie reëlings tref inligting van die firma (byvoorbeeld handelsdokumente, finansiële verslae, bruikleen van n netjiese stel boeke) bekom, wat hy kan gebruik om die leerlinge te motiveer vir die besoek.

Onmiddellik na die besoek moet opvolgwerk gedoen word. Vrae wat gedurende die besoek onbeantwoord gebly het, moet beantwoord word; leerling-opinies moet van notisie geneem word sodat misverstande uit die weggeruim kan word en essensiële aspekte beklemtoon kan word. Huis-

werkopdragte

werkopdragte wat met die besoek geïntegreer is, moet gekontroleer word (Harms en Stehr, 1963, p.472). Die evaluering van die besoek sal ook bepaal of dit die moeite werd is om in die toekoms n soortgelyke onderneming aan te pak.

4.12.2 Gassprekers

Sakebestuurders, rekenmeesters, oud-rekeningkunde-leerlinge en boekhouers kan as gassprekers baie bydra om rekeningkunde op skool te veraanskoulik, prakties te maak en belangstelling daarvoor te wek. Die ervaring het egter geleer dat gassprekers n meer bevredigende bydrae maak tot klaskamer-onderrig in die meer gevorderde klasse as in die junior klasse (American Accounting Association, 1953, p.160). Word hulle egter vooraf sorgvuldig gekeur en hulle besoek volgens opvoedkundige beginsels beplan, kan hulle ook die doeltreffendheid van rekeningkunde-onderrig aan juniors bevorder. Hulle praat uit praktiese ondervinding en kan n geweldige inspirerende invloed uitoefen op die leerling. Die wete dat hy na n outoriteit luister wat met gesag praat, kan op sigself vir die leerling n doelwit wees om na te streef (Grambs, 1958, p.205).

Sakemanne is nie opgeleide onderwysmanne nie en daarom moet beide leerling en spreker vooraf voorberei word vir die besoek. n Paar dae voor die besoek moet die klas vrae voorberei wat aan die spreker gestel sal word. Daar kan ook besluit word wie die vrae sal stel. In n skriftelike uitnodiging aan die spreker moet die volgende genoem word: vak, standerd, ouderdom, leerstof wat bestudeer word, grootte van klas, tyd beskikbaar, voorgestelde onderwerp om te bespreek, rede vir uitnodiging, vrae van leerlinge wat verwag kan word en voorgestelde illustrasie-materiaal en demonstrasies wat volgens die klas en onderwyser nuttig kan wees. (Musselman, 1960, p.105). Wat die junior klasse betref is dit belangrik dat die spreker voorberei sal word om baie kort te praat en meer aandag te gee aan die vrae van die leerlinge.

Die gevaar

Die gevaar bestaan dan ook nie dat die spreker kontinuïteit sal verloor met die leerstof wat in die klas behandel word nie (Borland, 1953, p.373).

Die optrede van n sakeman as n gasspreker is meer as n geleentheid om die rekeningkunde-sillabus te verryk; dit dien veral ook om goeie verhoudinge tussen skool en sakeonderneming te bewerkstellig, met goeie gevolge vir die skool. Juis hierom, moet die beplanning van sy besoek so sorgvuldig gedoen word, dat hy die skool tevrede sal verlaat met die gevoel dat hy n goeie opvoedingsdaad verrig het, dat die leerlinge sy opofferings waardeer en dat hy sy tyd nuttig bestee het (Musselman, 1960, p.105).

Net soos by n bedryfsbesoek moet na die toespraak n informele bespreking en evaluering volg. Misverstande moet uit die weggeruim word en belangrike aspekte uit die toespraak wat kan bydra tot die leerhandeling moet aksentueer word.

5. Samevatting

Die gebruik van hulpmiddels in die didaktiese situasie is by die onderrig van rekeningkunde aan die junior sekondêre leerlinge n dwingende noodsaaklikheid. Thompson (aangehaal deur die American Accounting Association, 1953, p.134) beweer dat eksperimenteel bewys is dat rekeningkunde-leerlinge 35 persent meer feitlike inligting bekom het en dat dit wat hulle geleer het van 35 tot 50 persent langer onthou is, waar daar van oudio-visuele tegnieke gebruik gemaak is. Rekeningkunde is n praktiese vak en die waarde van aanskoulike hulpmiddels is daarin geleë dat dit die leerling help om die leerstof persoonlik te ervaar en te beleef. Gevolglik begryp hy dit beter en onthou hy dit langer.

Die rekeningkunde-onderwyser moet egter daarteen waak om die gebruik van hulpmiddels nie te oordrywe nie. Die hulpmiddel, as n integrale deel van die hele onderrigprogram, is en bly slegs n instrument wat leeraktiwiteite bevorder en vergemaklik. Die gebruik daarvan kan slegs
geregverdig

geregverdig word indien die onderwyser n beter onderrig-
taak daarmee as daarsonder kan verrig (Lanza, 1953, pp.
241-243). Lanza (1953) wys ook daarop dat die aanbieding
van aanskoulike materiaal self, hoe volledig ook al,
ondoeltreffend is as dit nie deur die onderwyser korrek
vertolk en uitgebou word nie. Aanskouing as belewings-
beginsel sonder die woord bly beperk. Die onderwyser
moet die kind tot dieper aanskoulike beleving lei sodat
hy algaande leer om abstrak te dink en met rekeningkundige
begrippe te redeneer (pp.243-247).

Aanskouing is dus n beginselprosedure om doeltreffende
leer te bewerkstellig, maar dit mag nooit anders benader
word as n eerste stap wat lei tot leerling-selfaktiwiteit
(Duminy, 1972, p.44). Leerling-aktiwiteit behoort
die allesoorheersende aktiwiteit te wees by die aanwen-
ding van enige aanskouingsmiddel.

HOOFSTUK VIDIE BEGINSEL VAN LEERLINGSELFAKTIWITEIT OF SELFWERK-
SAAMHEID BY REKENINGKUNDE-ONDERRIG1. Inleiding

Die aktiwiteitsgedagte dat alles wat geleer word deur selfwerkzaamheid geleer word, vind as besondere didaktiese beginsel sy oorsprong by Pestalozzi, en na hom by Froebel (Greyling, 1955, p.520). Dit impliseer dat by enige leersituasie wat resultate van n blywende aard voortbring kinderaksies veronderstel word (Taute, 1962, p.35). Prof. Van Loggerenberg (1966) sien dan ook die selfwerkzaamheidsbeginsel as al daardie aktiwiteite van n lerende kind wat met eie krag soek, navors, skeep, ontdek, doen, dink, verower en beheers, dit wil sê aktiwiteite wat vrywillig spruit uit eie belangstelling (p.154). Die kind is dus in sy geestelik-liggaamlike totaliteit betrek in die leerproses (Bevelander, 1959, p.67). Sy denke word geoefen en hy word in die geleentheid gestel om te redeneer. Hy word voor n probleem gestel wat opgelos moet word, n moeilikheid wat te bowe gekom moet word, n verwarring wat reggestel moet word (Duminy, 1972, pp.78-79).

2. Selfwerkzaamheid is onontbeerlik in rekeningkunde-
onderrig

Daar is reeds daarop gewys dat rekeningkunde by uitsteking n "doenvak" of beoefeningsvak is (Vgl. Hfst. II par.1; Vgl. ook Hfst. III par. 8). Verder is dit n vak waar teorie en praktyk ten nouste geïntegreer word en daarom kan die beginsel van leerling-selfwerkzaamheid met groot welslae geïmplementeer word (Malherbe, 1973, p.286). Trouens gesaghebbende skrywers oor die onderrig van rekeningkunde beklemtoon almal die noodsaaklikheid van die toepassing van hierdie beginsel.

Boynton (1970) beweer dat niemand rekeningkundige beginsels kan bemeester sonder om self rekeningkundige aktiwiteite te verrig nie. Volgens hom moet enige onderrigmetode of hulpmiddel wat gebruik word om rekeningkundige

kundige feite, kennis of beginsels te onderrig deeglik voorsiening maak vir die pragmatiese filosofie van "we learn to do by doing". Bedrewenheid in rekeningkundige vaardighede is die resultaat van selfaktiwiteit (pp.117-120). Harms en Stehr (1963, p.397) sluit by hom aan en noem dat rekeningkunde nie geleer kan word deur daaroor te praat nie, maar dat die leerlinge gelei moet word om te doen. Volgens Musselman (1960, p.50) impliseer doen ontdekking en begrip, want sonder begrip is memorisering en roetinewerk in rekeningkunde sinloos.

Een van die belangrikste doelstellings van rekeningkunde op sekondêre vlak is juis om die analitiese, logiese, objektiewe en selfstandige denke van die leerling te stimuleer (Vgl. Hfst. II, par. 7.3(iv)). Sonder selfaktiwiteit is dit egter ondenkbaar (Bostwick, 1955, p.167). Die American Accounting Association (1953) verklaar dat die doel van onderwys is om die kind te onderrig en nie om sy probleme vir hom op te los nie (p.47). Die skrywers vervolg en sê voordat die leerlinge nie self geworstel het aan die probleme wat aan hulle voorgehou word nie, hulle nog nie gereed is om die probleme te begryp of hulle oplossing te verstaan nie (p.57). Beide Bostwick (1955, pp.167-170) en die American Accounting Association (1953, pp.51-56) beklemtoon dan ook die noodsaaklikheid dat leerlinge voldoende oefening moet kry in die probleemoplossende leeraktiwiteite om 'n kritiese ingesteldheid en denke te ontwikkel. Hieraan word later meer aandag gegee (Vgl. par. 4.1).

Luwell (1968) wys ook op die noodsaaklikheid van selfwerkzaamheid vir rekeningkunde-onderrig. Vir hom lê die waarde van selfwerkzaamheid daarin, dat dit die leerlinge oefening verskaf in 'n sistematiese en oordeelkundige benadering van rekeningkundige probleme. Hy bepleit dat reeds vanaf aanvangsonderrig die leerlinge vertrouwd gemaak moet word met die "werkelemente" van rekeningkunde, naamlik sistematiek, werkinsig en selfaktiwiteit. Daardeur ontstaan juiste begripsvorming, oordeelsvermoë en kritiese denke. So 'n benadering van
 persoonlike

persoonlike ondersoek en selfontdekking sal geleidelik die bereiking van geestesvolwassendheid moontlik maak (pp.38-39).

Samevattend kan beweer word dat leerling-selfwerkzaamheid onontbeerlik is vir die versameling van rekeningkundige kennis. Dit is onmisbaar vir die aankweking van goeie werkgewoontes en karaktervorming. Sonder selfwerkzaamheid is die aankweking van kundigheid of bedrewenheid in rekeningkundige beginsels en prosedures nie moontlik nie. Laastens is leerlingsselfaktiwiteit noodsaaklik om die kind te leer om krities te dink, te analiseer, te sistematiseer en tot rekeningkundig gefundeerde beslissings te geraak.

3. Die rol van die rekeningkunde-onderwyser in die toepassing van die beginsel van leerlingsselfwerkzaamheid

Die onderwyser moet aanvaar dat die beginsel van selfwerkzaamheid is een van die mees fundamentele wette van die onderwys. Dit is onmisbaar. Rekeningkunde-onderwys waar hierdie beginsel nie aanvaar word nie, is grotendeels vrugteloos. Dit is die voorreg van die onderwyser om daarvan gebruik te maak; dit nie te smoor nie, maar aan te moedig.

Die onderrig in die klaskamer moet die kenmerk dra dat die leerling daar self in deel. Die onderwyser moet die klas so lei dat die leerlinge opgewek word om self te dink en te handel (Taute, 1962, p.36). Prof.

Van Loggerenberg (1966) sien dit só:

"Die toepassing van hierdie beginsel verg van die onderwyser dat hy van sy kateder moet afklim en hom meer tussen die werkende kinders moet beweeg; dat hy uit die sentrum moet beweeg en n meer beskeie plek in die agtergrond moet inneem; dat hy minder moet meedeel en meer moet help; dat hy minder moet dryf en meer leiding moet gee; dat hy minder self moet doen en die kinders meer moet doen" (pp.154-155).

Duminy

Duminy (1972) wys ook daarop dat die kind meer op sy eie vindingrykheid aangewys moet word. Indien die onderwyser denkers wil produseer moet hy sy leerlinge die geleentheid bied om hul denke te oefen en oorsaak en gevolg uit te redeneer. Die kinderbelangstelling behoort die uitgangspunt te wees in klaskameraktiwiteite (p.78).

Belangstelling bevorder die leerproses. Om selfwerkzaamheid te bewerkstellig moet die onderwyser in staat wees om eers die leerling se aandag te trek, sodat die behoefte by hom ontstaan om meer te weet of om self uit te vind; want as n leerling eers geïnteresseerd is, sal hy baie meer leer deur sy eie probeerslae as wat die onderwyser hom ooit kan leer (Arts, 1962, p.158). Die onderwyser moet as't ware n verkoopsman wees vir sy vak. Hy moet sy leerling nuuskierig maak om te leer. Intelligente nuuskierigheid is juis volgens Bostwick (1955, p.157) n belangrike stimulus tot kritiese denke en die oplossing van probleme. Entoesiastiese, prikkelende verduidelikings, ontwerp van planne en skemas waaraan leerlinge kan meewerk en een of ander metode om die denkvermoë van die leerling te tart, moet daaglik kenmerkend wees van die klaskamermetodiek om die inherente nuuskierigheid en weetgierigheid van die leerling te eksploiteer.

Volgens John Dewey vind betekenisvolle leer ook alleen plaas deur ervaring en belewing (Groenewald, 1946, p.44). Die kind ervaar en beleef wanneer sy gees werksaam is (Taute, 1962, p.61). Dit is dus logies dat hoe meer selfwerkzaamheid daar teweeggebring word, des te intenser sal die ervaring wees. Die rekeningkunde-onderwyser wie se lesse vir sy leerlinge "leef" omdat hulle daarin kontakpunte vind met die werklikheid buite die klaskamer, het daarin geslaag om sy leerlinge intrinsiek te motiveer om selfaktief te wees. Hieruit is dit duidelik dat die beginsel van aanskouing en die beginsel van selfwerkzaamheid ten nouste met mekaar vervleg is. Trouens, die doeltreffendheid van die een hang van die suksesvolle implementering van die ander een af. Volgens Eksteen (1970, p.17) moet aanskouing in rekeningkunde-
onderrig

onderrig lei tot selfwerkzaamheid. Duminy (1972, p.44), Kruger (1968, p.230) en andere stem hiermee saam. In elke onderrighulpmiddel wat aangewend word moet selfwerkzaamheid heelpad die mikpunt wees, anders kan daar nie sprake wees van die ontwikkeling van kritiese denke nie.

Greyling (1955) waarsku dat die onderwyser selfwerkzaamheid ontmoedig as hy self die praatwerk doen, as hy die vrae wat hy stel self beantwoord, as hy die probleme wat hy gee self oplos en as hy te veel dinkwerk vir die kind verrig (p.524). Die American Accounting Association (1953) sluit hierby aan as hulle verklaar dat die onderwyser wat al die inligting voorsien, al die relevante data aanwys, al die gevolgtrekkings maak reflektiewe denke vernietig (p.54). Verder waarsku Smit (1972) dat daarteen gewaak moet word dat selfwerkzaamheid nie ontaard in roetine-drilwerk nie (p.205). Rekeningkunde is wel n leer-deur-doen-vak, maar dit impliseer nie dat die klem op meganiese oorboeking en roetინewerk gelê moet word in die vertroue dat die leerling deur herhaalde doen van soortgelyke werkopdragte kennis en insig sal verwerf nie. Selfwerkzaamheid veronderstel insig, begrip en logiese denke (Eksteen, s.j. pp.24-25).

Leerlingsselfwerkzaamheid kan so maklik dié beginsel wees wat meer as enige ander didaktiese beginsel geweld aangedoen kan word in die onderwys (Butler, 1954, p.56). Juis daarom behoort elke onderwyser sy eie metode te ondersoek en uit te vind waarom sy klas doods en onresponsief is. Negatief sal hy dinge vind wat hy moet afleer en positief sal hy dinge vind wat hy moet aanleer om selfwerkzaamheid te bevorder.

4. Metodes en tegnieke om selfwerkzaamheid te bevorder
Die beginselprosedures wat in die vorige twee hoofstukke bespreek is, naamlik beplanning en aanskouing, lei saam tot selfwerkzaamheid. Alle leer wat sukses bring is in laaste instansie self-aktiwiteit, want die kind kan geen kennis en insig verwerf sonder eie inspanning nie. Derhalwe sal al die metodes en tegnieke wat alreeds aangeraak is,

raak is, indien doelgerig gemik op selfaktiwiteit, gebruik kan word om hierdie belangrike didaktiese beginsel in die rekeningkunde-klaskamer te implementeer. Aanvullend word die volgende bespreek:

4.1 Probleemoplossende leeraktiwiteite

Kritiese denke ontstaan wanneer n probleem ontmoet word wat opgelos moet word (American Accounting Association, 1953, p.54). Omdat rekeningkunde n bestuurswetenskap is wat hoë verstandelike eise stel aan die beoefenaar daarvan, moet die aanbieding van hierdie vak in korter of langer probleemvorm reeds op skool voorrang geniet. Die groot waarde van só n benadering, is daarin geleë dat dit die leerling die geleentheid bied om selfwerkzaamheid te beoefen. Dit bied n uitdaging aan die leerling om die probleem onder oë te sien en dit self uit te werk. Dit ontwikkel in hom die begeerte om te ondersoek, na te vors en deurtastend te dink.

Die probleem moet egter sinvol wees en die leerling persoonlik aanspreek. n Probleem sal n leerling aanspreek slegs wanneer daardie probleem só aangebied word dat dit inderdaad vir die leerling as n probleem voorkom. Probleemoplossingsopdragte moet derhalwe spesifiek en ondubbelsinnig gegee word en aanpas by die verstandelike ontwikkelingspeil van die leerlinge, sodat dit as n werklike uitdaging beleëf word (Bostwick, 1955, p.163). Volgens Taute (1962) word leerlinge se onverdeelde aandag verkry en die nodige geesteswerkzaamhede ontstaan as die probleem vir hulle aktueel is (p.64). Dit beteken gevolglik dat, sonder om die waarde van die beginsel van aanskouing te oorskat of om struikelblokke te plaas in die pad van abstrakte denke, probleemoplossende leeraktiwiteite veraanskoulik behoort te word, veral wat die minder begaafde junior sekondêre leerlinge betref.

Verskeie skrywers (Vgl. Gartside, 1970, pp.55-57; Coetzee, 1960, pp.250-251; Eksteen, s.j. pp.34-35) be-
veel die induktiewe en deduktiewe metode aan om leer-
linge aktief

linge aktief te betrek en hulle denke doelgerig te lei by lesaanbieding in rekeningkunde. Gartside (1970) is van mening dat reëls wat ontdek is (byvoorbeeld deur induktiewe beredenering), baie makliker toegepas kan word as reëls wat deur die onderwyser verduidelik word (p.55).

Die induktiewe metode word gebruik wanneer daar in die verskillende gevalle n verband gesien word en daardie verband dan in n algemene beginsel, reël of wet neergeleë en geformuleer word (Coetzee, 1960, p.250). Daarenteen word by die deduktiewe metode begin by n algemene waarheid, stelling, reël of definisie en dan word hierdie kennis toegepas om n verwante probleem op te los (Van Loggerenberg, 1966, p.183).

Eksteen (s.j. p.35) wys daarop dat die gebruik van die induktiewe en deduktiewe denkmetode wissel mekaar so vinnig af dat hulle gedurig om die beurt in rekeningkunde gebruik word. Deur deduksie word vanuit die basiese aanname n toepassing gemaak op n spesifieke geval. Deur induksie word n nuwe reël opgestel, en dan word dit weer deur deduksie verder gevoer. n Voorbeeld ter verduideliking word gegee: Uit persoonlike gegewens verstrek deur die leerlinge het die klas onder leiding van die onderwyser die reël geformuleer, Bates (B) = Laste (L) + Eienaarsbelang (E). Hulle het ook vasgestel dat n bate altyd op die debietkant van die baterekening aangeteken word. Deur deduksie kan hulle nou self aflei dat as n bate verkoop word moet die baterekening gekrediteer word. Netsó kan hulle deur middel van induksie en deduksie die reël self formuleer dat n vermeerdering van n las op die lasterekening gekrediteer word, terwyl n vermindering van n las weer op die lasterekening gedebiteer word (Vgl. Hfst. IV, par. 8).

Prakties word ervaar dat die minder begaafde in st. 7 dikwels probleme ondervind met aansuiwerings ten opsigte van bates aan die einde van die bedryfsperiode. Hulle kan nou gelei word om deur induktiewe en deduktiewe beredenering selfstandig die probleem op te los. Uit hulle persoonlike

persoonlike ervaring buite die klaskamer weet hulle dat n motor jaarliks in waarde verminder, met ander woorde Oorspronklike kosprys van motor (bate) min totale jaarlikse depresiasie = Huidige boekwaarde van motor (bate). Verder weet hulle nou dat n bate het n debietbalans. Gevolglik moet die vermindering in waarde (verlies) teen die baterekening gekrediteer word en om die dubbelinskrywing te voltooi word die uitgawerekening (Waardevermindering) gedebiteer. Hieruit kan die algemene reël afgelei word dat alle uitgawes (of verliese) in die betrokke uitgawerekenings op die debietkant aangeteken word. (Om die hele kwessie van uitgawerekenings te begryp, moet hulle die ooreenkoms kan insien tussen n bate wat verminder as gevolg van n aansuiwering daarteen en n bate wat gebruik word om n uitgawe te dek; byvoorbeeld betaal lone per tjek). Die volgende tienkolomstaat kan hierna deur die leerlinge gebruik word om n baie duidelike beeld van die bate (voor en na aansuiwering), die uitgawe (verlies) en die afsluitingsprosedure te kry (Vgl. Hartman, 1972, p.33):

Rekening	Vooraansuiwerings-toets-balans		Aansuiwerings		Finale Toets		Handels- en Wins- en Verlies-rekening		Balans- staat		
	De- biete	Kre- diete	Dt	Kt	De- biete	Kre- diete	Dt	Kt	Bate	Laste	
Voertuie	2 000			200	1 800					1 800	
Waarde- vermin- dering			200		200		200				

Die rekeningkunde-onderwyser het n besondere rol om te vervul in die probleemstellingsmetode. Dit is sy taak om elke probleem-oefening of werkstuk vooraf deeglik te oordink en met n bepaalde doel voor oë aan die leerling op te dra. Elke nuwe werkstuk moet lei tot n nuwe ontdekking, tot die tuisbring van n nuwe essensiële begrip wat die reeds bestaande denke aanvul en verryk (Coetzee, 1961a, p.73).

Die

Die onderwyser moet seker maak dat die leerlinge deur belewing van of inlewing in n situasie bewus word van die probleem en n behoefte het om dit op te los (Joubert, 1947, p.357). Die leerlinge moet ook presies weet hoe om die probleemsituasie te hanteer en daarom moet die onderwyser nie huiwer om tot op n sekere punt hulp en leiding aan te bied nie. Terselfdertyd moet hy hom daarvan weerhou om self die finale ontknoping van die probleem bekend te maak, aangesien dit tog in die leerling se belang is om self die oplossing te vind (Duminy, 1972, p.82). Die swakker leerling raak dikwels gou moedeloos as hy nie daarin slaag om die oplossing suksesvol in finale vorm te giet nie, en juis daarom moet die onderwyser simpatiek staan en aanmoedig waar nodig. Die voorsiening aan die leerlinge van toepaslike onder-righulpmiddels wat hulle mag help om die probleem op te los, is om klaarblyklike redes hier aan te beveel. Verder moet die vrae van leerlinge op so n wyse beantwoord word, dat die antwoorde hulle weer tot verdere denke en redenering stimuleer. Laastens moet die leerlinge gelei word om hulle oplossings self te verifieer deur middel van induktiewe en deduktiewe metodes en onderlinge vergelyking met klasmaats. Die onderwyser doen natuurlik die finale verifiëring (American Accounting Association, 1953, p.56). Waar hy dit in belang van die klas ag, versoek hy n leerling om aan die klas te verduidelik hoe hy te werk gegaan het om die korrekte oplossing te vind. Leerlinge wat fouteer word individueel of gesamentlik gelei om deur eie denkinspanning die oplossing te vind.

4.2 Die leergesprek

4.2.1 Begripsbepaling

Die leergesprek is seker die bekendste en mees algemene onderrigsvorm in die didakties-pedagogiese gebeure. Dit kan omskryf word as n gesprek tussen die onderwyser en die leerlinge in die klas, waarin die onderwyser in leidinggewende hoedanigheid deur probleemformulering en logiese vraagstelling, die leerlinge tot denke stimuleer om antwoorde te vind (Aarts, 1962, p.252). Deur stimu-

lerende

lerende vraagstelling wil die onderwyser die kind dwing tot geestelike aktiwiteit. Hy wil hom geleidelik en al denkende uit n toestand van nie-weet-nie tot n toestand van weet en insig bring (Bevelander, 1960, p.38).

Die leiding berus egter altyd by die onderwyser. Hy mag nie toelaat dat die leergesprek ontaard in n doellose diskussie nie. Dit is n bespreking onder sy leiding met n vooropgestelde en bepaalde doel (Kruger, 1968, p.109). So gesien, kan die leergesprek n doeltreffende metode wees om selfwerkzaamheid by die leerlinge te bevorder.

4.2.2 Die waarde van die leergesprek

Die leergesprek kan om die volgende redes n waardevolle metode wees in rekeningkunde-onderrig:

- i) Die leergesprek is n effektiewe en didaktiese metode om leerlinge tot insig te laat kom in hul eie swak en ondoeltreffende werkmetodes en ook in die vrugbare metodes van hulle medeleerlinge (Cronje, 1958, p.100). Dit kan die prestasies van leerlinge, selfs die meer begaafdes, betekenisvol verbeter (Oosthuizen, s.j. p.72).
- ii) Dit lei tot kennisvermeerdering en deurbraak van insig (Satlow, 1964, p.38). Sodanige kennis word ook nie maklik vergeet nie.
- iii) Selfstandige denke word ontwikkel in die soek na oplossings vir probleme (Yoakem, 1955, p.190).
- iv) Dit is n belangrike bydraende faktor tot persoonlikheidsontwikkeling: die leerling leer om met vrymoedigheid te praat, te analiseer, gevolgtrekkings te maak en krities te oordeel (Kruger, 1968, pp.105-106).
- v) Dit bied ruim geleentheid om groepaktiwiteit en spanwerk te bevorder met al die voordele daaraan verbonde (Eksteen, s.j. p.75).
- vi) Dit bevorder die noodsaaklike wisselwerking tussen die onderwyser en die leerlinge (Eksteen, s.j., p. 75).

4.2.3 Implementeringsmoontlikhede van die leergesprek

Die leergesprek is as gevolg van sy besondere aard een van daardie vorme wat hom baie goed leen tot feitlik alle vertakkinge van rekeningkunde-onderrig aan st. 6 en veral st. 7. Logiese beredenering oor rekeningkundige probleme onder die oordeelkundige leiding van die goeie onderwyser, kan volgens hierdie metode plaasvind. Deur middel van prikkelende rigtinggewende vrae, denkstootjies waar leerlinge vashaak, juiste formulering van onvolledige gedagtes van leerlinge en illustrasies op die skryfbord kan vrugbare onderrig in rekeningkunde werklik plaasvind. Dit is ook van belang om hier te meld dat aanknoping by bekende leerstof gevind moet word, want die kind moet gedwing word om sy antwoord en enige bespreking te baseer op inligting waaroor hy reeds beskik (Yoakem, 1955, p.188).

Veronderstel die leerlinge kom met die vraag of die korting-totale in die kasboek nie op dieselfde wyse oorgeboek moet word as die ander inskrywings in die kasboek nie (debietkant in die kasboek na kredietkant in grootboek en omgekeerd). In plaas van om die rede aan hulle te verduidelik, moet hulle gelei word om self die oplossing te vind. Die leergesprek mag baie kortliks as volg verloop:

Klas: "Waarom word die totaal van Korting Toegestaan in die kasboek nie na die kredietkant van die Korting Toegestaan-rekening in die grootboek oorgeboek nie?"

Onderwyser: "Kom ons neem aan dat J. Roets, n debiteur, R100 skuld. Hy betaal aan die firma R95 en die firma staan aan hom R5 korting toe. Aan watter kant van Roets se rekening in die grootboek sal julle die inskrywing boek?"

Klas: "Aan die kredietkant. n Baterekening word verminder."

Onderwyser: "Goed, kom ons neem n ander debiteur, S. Grace. Ook hy betaal aan die firma R190 ter vereffening van n skuld. R10 korting word toegestaan. Hoe sal julle dit nou boek?"

Klas

Klas: "Net soos by Roets - aan die kredietkant van Grace."

Onderwyser: "Korrek, maar wat sal gebeur as julle die totaal van hierdie twee kortings, naamlik R15 (vergelyk met die kasboek totaal) aan die kredietkant van die Korting Toegestaan-rekening in die grootboek boek?"

Klas: "Korting is nou twee keer gekrediteer: in die debiteure se rekenings en in die Korting Toegestaan-rekening."

Onderwyser: "Net so! Dit kan mos nie korrek wees nie? Die reël van dubbelinskrywing is veronagsaam. Kom ons benader die probleem vanuit n ander hoek en kyk of ons ook tot n oplossing kom. Dink mooi - waarom het die firma hierdie twee kortings aan die debiteure toegestaan?"

Klas: "Omrede die debiteure hulle rekenings voor die ooreengekome betaaldag kom vereffen het."

Onderwyser: "Hoeveel geld verloor die firma nou in werklikheid omdat die debiteure besluit het om hulle skuld vroeër te betaal?"

Klas: "R15, dit is n verlies vir die firma."

Onderwyser: "Aan watter kant van die Korting Toegestaan-rekening word hierdie verlies geboek? Onthou Korting Toegestaan is n nominale uitgawe-rekening."

Klas: "Aan die debietkant, want die baterekening verminder met die verlies en die uitgawe-rekening vermeerder daarmee."

Onderwyser: "Korrek! Julle het nou twee redes gevind waarom die totaal van Korting Toegestaan in die kasboek na die debietkant van die Korting Toegestaan-rekening in die grootboek oorgeboek word. Noem dit gou."

Klas: (Voordat die antwoord verneem word, word aan leerlinge die geleentheid gebied om onderling met mekaar te redeneer oor die saak).

"1) Dit is alreeds gekrediteer in die grootboek teen die debiteure se rekenings.

2) Dit verteenwoordig n uitgawe wat vermeerder word."

Die onderwyser het omtrent al die verlangde inligting met behulp van logiese, duidelike vrae uit die klas self verkry. Leerlingaktiwiteit wat gelei het tot selfontdekking, is bevorder. Stimulerende vraagstelling is 'n kunst, wat alleen deur ervaring en goeie voorbereiding ontwikkel kan word. Tereg merk Satlow (1964) op: "Only by the application of thought before entering the classroom will you come up with thought - provoking questions" (p.40).

4.3 Die klasgesprek

4.3.1 Begripsbepaling

Die klasgesprek is 'n gesprek tussen die leerlinge onderling, waaraan ook die onderwyser deelneem, hoewel hy meer op die agtergrond bly (Oosthuizen, s.j. p.74). Die leerlinge soek saam na geldige oplossings deur te dink, te redeneer, feite te oorweeg, moontlike oplossings en gevolgtrekkings voor te stel (Grambs, 1958, p.229). Hulle leer deur kennis te neem van mekaar se insig en moontlike dwalinge. Die leerling wat oor die korrekte oplossing beskik, oortuig sy mede-leerlinge dat hy verkeerd redeneer en toon aan hom hoe om tot die korrekte antwoord te kom (Eksteen, s.j. p.35). In rekeningkunde-onderdig kan die klasgesprek met groot voordeel aangewend word om basiese beginsels en veral die gebruik van rekeningkundige data by die kind tuis te bring (Douglas, 1973, p.312).

4.3.2 Die waarde van die klasgesprek

Die didaktiese waarde van 'n goeie klasgesprek kan bykans nie te hoog geskat word nie. Individuele ervarings en persoonlike menings kom aan die lig, word aangevul, gekorrigeer en verdiep as gevolg van die medewerking van die hele klas onder leiding van die onderwyser (Yoakem, 1955, p.359; Vgl. ook Bevelander, 1960, p.48).

Volgens die American Accounting Association (1953) is die besondere waarde van die klasgesprek juis daarin geleë dat die leerlinge saam leer hoe om rekeningkundige probleme op te los (p.60). In hierdie saam soeke na die oplossing beseef hul mekaar se probleme, bestudeer

hulle

hulle mekaar se metodes en oordele en verwerf hulle algaande die nodige insig om tot n oplossing te kom (Oosthuizen, s.j. p.75).

Vanuit die rekeningkunde-onderwyser se oogpunt gesien, lê die waarde van die klasgesprek daarin dat klasbesprekings aan hom n totaalbeeld verstrekk van die probleme, foute en moeilikhede van sowel individuele leerlinge as van die klas as geheel, wat aan hom n aanknopingspunt bied in die opstel van funksionele heelkundige oefeninge. Verder kan hy ook die klasgesprek voordelig gebruik as n middel tot karakteropvoeding, want in die gesprekke leer hulle mekaar ken as mense, respekteer hulle mekaar se meningsuitinge en leer hulle om in tevredenheid hul opinies te onderwerp aan openbare kritiek (Kruger, 1968, p.100).

4.3.3 Die rol van die onderwyser in die klasgesprek

Hoewel die onderwyser tydens die klasgesprek gedeeltelik op die agtergrond tree, speel hy tog nog n belangrike rol. In oorleg met sy leerlinge kies hy n onderwerp. Dit moet n onderwerp wees wat die leerling se belangstelling, deelname en denke bevorder en wat hom leen tot bespreking (Grambs, 1958, p.230). Deeglike voorbereiding deur beide onderwyser en leerling is n belangrike voorwaarde vir die suksesvolle verloop van n klasgesprek. Juis daarom, moet die onderwerp by voorkeur aansluit by die ervaringskennis van die leerlinge (Aarts, 1962, p.257). Sleutelvrae kan aan die leerlinge gegee word om tuis intensief te gaan bestudeer. Hulle kan versoek word om bepaalde inligting eers te versamel. n Bedryfsbesoek, ontvangs van n gasspreker, n film- of strookfilm-vertoning, sal ook die regte klimaat skep vir n goeie bespreking.

Die onderwyser is die leier wat die gesprekke aan die gang sit deur n kort inleidende praatjie of om n paar prikkelende vrae of gedagtes op die skryfbord te plaas. Solank die gesprekke vlot bly hy op die agtergrond, maar soms sal hy dit tog nodig vind om in te gryp deur vraagen-antwoordmetode of n ander metode om rigting en doelgerigtheid te verskaf (Clarke, 1964, p.133). Dikwels kan die verskille

die verskille tussen leerlinge of hulle onvermoë om tot 'n oplossing te kom, gunstig aangewend word tot verdere implementering van die beginsel van leerlingsself-aktiwiteit. Veronderstel hulle verskil byvoorbeeld oor die toedeling van uitgawes in die ontledingskolomme van die kleinkasboek. In plaas van om die bespreking onproduktief uit te rek, word die bespreking uitgestel tot 'n latere datum sodat hulle eers verdere navorsingswerk kan gaan doen. 'n Paar leerlinge kan verwys word na die tesourier van die skool se kleinkasfonds; ander kan weer gaan kers opsteek by 'n plaaslike firma, van wie die onderwyser weet dat hulle kleinkasboek nuttig sal wees om na te gaan kyk; 'n paar leerlinge kan na hulle handboek refereer word, terwyl ander weer na naslaanbronne verwys word. Watter metode die onderwyser ook al volg, moet hy hom vergewis dat dit die leerhandeling sal verryk; anders moet hy maar liewers self op die voorgrond tree.

Aan die einde van die klasgesprek moet die bespreking saamgevat word. Hy kan dit self doen of die samevatting kan óf deur die leerlinge gesamentlik óf soms deur individuele leerlinge gedoen word. Hy moet seker maak dat al die leerlinge insig verkry het terwyl hy ook verdere aktiwiteite, gefundeer op die klasgesprek, bepaal (Kruger, 1968, p.104).

4.4 Die projekmetode

4.4.1 Begripsbepaling

Rekeningkunde-onderwysers pas volgens Boynton (1970) die projekmetode al vir baie jare met groot welslae toe (p.145). Dit moet dan ook gesien word as 'n poging tot individualisering, leerling-selfwerkzaamheid en leer deur werklike lewende ervaring op te doen (Van Loggerenberg, 1966, p.251). Coetzee (1964) omskryf 'n projek as 'n metode waarin 'n omvangryke probleem van 'n betekenisvolle praktiese aard beplan en deur leerlinge uitgevoer word op 'n natuurlike wyse, terwyl in die volvoering van die eenheid van aktiwiteit gebruik gemaak word van fisiese materiaal (p.181).

In die

In die sin waarin dit hier gebruik word, omvat dit die volgende vereistes: dit is wat sy aard betref n probleem; die probleem omvat n belangrike, betekenisvolle eenheid van aktiwiteit; die leerling is verantwoordelik vir die beplanning en uitvoering van die probleem-aktiwiteit; en dit moet n probleemoplossende aktiwiteit van n praktiese aard wees. Hieruit is dit duidelik dat die algemene doel van die projekmetode is om die klaskamer so na as moontlik aan die lewe in die praktyk te bring. Daarom val die klem hier op die natuurlike samestelling van die projek, konkrete prestasie, doelbewuste bedrywigheid, sosiale samehang en die vraag of dit die moeite werd is.

4.4.2 Toepassing van die projekmetode

Vier stadia kan by die toepassing van die projek onderskei word:

- i) Die eerste stap bestaan uit die keuse en formulering van die probleem. Die leerling moet hierin n groot aandeel hê, want hy sal meer entoesiasies en bedrywig wees as hy persoonlik voel dit is sy eie projek en nie dié van die onderwyser nie (Boynton, 1970, p.146).
- ii) Die tweede stadium is die beplanning van die onderneming. Dit bestaan in die ontwerping van die hooflyne van aanval op die probleem onder leiding van die onderwyser (Coetzee, 1964, p.182).
- iii) Na beplanning moet leerlinge hulle planne vir die oplossing van die probleem uitvoer. Die plan moet omgesit word in tasbare vorm; dit wil sê, daar moet iets gemaak, gekonstrueer, gedoen word (Van Loggerenberg, 1966, p.293).
- iv) By voltooiing moet die projekwerk beoordeel word; het die onderneming geslaag of misluk? Aanvanklik sal die onderwyser self die oordeel moet vel, maar geleidelik sal die leerlinge moet kom tot selfbeoordeling (Coetzee, 1964, p.182).

4.4.3 Projekte vir st. 7

Vervolgens word aandag gegee aan twee projekte wat die st. 7-klas kan uitvoer.

- a) n Studie

a) n Studie van bepaalde aspekte van die rekeningkundige stelsel van n sakeonderneming

Die leerlinge word ingedeel in klaskomitees en elke komitee kies dan n goedgesinde plaaslike onderneming vir intensiewe studie. Onder leiding van die onderwyser word dan n studie gemaak van bepaalde aspekte van die rekeningkundige stelsel van die onderneming. Die onderwyser besoek dan die onderneming en verduidelik aan die beamppte in beheer van die rekeningseksie, die doel van die ondersoek en verkry die nodige toestemming en samewerking vir die suksesvolle uitvoering van die projek. Dit is belangrik om aan die onderneming te verduidelik dat dit st. 7-leerlinge is en dat net eenvoudige basiese beginsels en prosedures aan hulle verduidelik moet word; andersins het die ondersoek weinig opvoedkundige waarde en is n verkwisting van tyd.

Beplanning van die inhoud van die projek vereis noukeurige aandag, veral waar dit hier gaan om die nouste samewerking van die personeel van die betrokke onderneming. Derhalwe word dit aanbeveel dat n volledige handleiding opgestel word, sodat beide die leerling en die firma presies weet wat verlang word. Dit bespaar tyd en bevorder die goeie samewerking tussen skool en onderneming. Die volgende handleiding kan dien as n voorbeeld vir die aanpak van n sodanige projek deur n st. 7-leerling (Vgl. Musselman, 1960, p.102):

REKENINGKUNDE-PROJEK ST. 7

n Studie van bepaalde aspekte van die rekeningkundige stelsel van n sakeonderneming

Jou projek behoort die volgende inligting te bevat:

1. Naam van die onderneming.
2. Beskrywing van die onderneming
 - a) Soort onderneming (bv. kruidenierswinkel, hoede-winkel).
 - b) Wat koop en verkoop dit?
 - c) Aantal werknemers in rekeningafdeling.
 - d) Ondernemingsvorm.
3. Beskrywing

3. Beskrywing van rekeningkundige rekords

Dit word aanbeveel dat jy jou projek organiseer onder die hoofde, hier onder aangegee. Onder elke hoof vind jy n aantal vrae. Jou projek moet hierdie vrae beantwoord, maar jy mag ook ander inligting insluit wat jy dink van belang is. Waar moontlik, sluit werklike handelsdokumente in en/of maak illustrasies van jou firma se stelsel van rekordhouding.

Kontantontvangste

- a) Word kasregisters gehou?
- b) Indien wel, watter inligting word daarvan verkry vir die rekeningkundige rekords? Watter interne dokument word gebruik?
- c) Hoe word kontantontvangstes aan die einde van die dag gekontroleer?
- d) Word alle kontantontvangstes gedeponeer in die bank? Indien ja, watter prosedures word gevolg?
- e) Waar word van kontantontvangste boek gehou? (Beskryf en illustreer).

Kontantbetalings

- a) Hoe word inkoopfakture of rekeningstate geverifieer vir betaling?
- b) Word alle betalings per tjek gedoen?
- c) Waar word rekord gehou van kontantbetalings? (Beskryf en illustreer).
- d) Word n kleinkasfonds aangehou? Watter items word hieruit betaal? Watter dokument word hiervoor gebruik? Hoe word uitbetalings gekontroleer? Word n kleinkasboek gebruik? (Beskryf en illustreer).

Aankope

- a) Hoe word bestelling van handelware voorberei?
- b) Hoe word inkoopfakture nagesien en geliasseer?
- c) Waar word van aankope rekord gehou? (Beskryf en illustreer).
- d) Word n afsonderlike grootboek vir krediteure gebruik?
- e) Illustreer n grootboekrekening van n krediteur.

Verkope

Verkope

- a) Hoe en waar word van kredietverkope rekord gehou? (Beskryf en illustreer).
- b) Hoe word fakture nagesien en geliasseer?
- c) Word n afsonderlike grootboek vir debiteure gebruik?
- d) Illustreer n grootboekrekening (kaart) van n debiteur.

State

- a) Wanneer word die proefbalans opgestel? Wie stel dit op?
- b) Hoe word debiteure en krediteure daarin aangegee?
- c) Oor watter tydperk strek die finansiële jaar van die firma?
- d) Is daar n rede waarom hierdie spesifieke tydperk bepaal is deur die bestuur?
- e) Hoe dikwels word voorraadopname gedoen? Vertel baie kortliks hoe dit gedoen word?
- f) Watter finansiële state word aan die einde van die boekjaar opgestel? Wie doen dit? Noem n aantal items wat daarin voorkom. Noem n paar aansuiwerings- inskrywings wat gemaak word.

Bostaande projek kan alleen aangepak word, indien die leerlinge oor deeglike kennis van die verskillende rekeningkundige prosedures en beheermaatreëls beskik. Dit word aanbeveel dat na voltooiing van elke prosedure, die leerlinge die onderneming besoek en die betrokke inligting versamel. So sal die afdeling oor kontantontvangste en kontantbetalings gedoen word, nadat die kasboek in die klaskamer gedoen is (Vgl. Musselman, 1960, p.103). Verder sal dit goed wees as die onderwyser gedurende die eerste besoek die leerlinge vergesel. Dit gee aan hulle selfvertroue en vrymoedigheid om vrae te stel aan die personeel wat hulle behulpsaam is. Die teenwoordigheid van die onderwyser is veral van belang vir die goeie skakeling tussen die leerlinge en die personeel.

b) Inskakeling

b) Inskakeling van leerlinge by rekeningkundige werksaamhede van die skool

Dit is nie altyd nodig om buitekant die skool te gaan soek vir leerstof van 'n lewensgetroue aard nie. Die skoollewe bied self pragtige geleenthede vir werklike kantoorervaringe. Die snoepwinkel, voorraadpakhuis, rugbyklub, netbalklub, atletiekbyeenkoms, skoolbasaar, klasinsamelingsfonds, Afrikaanse Christen- Studentevereniging, ens., bied rekeningkundige geleenthede wat met voordeel benut kan word. Al hierdie verenigings moet doeltreffend rekord hou van hul finansies. Die ervaring leer dat die rekeningkundige werk hieraan verbonde meesal elementêr van aard is en mooi inpas by die klaswerk wat deur st. 7 gedoen word. Baie van die werk kan gevolglik met voordeel in die klaskamer behartig word.

Die waarde van hierdie tipe werk is daarin geleë dat die leerlinge onder leiding van die onderwyser beplan hoe doeltreffend beheer oor finansies uitgeoefen sal word, hoe die rekeningkundige boeke aangê en opgeskryf sal word en hoe dit geverifieer sal word, sodat die rekeningkundige rekords 'n getroue weergawe is van die werklike geldelike gebeure. Die onderwyser aanvaar egter verantwoordelikheid vir die korrekte afhandeling van die werk en daarom moet hy al die gedane werk deeglik kontroleer, anders kan hy geregverdigde kritiek verwag. Verder mag hy slegs soveel klastyd vir hierdie tipe werk toelaat, as wat opvoedkundig geregverdig is (Musselman, 1960, p.104; Vgl. Boynton, 1970, p.145).

4.4.4 Voordele van die projekmetode

Die aanwending van die projekstelsel word in rekeningkunde-onderrig deur die volgende verdienstelikhede gekenmerk:

- i) Dit het besondere motiveringswaarde want dit wek belangstelling en 'n gevoel van tevredenheid by die suksesvolle voltooiing daarvan (Turille, 1949, p.181).
- ii) Dit moedig selfaktiwiteit, inisiatief en verantwoordelikheid aan, die grondslag van doeltreffende leer (Yoakem, 1955, p.40).

iii) Volgens

- iii) Volgens Boynton (1970, p.146) is een van die grootste voordele van die projekstelsel daarin geleë dat dit geleentheid bied om bestaande kennis en vaardighede toe te pas en om relasies tussen beginsels op te helder en vas te klink.
- iv) Die leerling maak kennis met die probleme van die rekeningafdeling van 'n sakeonderneming. Hy kry bevestiging vir die teoretiese kennis wat hy in die klaskamer opdoen (Harms en Stehr, 1963, p.470).
- v) Die projekmetode maak 'n betekenisvolle bydrae tot die persoonlikheidsontwikkeling van die leerling. Dit ontwikkel 'n gees van samewerking, gehoorsaamheid, leierskap, volharding, oordeelsvermoë en verdraagsaamheid teenoor sy mede-skolier (Coetzee, 1964, p.184).

4.5 Die rekeningkunde-laboratorium

'n Ander metode om die beginsel van selfwerkzaamheid te implementeer, is die omskepping van die klaskamer in 'n rekeningkunde-laboratorium. Hiermee word bedoel dat die klaskamerleersituasie georganiseer word as 'n getroue weergawe van die werklike praktyk (Eksteen, s.j. p.46). Die uitgangspunt hier is: "learning is more effective when it is presented as nearby as possible in the setting in which it will eventually be used" (Boynton, 1970, p.147). Die leerling moet in die geleentheid gestel word om die basiese rekeningkundige beginsels en vaardighede wat hy geleer het, selfstandig toe te pas. Hy moet leer om onafhanklik rekenkundige berekenings te maak, probleme self op te los, die optelmasjien en/of boekhoumasjien te gebruik, trotsheid te ontwikkel in netjiese, akkurate en leesbare werk en die waarde besef om met ander saam te werk (Kauffman, 1971, p.50).

Kortliks behels die plan dat die klaskamer so ingerig word dat dit 'n rekeningafdeling van 'n besigheid naboots. Verskillende poste, soortgelyk aan dié in die praktyk, word geskep, byvoorbeeld rekenmeester, boekhouer, grootboekklerke, ens., en beman deur die leerlinge. Die knapste leerlinge word in die meer verantwoordelike posisies

posisies aangestel, terwyl die swakker leerlinge die meer roetinewerk doen. Omruiling geskied egter gereeld, sodat almal oefening kry in die verskillende fasette van die werk.

Onderstaande skedule toon die pligte aan wat die st. 7-klas in die rekeningkunde-laboratorium behoort te vervul (Musselman, 1960, p.302).

Bestelklerk

Skryf al die inkoopfakture vir goedere op krediet gekoop in die inkoopboek. Doen die oorboeking na die krediteursgrootboek. Stel die krediteursskedule op.

Verkoopsklerk

Skryf die verkoopfakture vir goedere op krediet verkoop in die verkoopboek. Doen die oorboeking na die debiteursgrootboek. Stel die debiteursskedule op.

Kassier (kontantontvangstes en kontantbetalings)

Skryf alle kontant ontvang in die ontvangskasboek; en kontantbetalings in die betalingskasboek. Doen oorboeking na grootboek.

Rekenmeester en departementshoof

Doen openingsinskrywings en algemene joernaalinskrywings (diverse en regstellings van foute). Behartig oorboeking van joernaal na die grootboek. Boek totale van verskillende hulpboeke oor na die grootboek. Stel die proefbalans op. Oefen kontrole uit oor die werk in die rekeningseksie.

Die tafels word so gerangskik dat dit n kantoor versinnebeeld. Optelmasjiene en n boekhoumasjiene word voorsien, sodat die leerlinge desnoods die inskrywings op grootboekkaarte kan doen. Op elke tafel verskyn n naambord wat die betrekking wat beklee word aandui. In n redelik groot klaskamer kan kantore ingerig word vir verskeie firmas sodat al die leerlinge doelmatig beset word. Hierdie firmas doen met mekaar sake sodat die leerlinge n beter begrip kry van sake-betrekkinge.

Vir die suksesvolle toepassing van hierdie plan moet elke leerling presies weet wat sy taak is en hoe sy pligte

pligte inpas by die hele opset. Die onderwyser beplan gevolglik vooraf die hele skema op 'n muurkaart sodat die leerlinge 'n geheelbeeld kan verkry. 'n Volledige bespreking hiervan word gehou voordat elke leerling sy denkbeeldige betrekking gaan beklee. Aan elke leerling word 'n werkkaart voorsien waarin hy duidelike instruksies kry om na te volg. Wanneer omruiling in betrekking plaasvind, behoort die vorige bekleër van die pos die nuweling deeglik in te lig oor die pligte wat hy moet nakom (Boynton, 1970, pp.147-148).

Die sukses van dié plan hang hoofsaaklik af van die beplanning, kennis van die sakelewe en geesdrif van die onderwyser. Sy eerste taak is om die plan haarfyn in detail uit te werk sodat dit doelgerig opereer vanaf die eerste tot die laaste dag. Sy plan moet transaksies insluit wat 'n uitdaging rig aan al die leerlinge, die slimmes en die swakkeres. Sy plan moet buigbaar wees en gedurig onderwerp word aan objektiewe beoordeling sodat swak skakels uitgehaal en vervang kan word. Die klem in hierdie tipe onderrig val op individualisering en selfwerkzaamheid (Kauffman, 1971, p.51). Daarom is die taak van die rekeningkunde-onderwyser om aan elke leerling geleentheid te bied tot versinde ervaring, wat grens aan werklike ervaring, in al die verskillende vertakkinge van rekeningkundige werk. Klassikale onderrig en skryfbordwerk word tot die minimum beperk en meer aandag word gegee aan die diagnosering, analisering en remediëring van elke individuele leerhandeling. Hy geeselde onmiddellik die antwoord maar lei elke leerling om self die data te versamel, die probleem te ontleed, beginsels toe te pas en die probleem deur eie verstandelike inspanning op te los. Die groot voordeel van dié metode is dan ook dat die onderwyser (veral aan groter skole) sy leerlinge beter leer ken en 'n studie van elkeen se persoonlikheid en werkmetode kan maak. Sodoende kan hy beplan hoe om elke leerling die beste te kan help.

Die rekeningkunde-leerling is gewoonlik geesdriftig by
die aanpak

die aanpak van die plan. Indien dit lank genoeg toegepas word dat hy oefening kry in al die vertakkinge van die sillabus, maar nie so lank dat hy belangstelling verloor nie, het dit baie waarde vir die leerproses. Hy leer om self te dink en te konsentreer. Hy beleef sy werk omdat hy in diens is van 'n fiktiewe sakeonderneming en hy leer dat foute en verdragings in sy eie werk ook ander persoonlik raak. Die geleentheid wat dit vir werklike leersituasies en individuele aandag bied, maak dit vir die leerling die moeite werd (American Accounting Association, 1953, p.63; Vgl. Kauffman, 1971, p.51).

4.6 Die gebruik van die handboek

Die handboek is in rekeningkunde die belangrikste hulpmiddel en onontbeerlik vir leiding, oefeninge, tuiswerk en selfwerkzaamheid (Musselman, 1960, p.72). Die handboek vervul die funksie dat dit reëls, beginsels en prosedures voorsien wat die basis vorm vir rekeningkunde-onderrig. Nolan (1967) noem egter dat die handboek slegs waardevol is vir die onderrigsituasie, in soverre dit die verstandelike vermoëns en oordeel van die leerling positief stimuleer (p.274).

Die handboek kan 'n belangrike bydrae maak tot die toepassing van die beginsel van selfwerkzaamheid. Om in dié opsig van hulp te wees, sal dit egter aan bepaalde vereistes moet voldoen. Eerstens sal dit die kinderlike gees moet prikkel en uitnoui tot verdere verkenning (Duminy, 1972, p.76). Om dit te kan doen is die ideaal dat dit na verduideliking van nuwe leerstof, objektiewe veelvoudige-keusevrae bevat om die leerling minstens n 80 %-begrip van die leerstof te gee (Eksteen, s.j. p.40). Dit gee aan hom selfvertroue om die nuwe beginsels meer selfstandig toe te pas in probleemsituasies. Verder moet die handboek teorie en praktyk korreleer en integreer sodat dit vir die leerling aktueel is om te lees. Dokumente moet ook deurgaans beklemtoon word sodat leerlinge by die uitwerk van oefeninge, 'n duidelike begrip kan kry van die oorsprong van transaksies.

Coetzee

Coetzee (1960, p.248), wys daarop dat die handboek van die boekhouer in die praktyk, is die praktiese gebeurtenisse self soos aangeteken in die verskillende dokumente. Die mate waartoe die handboek in handelsformele rekeningkundige onderrig daarin slaag om die kunsmatige met die werklike te verbind, sal ook bepaal hoe suksesvol die handboek dien om die beginsel van selfaktiwiteit te implementeer. n Ander belangrike vereiste is die vertolking van rekenings en state. Eksteen (s.j. p.40) verklaar dat die vertolking van rekenings en state moet reeds vanaf sts. 6 en 7 deur die handboek uit elementêre transaksies logies stap vir stap uitgebou word. Goed ontwerpte rigtinggewende, prikkelende denkvrae, gebaseer op die leefwêreld van die kind, is hier noodsaaklik. Laastens kan die handboek slegs van waarde wees vir die toepassing van selfwerkzaamheid, indien dit wat sy taalgebruik betref binne die begripsvermoë van die gemiddelde leerling val (Duminy, 1972, p.76). Indien dit genoegsame duidelike illustrasies bevat om die geskrewe teks toe te lig, sal dit die leerling meer prikkel om self te lees.

Vervolgens word kortliks puntsgewys aandag gegee aan hoe die handboek gebruik kan word, om leerling-selfaktiwiteit te bevorder:

- i) Nadat algemene reëls en wetmatighede in die klas-kamer deur induksië en deduksië bepaal is, kan handboekoefeninge deur leerlinge gebruik word om hierdie reëls en beginsels te bevestig en vas te lê.
- ii) Die handboek kan gebruik word as uitgangspunt vir klasbesprekings. Na n kort inleiding oor n bepaalde onderwerp, word die leerlinge versoek om dit tuis intensief te gaan bestudeer. Leerlinge behoort voorsien te word van rigtinggewende vrae om hulle beter te laat konsentreer op die selfstudie-werk.
- iii) n Verdere moontlikheid sluit basies dieselfde prosedure in as onder die vorige punt genoem, behalwe dat die leerlinge van n bronnelys voorsien word om by handboekverduidelikings te gebruik. Dit laat nou meer geleentheid vir self-werksaamheid

werkzaamheid. Hierdie metode word aanbeveel vir slegs die meer skrande leerlinge in st. 7. Elke leerling stel 'n verslag op van sy bevindings wat dan nuttig in die klaskamer gebruik kan word.

Hierdie leerlinge loop ook gewoonlik oor van geesdrif om hulle klasmaat te laat deel in hul nuut-ontdekte kennis (Vgl. Duminy, 1972, p.75).

- iv) Die handboek is onmisbaar by die suksesvolle toepassing van individualisering. Daarsonder is dit haas onmoontlik om elke leerling tot eie self-inspanning te lei.
- v) Die handboek is 'n uiters waardevolle hulpmiddel by hersiening. Die leerlinge word verdeel in klaskomitees wat onder leiding van die onderwyser handleidings vir hersiening opstel. Hierdie handleiding bevat verteenwoordigende transaksies oor elke onderwerp in die sillabus. Dit maak hersiening voor eksamens meer produktief en gee 'n persoonlike betekenis daaraan.

Hierdie paar voorstelle dien slegs as 'n aanduiding van hoe die verbeeldingryke onderwyser vele aktiwiteitsmetodes kan organiseer waarin die handboek 'n sentrale plek inneem en wat die uitwerking sal hê dat rekeningkunde-onderrig meer vrugte sal afwerp. Verder is Boynton (1970, p.169) van mening dat die wyse waarop die onderwyser die handboek voorstel aan sy leerlinge, grootliks hulle houding teenoor die boek sal bepaal. Hy skryf: "He may make it a problem book containing the chores to be performed before they can 'get through' the course; or a Bible of bookkeeping - an ever-present help in time of trouble". Musselman (1960, p.72) stem hiermee saam. Volgens hom kan die leerlinge die handboek assosieer met verwarring, frustrasie en mislukking of dit bied aan hulle 'n heerlike bron van informasie en waardevolle referensie-materiaal. Hoe hulle dit self gaan gebruik, hang alles van hulle onderwyser af.

4.7 Oefenstelle

4.7.1 Inleiding

Oefenstelle waarin werklike dokumente van bestaande sake-
ondernemings

ondernemings met hul toestemming gebruik word, word in die VSA redelik algemeen op hoërskoolvlak vir hersiening, konsolidasie, versinde kantoorleersituasies en as metode tot selfaktiwiteit gebruik. Uitgewers van handboeke bied gewoonlik oefenstelle, wat betrekking het op die verskillende sillabusse, te koop aan.

Andruss (1943) omskryf n oefenstel as volg: "A practice set is a series of transactions pertaining to a particular business in which all of the steps of the bookkeeping cycle are involved" (p.192). n Oefenstel sluit dus in die stapsgewyse afhandeling van alle rekeningkundige werksaamhede, naamlik die voltooiing van dokumente, boekstaving van transaksies, vertolking van transaksies en die opstelling van finansiële state (Eksteen, s.j. p.45). Die aanvangstadium van oefenstelle mag varieer. Die volgende is moontlikhede: 1) Leerlinge word voorsien van reeds voltooide handelsdokumente, verskaf deur sakeondernemings of uitgewers van handboeke; 2) leerlinge werk vanaf blanko dokumente wat voltooi moet word; en 3) gewone geskrewe transaksies soos dit gewoonlik in handboeke verskyn, kan ook gebruik word (Boynton, 1970, p.176). Laasgenoemde lei tot n besparing van tyd in die voltooiing van die oefenstel, maar eersgenoemde twee besit groter motiveringskrag omdat die leerling werk met werklike of versinde brondokumente (Douglas, 1973, p.309). Oefenstelle varieer ook in lengte - sommige kan binne een week voltooi word, terwyl ander selfs n maand of langer in beslag kan neem.

Volgens Andruss (1943, p.192) mag n oefenstel eers gebruik word, nadat die leerlinge eers al die komponente van die rekeningkundige-siklus bemeester het. n Oefenstel kan dus nie aangewend word om nuwe beginsels by die leerlinge tuis te bring nie, maar is uitsluitlik n metode van hersiening (Harms en Stehr, 1957, p.357). Die doel daarvan is om die verskillende beginsels wat reeds bemeester is te integreer en die verbande daartussen, te laat begryp. Dit het dan ook alleen waarde vir die leerproses, indien dit oordeelkundig en redelik spaarsamig,

spaarsamig, nie meer as twee of drie keer per jaar, gebruik word nie (Boynton, 1970, p.178).

4.7.2 Voordele van n oefenstel

Oefenstelle hou verskeie voordele in wat vermeld moet word. Dit bied aan die leerling die geleentheid tot die integrasie van rekeningkundige beginsels en om die rekeningkundige kringloop in sy geheel te bestudeer (Andruss, 1943, p.191). Dit oorbrug die gaping tussen teorie en praktyk, veral as handelsdokumente gebruik word. Die suksesvolle gebruik daarvan ontwikkel selfvertroue by die leerling en stimuleer belangstelling. Dit ontwikkel ondernemingsgees, trotsheid op netjiese werk en n gevoel van tevredenheid by die suksesvolle voltooiing daarvan (Boynton, 1970, p.177). Laastens is n oefenstel n ideale metode van individualisering in die rekeningkunde-klas (Cox, 1953, p.326).

Indien die oefenstel reg gebruik word en die werk getrou gekontroleer word, kan dit die leerlinge help om foute te vermy. Navorsing het juis bewys dat waar leerlinge gehelp word om foute te vermy, hulle soveel beter gedoen het in toetse en eksamens (Le Roux, 1950, p.224).

4.7.3 Prosedure in verband met die gebruik van oefenstelle

Die eerste taak van die onderwyser wat oefenstelle gebruik is om self vooraf die oefenstel deur te werk om presies te weet hoe en waar om leiding aan leerlinge te gee. Dit sal hom in staat stel om daaglikse werkopdragte meer oordeelkundig te maak en vangplekke uit te wys vir ontleding en bespreking in die klas. Hy kan ook ekstra inskrywings invoeg, bedrae verander, ens., sodat die leerstof gedifferensieerd aangebied word (Andruss, 1943, p.194).

Indien die onderwyser handelsdokumente van n plaaslike sakeonderneming verkry, is n kort bespreking van die handelsaktiwiteite van die bepaalde onderneming nodig. Dit help die leerling om die verband tussen die behoeftes van die onderneming en die tipe boeke wat gehou word, in te sien.

te sien. n Bedryfsbesoek of die ontvangs van n verteenwoordiger van die bepaalde firma kan ook vir hierdie oriëntasie van die leerling gebruik word (Musselman, 1960, p.294).

Leerlinge moet geleer word hoe om die oefenstel doeltreffend te benut. Harms (1949, p.212) beveel aan dat die leerlinge as voorbereiding vir n oefenstel, n kort oefening deurwerk waarin hulle oefening ontvang in al die stappe van die rekeningkundige siklus. Hierna moet alle brondokumente en boeke van eerste inskrywing wat op die oefenstel betrekking het toegelig word, anders mag die leerlinge ontsenu raak omrede hulle onder die wanindruk mag verkeer dat hulle nou besig is met iets wat totaal vreemd is aan dit waaraan hulle gewoond is. Leerlinge moet ook aangemoedig word om hulle handboek te raadpleeg as moeilike transaksies teëgekomp word (Musselman, 1960, p.295).

Die aanvoorwerkzaamhede van die leerlinge moet deeglik gekontroleer word (Eksteen, s.j. p.45). Die onderwyser moet seker maak dat sy leerlinge die verskillende dokumente kan onderskei en korrek klassifiseer vir boekstaving (Vgl. Hfst. V, par. 4.5). Indien blanko dokumente gebruik word, sal nagegaan moet word of die gegewens daarop ingevul korrek is. Openingsinskrywings behoort ook spesiale aandag te geniet.

Dit is belangrik dat die werk vir elke dag afgebaken word. Dit sal verhoed dat sommige leerlinge agter raak by die res van die klas. Afbakening van die werk bevorder ook klasbesprekings en vergemaklik verduidelikings van moeilike transaksies (Tonne, 1957, p.241).

Gereelde evaluering van gedane werk is noodsaaklik want die oefenstel is nie n "toets-middel" nie, maar is n onderrighulpmiddel wat geleentheid bied tot heelkundige onderwys (Andruss, 1943, p.196). Evaluering behoort drie vorme aan te neem, naamlik: 1) Evalueringsvorme (check sheets) word ontwerp sodat die leerling tot n groot mate sy eie werk kan kontroleer; 2) die onderwyser sien

ser sien die werk persoonlik intensief na, en

3) n vraelys word aan die einde van die oefenstel aan die leerling voorsien vir beantwoording, sodat die onderwyser kan vasstel of die leerling n goeie begrip het van die beginsels en prosedures vervat in die oefenstel (Musselman, 1960, p.298).

Die evalueringvorm dien as n vorm van interne ouditering van elke voltooide onderafdeling van die werk. n Voorbeeld word gegee van n sodanige evalueringvorm wat deur die leerlinge voltooi moet word nadat die eerste opdrag, naamlik die opstel van hulpboeke, oorboeking na die grootboek en saldering van grootboekrekenings afgehandel is (Bridges, 1969, pp.22-24).

Evaluering van Oefenstel: Blake Handelaars

Naam, St., Datum

Vul hierdie vorm in na voltooiing van opdrag nr. 1.

1. Hoeveel inskrywings het jy in die algemene joernaal?

.....

2. Hoeveel inskrywings het jy in jou inkoopboek?

.....

3. Hoeveel inskrywings het jy in jou verkoopboek?

.....

4. Hoeveel inskrywings het jy in jou kasboek ten opsigte van:

Kontantverkope

Kontantinkope

Ontvangste van debiteure

Betalings aan krediteure

Ontvangste van bates verkoop

Betalings vir bates gekoop

Ontvangste van lopende inkomste

Betalings van nominale uitgawes

Deposito's in die bank?

5. Wat is die balans van die kasboek op 31 Maart 1976?

R.....

6. Noem

6. Noem die totaal in die kasboek van:
- | | |
|--------------------|---------|
| Korting Toegestaan | R |
| Korting Ontvang | R |
| Bank: debietkolom | R |
| Bank: kredietkolom | R |
7. Noem die totaal van die bedrae aan die einde van die maand in:
- | | |
|-----------------|---------|
| Die inkoopboek | R |
| Die verkoopboek | R |
8. Wat is die balanse van die volgende grootboekrekenings?
- | | | |
|--------------------------|--------------------------|---------------------------|
| <u>Algemene Afdeling</u> | <u>Debiteursafdeling</u> | <u>Krediteursafdeling</u> |
| Kapitaal R..... | R. Roux R..... | Champion Motors R..... |
| Onttrekkings R..... | S. Grove R..... | Roos en Kie R..... |
| Grond en geboue R..... | R. Beukes R..... | Ross Stores R..... |
| Toerusting R..... | M. Loots R..... | |

Nominale rekenings-afdeling

Inkope	Bankkoste R.....
Verkope	Korting Toegestaan
Salarisse	Korting Ontvang
Water en Ligte	Oninbare Skuld
Telefoon	Vraggeld
Huur Ontvang	Kommissie Ontvang
Rente Betaal	

Die eerste vier vrae bring aan die lig of die leerling al die handelsdokumente opgeskryf het in die verskillende hulpboeke. Vrae 5, 6 en 7 gee ook 'n aanduiding of hy die handelsdokumente in die korrekte hulpboeke opgeskryf het en of hy korrek afgesluit het. Vraag 8 sal aantoon of hy korrek oorgeboek het na die grootboek en of hy korrek saldeer het.

Hierdie evalueringsvorm, waarop die korrekte antwoorde deur die onderwyser aangebring is, kan op 'n skerm geprojekteer word. Leerlinge evalueer hulle eie werk of tree op as

op as ouditeure van mekaar se werk. Die leerlinge wie se werk korrek is pak die volgende opdrag aan, terwyl die onderwyser die evalueringsvorm van leerlinge wat foute gemaak het nagaan, om vas te stel waar hulp nodig is. Hierdie tipe van evaluering hou dus vir die leerling die voordeel in dat hy onmiddellik self sy foute kan vasstel, dit onmiddellik kan verbeter indien dit slegs meganies van aard is of dadelik om hulp kan gaan aanklop, indien dit 'n insigprobleem is (Bridges, 1969, p.24).

Dit is dus duidelik dat bostaande evalueringsvorm 'n nuttige hulpmiddel is om die nasienwerk van die onderwyser te bespoedig en om foute te identifiseer. Die volgende aspekte behoort egter ook noukeurige aandag te verdien wanneer die onderwyser die kontrolering doen (Andruss, 1943, p.201):

- i) Netheid en skrif
- ii) Gebruik van die liniaal.
- iii) Gebruik van 'n uitveër; oormekaar skrywery.
- iv) Korrekte datering (let veral op na jaartalle wat weggelaat word).
- v) Volledige folio-verwysings.
- vi) Gebruik van hulpboekopskrifte en rekening-titels.
- vii) Saldering van kasboek en grootboekrekenings.
- viii) Dit is gebruik dat foute wat in rekeningkundige boeke gemaak word nie deurgehaal word nie, maar deur middel van joernaalinskrywings reggestel word. Let op of die leerlinge dit gedoen het.
- ix) Stel vas waarom leerlinge handelsdokumente in verkeerde hulpboeke geskryf het.
- x) Stel vas waarom leerlinge na verkeerde kant van grootboekrekenings uit hulpboeke oorgeboek het.

Evaluering behels in die laaste instansie dat die onderwyser na voltooiing van die oefenstel sal toets of die leerling insig het in dit wat hy in die oefenstel gedoen het. Onderstaande vraelys kan na voltooiing van die oefenstel aan die leerlinge gegee word vir beantwoording en terugbesorging aan die onderwyser vir kontrolering (Harms en Stehr, 1963, p.362; Vgl. Musselman, 1960, p.299):

Oefenstel:

Oefenstel : Blake Handelaars

Voltooi onderstaande vraelys na afhandeling van die oefenstel.

	<u>Antwoord</u>	<u>Brondokument</u>
1. Van wie is die aankope op 8 Januarie gedoen?	R. Roux	Inkoopfaktuur
2. Hoeveel kontant is gedurende die maand ontvang?
3. Watter verkoopsman het vyf passasiersmotors verkoop op 12 Januarie?
4. Aan wie is tjek nr. 1061 uitgereik?
5. Waarvoor is R400 spandeer op 16 Januarie?
6. Hoeveel word geskuld aan Ross en Kie. op 17 Januarie?
7.		
8.		

Ten slotte: leer is doen. Nêrens, volgens Harms en Stehr (1963, p.333) kan daar in rekeningkunde makliker uitvoering gegee word aan hierdie waarheid as in die gebruikmaking van 'n oefenstel nie. Dit bied pragtige realistiese hersieningsmoontlikhede en die beoefening van leerling-selfaktiwiteit (Bridges, 1969, p.22). Die ywerige rekeningkunde-onderwyser sal sy eie oefenstel saamstel en sy leerlinge die geleentheid bied om die ervaring mee te maak wat hierdie besondere hulpmiddel bied. Die werklike leer wat ontstaan uit die soek na eie oplossings en opspoor van foute, vergoed vir die baie tyd wat dit soms in beslag neem (American Accounting Association, 1953, p.130).

4.8 Die begripsboek (plakboek)

Die didaktiese waarde van 'n begripsboek by die onderrig van rekeningkunde is daarin geleë dat dit gebruik kan word vir referensie-doeleindes, as studiegids en as hulpmiddel by hersiening. Dit het ook estetiese waarde want dit

want dit is die produk van die kind se eie oorspronklike denke en ondernemingsgees (Boynton, 1970, p.180).

Harms en Stehr (1963, p.461) waarsku egter dat die begripsboek nie gebruik mag word om leerlinge slegs net besig te hou nie, maar dit moet aangewend word om die leerlinge se selfstandige denke en oordeel te stimuleer. Dit bied pragtige moontlikhede om die leerervaringe van die kind te verryk en hom aktief te betrek by die onder-
rigprogram van die jaar.

n Begripsboek kan onder meer die volgende insluit: handelsdokumente; koerantuitknipsels; finansiële state; foto's of illustrasies van masjiene, prosedures; gedupliseerde aantekeninge wat dien as handleiding by die studie of hersiening van bepaalde onderwerpe; studiegids, opgestel deur die leerlinge onder leiding van die onderwyser, wat vrae bevat om die leerling se kennis van onderwerpe by hersiening te toets; en enige ander interessante leerstof. Eksteen (s.j.) beklemtoon dat die didaktiese moontlikhede van hierdie boek slegs ten volle benut kan word, indien die onderwyser besielende leiding gee oor hoe dit ten beste gebruik kan word (p.41).

5. Samevatting

Kennis, gesindhede en insigte wat n kind bekom deur eie inspanning het vir hom meer persoonlike waarde as dié wat hy passief ontvang het (Butler, 1954, p.54; Vgl. Yoakem, 1955, p.28). Hieruit is dit duidelik dat om deur selfaktiwiteit te leer, een van die allerbelangrikste grondbeginsels van goeie rekeningkunde-
onder-
rig is. Dit is onontbeerlik. Trouens, bedrewenheid in rekeningkundige vaardigheid is die resultaat van selfaktiwiteit (Vgl. par. 2). Alleen die leerling wat in geleentheid gestel word om self krities te dink, te redeneer, te analiseer en te sistematiseer, sal die maksimale voordeel uit sy opleiding put en kan die toekoms met groter selfvertroue tegemoetgaan.

Die onderwyser het egter n besondere rol om te vervul. Hy moet sy leerlinge prikkel, stimuleer of gaande maak deur sy

deur sy eie voorbeeld, woord, houding, lesmateriaal en metodes, sodat die kinderbelangstelling om self te doen en te ontdek opgewek word. Vind die leerling in die lesaanbieding van sy onderwyser kontakpunte met die werklikheid buite die klaskamer, is hy intrinsiek gemotiveer om selfaktief te wil wees. Die onderwyser moet gevolglik sy eie metodes voortdurend ondersoek en bedink hoe hy te werk behoort te gaan sodat sy leerlinge die leerstof persoonlik kan beleef. In die vorige hoofstuk (par. 4.2 - 4.12.2) is n aantal aanskouingsmiddele bespreek wat die rekeningkundeleerstof vir die leerling in die Junior Sekondêre Skoolfase sal laat "leef". Aansluitend hierby is in hierdie hoofstuk (par. 4.1 - 4.8) verskillende metodes en tegnieke aanbeveel om selfwerkzaamheid te bevorder. Al hierdie onderrighulpmiddele, metodes en tegnieke behoort prioriteit te geniet in die dag- en jaarplan van die onderwyser, sodat hierdie belangrike didaktiese beginsel in die rekeningkunde-klas tot sy reg sal kom. Tereg, lui die Chinese spreuk:

"I hear and I forget;
I see and I remember;
I do and I understand."

6. Toekomspektief

Volgens besluit van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad is die voorwaardes ingevolge waarvan Rekeningkunde Hoër Graad erken word as een van die drie Hoër Graadvakke vir vrystelling vanaf November 1976 soos volg gewysig:

"Rekeningkunde bly n vak in Groep F maar mag in die Hoër Graad vir vrystelling aangebied word sonder dat

1. dit in n Handelstudierigting ingesluit is
2. dit slegs saam met Ekonomie uit Groep E geneem mag word.

Die enigste beperking is dat n kandidaat Wiskunde ten minste op die Standaardgraad moet slaag vir die erkenning van Rekeningkunde, Hoër Graad." (O.V.S. Onderwysdepartement, 1976, p.1).

Hierdie

Hierdie besluit van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad gaan beslis 'n gunstige invloed uitoefen op rekeningkunde as keusevak op hoërskool. Nagraadse navorsing ten opsigte van die vakdidaktiek van rekeningkunde sal gevolglik onderneem moet word, indien die skool doeltreffend wil voorsien in die intellektuele behoeftes van die steeds groter aantal leerlinge wat hierdie vak in die toekoms gaan neem.

In hierdie verhandeling, in aansluiting by en ter ondersteuning van die baanbrekerswerk wat Malherbe (1973) gedoen het in verband met die implementering van die Praktiese studierigting handel, is ondersoek gedoen na die toepassing van drie didaktiese beginsels (beplanning, aanskouing, leerlingsselfaktiwiteit) by die onderrig van rekeningkunde, veral meer toegespits op die Junior Sekondêre Skoolfase. 'n Poging is aangewend om die gaping tussen die teorie en die praktyk te oorbrug. Die veld is egter nog nie gedek nie en dit word hier aanbeveel dat die oorblywende grondbeginsels, soos geformuleer in hoofstuk III, ook aan 'n wetenskaplike ondersoek onderwerp word.

7. Slotson

Rekeningkunde-onderrig in die Junior Sekondêre Skoolfase is 'n heerlike, dog uitdagende taak. Dit is in hierdie kursus waar die leerling permanente liefde vir rekeningkunde kan ontwikkel. Hier kan gesindhede gekweek word wat blywende belangstelling sal verseker. Insig in rekeningkundige en bestuursbeginsels kan verwerf word wat die leerling in staat sal stel om die moeilikste probleme vorentoe met vertroue aan te pak en op te los. Toekomstige sukses, geluk en satisfaksie word in hierdie twee jaar gewaarborg.

Die peil van rekeningkunde-onderrig mag nooit in ons skole daal nie, en daarom word die hoop hier gekoester dat elkeen wat met hierdie redelike dinamiese vak gemoeid is, deur introspeksie en voortgesette studie, sal poog om ons leerlinge beter toe te rus vir meer gevorderde rekeningkundige opleiding.

BIBLIOGRAFIE

- Aarts, Jos : Beknopt leerboek der Algemene Didactiek voor de 2e leerkring. Malmberg, 's Hertogenbosch, 1962.
- Alcorn, M.D. e.a. : Better teaching in secondary schools. New York, Holt, Rinehart and Winston, Inc., 1969.
- American Accounting Association : Accounting teachers' guide. Cincinnati, South-Western Publishing Co., 1953.
- Andruss, H.A. : Ways to teach bookkeeping and accounting. Cincinnati, South-Western Publishing Co., 1943.
- Bekker, J. en Van Dyk, J.H. : Godsdiensonderwys in die skool. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel (Edms.) Bpk., s.j.
- Bevelander, C. e.a. : Algemene Didactiek, deel V, eerste stuk. Groningen, J.B. Wolters, 1959.
- Bevelander, C. e.a. : Algemene Didactiek, deel V, tweede stuk. Groningen, J.B. Wolters, 1960.
- Borland, Helen B. : The business community as a business education workshop. The American Business Education Yearbook, Volume X. New York, The Eastern Business Teachers Association and The National Business Teachers Association, 1953.
- Boshoff, H. : Individualisering as didaktiese beginsel met spesiale verwysing na geïndividualiseerde boekhou-onderwys. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1967. (D.Ed.-proefskrif).
